# HUWELIK en GESIN
# In die Skrif

Ds.MJ Booyens

www.christelikemedia.org

INHOUDSOPGAWE

**Woord vooraf ........................................ 9**
**1. Man en vrou het Hy hulle geskape ........................................ 10**
Na beeld van God. ........................................ 10
Man en vrou het Hy hulle geskape ........................................ 11
**2. Die Here God bring die vrou na haar man ........................................ 11**
Geen hulp wat by hom pas. ........................................ 11
Nie goed dat mens alleen moet wees nie. ........................................ 12
Verlange na maat ........................................ 12
Een Liggaam ........................................ 12
Erfenis uit Paradys ........................................ 13
**3. Die man verlaat sy vader en moeder en kleef sy vrou aan ........................................ 13**
Eenheid ........................................ 13
Wonder van kinderseën ........................................ 13
Band met ouers ........................................ 14
Gevaarlike bande ........................................ 14
**4. Skaamtegevoel - skild van die Here ontvang ........................................ 14**
Die dood tree in ........................................ 15
Skaam vir mekaar ........................................ 15
God sien en soek hulle ........................................ 15
Rokke van vel ........................................ 16
Mense breek skaamtegevoel af ........................................ 16
Bewaar die skild van skaamtegevoel ........................................ 16
**5. Gemengde huwelike ........................................ 17**
Twee geslagte ........................................ 17
Gemengde huwelike ........................................ 17
Dra bose vrugte ........................................ 17
Moenie in dieselfde juk trek nie ........................................ 18
**6. Kind, eer jou vader ........................................ 18**
'n Dronk vader. ........................................ 18
Eer nogtans jou vader. ........................................ 19
Vaders moet hulle eerbiedwaardig gedra. ........................................ 19
**7. Verbond met ouers en kinders ........................................ 20**
Abraham en sy nageslag. ........................................ 20
Genadeverbond om Christus wil. ........................................ 20
Verbond ook met ons en ons kinders. ........................................ 21
En almal wat daar ver is. ........................................ 21
**8. 'n Bruid afgebid ........................................ 22**
Land van die belofte. ........................................ 22
Niemand wat by Isak pas nie. ........................................ 23
Gebed om 'n vrou vir Isak aan te wys ........................................ 23
Die Here hoor ........................................ 23
Isak ontmoet sy bruid ........................................ 23
Hy het haar liefgehad ........................................ 24
**9. Josef glo in God en hou sy jong lewe rein ........................................ 24**
Verbondskind as slaaf verkoop ........................................ 24
Gedra soos kind van God ........................................ 24
Lei my nie in versoeking nie. ........................................ 25
Anders omdat hy in God glo. ........................................ 25
Vlug vir die Bose. ........................................ 26

Versoeking word 'n beproewing. ........ 26
**10. Jógebed se kindjie was vir haar kosbaar en mooi ........ 26**
Geen toekoms - geen kinders ........ 26
Nee, my vrou! ........ 27
Hulle glo in God se beloftes ........ 27
Hy is mooi. ........ 27
Glo die Here waak oor hom ........ 28
Gawe uit die hand van die Here ........ 28
**11. "Die misdade van die vaders besoek aan die kinders ..." ........ 29**
Sonde is besmetlik. ........ 29
Sonde dra vrugte. ........ 29
Boosheid en bose gevolge ........ 29
Huil te laat ........ 30
**12. ". . . jy moet dit jou kinders inskerp . . ." ........ 30**
My kind is 'n kind van die Here ........ 30
Jy moet die Here jou God liefhê. ........ 31
Leer dit aan jou kinders ........ 31
Geen geleentheid mag verlore gaan nie ........ 32
Ja Here, ek beloof ........ 32
**13. ". . . maar ek en my huis, ons sal die Here dien" ........ 33**
Ek en my huis ........ 33
Volksleier is vader van sy volk ........ 33
Kies nou - moenie uitstel nie! ........ 34
Ek en my huis ........ 34
God eis rekenskap ........ 34
**14. Simson deur sy beminde verraai ........ 35**
'n Man met 'n geheim ........ 35
Leef as heilige ........ 35
Maak 'n grap van nasireërskap ........ 36
Delila verraai hom. ........ 36
Speletjie met sy geheim. ........ 37
Die sterk "swak" man. ........ 37
**15. Rut, die deugsame vrou ........ 37**
U God, is my God. ........ 38
Rut tel are op. ........ 38
Hy is 'n losser. ........ 38
Rut se eer beskerm deur Boas. ........ 38
Christus uit Rut se nageslag gebore. ........ 39
**16. Samuel deur sy moeder van God afgebid ........ 39**
Vrouenood by veelwywery. ........ 39
Vrouewraak. ........ 40
Sy bid en ween bitterlik. ........ 40
Die Here verhoor. ........ 41
**17. Eli, die swak vader met tuglose kinders ........ 41**
Ikabod! ........ 41
Waak oor eie huis. ........ 42
Sonde se bose vrugte ........ 42
'n Vader wat die roede spaar, het sy kind nie lief nie. ........ 43
**18. Dawid pleeg owerspel en moord ........ 43**
Volwasse mens ........ 43

Van nature geneig tot sonde. .......... 44
Sien en begeer.......... 44
Een sonde lei tot 'n ander.......... 45
Sonde dra vrugte.......... 45
**19. Huweliksliefde en Messiasflitse.......... 45**
Messias-koning.......... 46
Gee aan huwelik 'n dieper betekenis .......... 46
Beklee met ootmoed.......... 46
Huwelik 'n geheimenis .......... 47
**20. "As die Here die huis nie bou nie . . ." .......... 47**
Troffel en swaard... .......... 47
Tevergeefs bou ons... .......... 48
Die Here bou en Hy waak.......... 49
Ons kan nie - Hy alleen kan.......... 49
**21. Gelukkig is jy met jou wingerdstok en olyfboompies.......... 50**
Jou vrou 'n wingerdstok... .......... 50
Kinders soos olyfboompies. .......... 51
**22. "Verheug jou oor die vrou van jou jeug" .......... 52**
Liefde 'n lopende fontein... .......... 52
God gun dit aan ons... .......... 52
Werk daarvoor .......... 52
Soek nie jouself nie.......... 52
Uit liefde kinders ontvang .......... 53
Christen man-en-vrou kan waarlik liefhê. .......... 53
Verloor hulleself in mekaar. .......... 53
**23. Lippe soos heuningstroop is op die end bitter soos wilde-als.......... 53**
Ware liefde bly soet... .......... 53
Uit die duiwel. .......... 54
Heuningstroop. .......... 54
Bitter soos wilde-als. .......... 54
Die Here sien dit.......... 55
Gewond en vermink.......... 55
**24. Armoede en rus of rykdom en twis .......... 55**
Rykdom en offermaaltye. .......... 55
Twis in die huis.......... 56
Verloor die koninkryk van God... .......... 56
Armoede en huweliksvreugde. .......... 56
Liefde gee deurslag - nie besittings nie. .......... 56
**25. Jou liefde is kosteliker as wyn.......... 57**
Bruilofslied.......... 57
Liefkosings .......... 57
Kosteliker as wyn. .......... 57
Wees versigtig. .......... 58
Bewaar liggame rein vir huweliksdag .......... 58
Wees suinig met liefkosings... .......... 58
Leer mekaar geestelik ken. .......... 58
**26. Josef wou Maria nie tot skande maak nie.......... 59**
Ek is tot beskikking van die Here.......... 59
Verloofdes .......... 59
Josef se stryd.......... 60

Liefde en plig ... 60
Die Here gehoorsaam en die meisie se eer beskerm ... 60
**27. Jesus woon 'n bruilofsfees by ... 61**
Dit gaan om die heerlikheid van Jesus. ... 61
Joodse bruilof. ... 61
Bevestiging. ... 62
Bruilofsmaal ... 62
Boodskap van Joodse bruilof. ... 62
Die huwelik 'n heilige instelling van God. ... 62
Wees bly! ... 63
**28. Jesus se eerste wonderteken: op 'n bruilof! ... 63**
Nie toevallig nie ... 63
Verbond van die Here ... 64
Hoof van die Nuwe Verbond ... 64
Verbondsvader en moeder ... 65
Jy en jou huisgesin ... 65
Nie almal is werklik Israel nie ... 65
**29. Jesus gebruik die ses klipkanne ... 66**
Kanne by reiniging gebruik ... 66
Afwassing van sondes ... 66
Jesus lê sy hand op die klipkanne ... 66
Huwelik onder die kruis ... 67
Altyd bereid om te vergewe ... 67
**30. Jesus verskaf beter wyn as die bruidegom ... 68**
Die beste wyn ... 68
Fees dreig om te misluk ... 68
Vreugde van Bo af ... 69
Sy heerlikheid geopenbaar ... 69
**31. Sy leef met die sesde man saam ... 70**
Jesus soek verlorenes ... 70
Eie lewe opgemors ... 70
"Vrye liefde" ... 71
Saamlewe as man en vrou ... 71
Sondebesef ... 71
**32. Wie na 'n vrou kyk om haar te begeer ... 72**
Jesus ontbloot die heilige erns van die wet van God ... 72
Pleeg egbreuk in jou hart ... 72
Vroue self gee aanleiding ... 72
Waak oor hoe en waar jy kyk ... 73
**33. Die verloste "slegte" vrou ... 73**
'n Veragte vrou ... 73
"Die slegte vrou" is onrein ... 74
Wat dryf die vrou na Jesus? ... 74
Jou geloof het jou gered ... 75
**34. Johannes onthoof as gevolg van die huweliksontrou van Herodes ... 75**
U is die man! ... 75
Wyn en vroue ... 75
Johannes in die tronk ... 76
Sonde van die oog ... 76
Kap profeet se kop af ... 76

**35. 'n Moeder se nood ..... 77**
Moeder se nood is ellende van haar kind ..... 77
Jesus van Nasaret ..... 77
Jesus sê niks en doen niks ..... 78
Jesus antwoord negatief ..... 78
Laat haar verneder ..... 78
Groot is jou geloof ..... 79
Gelukkige kind ..... 79
**36. Jesus - die Fariseërs - die owerspelige vrou ..... 79**
Jesus van Nasaret, wat sê U? ..... 79
Wie gooi die eerste klip? ..... 80
Gewete geraak - gaan weg óf bly by Jesus ..... 80
Gaan, en sondig nie meer nie! ..... 81
Die pad van die lewe ..... 81
Dankie Here, maar ek bly wat ek is ..... 82
**37. Wat God saamgevoeg het mag geen mens skei nie ..... 82**
Fondament van die huwelik ..... 82
Liefdesvlam sterf ..... 83
Bekeer julle! ..... 83
Bitter gevolge ..... 84
Begin reg en hou so aan ..... 84
**38. Egskeiding en hertrou ..... 85**
"Iets skandeliks" ..... 85
Egskeiding nooit ter sprake ..... 85
Behalwe oor hoerery ..... 85
Van die begin af was dit nie so nie ..... 86
Wie kan weer trou? ..... 86
Nie onvergeeflike sonde nie ..... 87
**39. Aan moedershand na Jesus ..... 87**
Moeders met kindertjies ..... 87
Wat begryp kindertjies tog? ..... 88
Laat die kindertjies na My toe kom ..... 88
Hy lê sy hand op hulle ..... 88
**40. Jesus aan die kruis dink aan sy moeder ..... 89**
Kind van Maria ..... 89
Jesus skep afstand ..... 89
Swaard deur jou siel ..... 90
Hy dink aan haar ..... 90
Dink aan jou moeder ..... 90
**41. Jou liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees ..... 90**
Die vraag-sonder-antwoord ..... 91
Die Bybel doen minder en tog ook meer ..... 91
Wys ook weg van verlossing aan ..... 91
Alles is my geoorloof ..... 91
Mens sy eie afgod ..... 92
Gees van God beheers ons liggame ..... 92
Die Heilige Gees eis gehoorsaamheid ..... 92
**42. Paulus beantwoord vrae oor die huwelik ..... 93**
Dit is goed om ongetroud te bly ..... 93
Vermy onsedelikheid binne en buite die huwelik ..... 93

Egskeiding oor geloofsverskille ... 94
Bly na egskeiding ongetroud ... 94
Ouers en kinders binne die verbond ... 95
Vry om weer te trou ... 95
**43. "En die grootste hiervan is die liefde"! ... 95**
Christelike liefde en huweliksliefde ... 96
Liefde 'n gawe van God ... 96
Pas 1 Korinte 13 toe in jou huwelik ... 96
Die liefde vergaan nooit nie ... 96
**44. Die huwelik is 'n geheimenis ... 97**
Twee word een ... 97
Twee in een geweef ... 98
Onbegryplik vir ongelowige ... 98
Openbaring van geheimenis ... 98
Verbondsgeheimenis ... 98
**45. "Mans julle moet julle vrouens liefhê" ... 99**
Soos Christus ... 99
Hoof maar geen tiran nie ... 99
Jy leef en werk vir haar ... 100
Die Heilige Gees leef en werk in jou ... 100
Die geheimenis vir jou ... 101
**46. "Vrouens, wees aan julle mans onderdanig" ... 101**
Emansipasie ... 101
Geheimenis raak soek ... 101
Afvallig ... 101
Die oog op Christus en sy gemeente ... 102
Die gelukkige Christenvrou ... 102
Bewaar jou selfrespek as vrou ... 102
Ontdek skatte in jou huwelik ... 103
In alles wat reg en billik is ... 103
**47. Die "geheimenis" tussen ouers en kinders ... 103**
Geheimenis van ouerliefde ... 104
Sien jouself eers in regte lig voor God ... 104
Stel jouself onder tug van die Here ... 104
Kind sien homself as 'n groot mislukking ... 105
Opstandig of moedeloos ... 105
**48. Die vrou vind haar redding in moederskap ... 106**
Waarom moet die vrou onderdanig wees ... 106
Moeite en smart verander deur die geloof ... 106
Kindergeboorte word 'n seën ... 107
Moeder van 'n nuwe menslike geslag ... 107
**49. Die huwelik en gebedsverhoring ... 108**
Mede-erfgename ... 108
Erfgename van verbondsbelofte ... 109
Die Here saam dien en aanbid ... 109
Hoe is 'n ware gebed? ... 110
Julleself reg ken en gelowig bid ... 110
Leef so dat God julle gebede verhoor ... 110
Wanneer twee saamstem in die gebed ... 111
**50. Die "bruid" van die Antichris ... 111**

Eerlose saamlewe ........................................................................................... 111
Oorheers die nasies........................................................................................... 112
Verbind en haat mekaar........................................................................................... 112
**51. "Die bruilof van die Lam het aangebreek" .......................................................... 113**
Halleluja! ........................................................................................... 113
Volkome heerlikheid vir die bruid........................................................................... 113
Maak self haar bruidskleed........................................................................... 114
Geheim van Christus se Bruid........................................................................... 114

## Woord vooraf

In hierdie boek probeer ek met die leser gesels oor die huwelik en gesin soos ons dit in die Bybel teëkom - van die begin af.

Die Bybel bly die bron en grondslag van ons hele lewe. Daarom is dit nodig om in alles - ook die huwelik en gesin - eers te luister na wat die Bybel te sê het, voordat ons na allerlei ander stemme luister.

Dit gaan vir my ook om vermeerdering van Bybelkennis in die algemeen, daarom kan die boek ook diens doen vir persoonlike of groepbybelstudie oor hierdie onderwerp.

My diepste begeerte is dat ons vandag die stem van die Skrif duidelik mag hoor en begryp, en vanselfsprekend ook daarna lewe.

M. J. Booyens

Heilbron 1981

# 1. Man en vrou het Hy hulle geskape

> "En God het die mens geskape na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape" (Gen. 1:27).

***Na beeld van God.***

Die Bybel wil aan ons tuisbring, dat die mens anders as al die diere is. Hy is al anders by die skepping. God het toe Hy die mens maak anders te werk gegaan as by die diere.

Vooraf hoor ons 'n gesprek in die hemel:

> "En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen. 1:26).

Die mens moes die kroon van God se skepping wees. Hy is gemaak om 'n koning te wees - die koning van die hele skepping. Hy is gemaak om te heers oor al die diere en later word nog bygevoeg:

> "Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak" (Gen. 2:15).

Hy moes ook die tuin bewerk en daaroor waak. God het die mens nie gemaak om ledig te wees nie, maar om te werk. Sy taak en roeping is om te heers oor die skepping en om die aarde te bewerk. Daarmee sou hy God, sy Skepper dien.

Dat hy ook oor die skepping moes waak, is die bewys dat daar een of ander gevaar dreig - 'n gevaar van buite. Dit sou later wel blyk dat die gevaar die duiwel is.

Redelik, sedelik en godsdienstig.

Die mens moes toegerus wees vir die taak waartoe hy geskape is. Hy is nie 'n dier nie, maar die heerser oor die diere. Daarom gaan die Here selfs met sy skepping anders te werk as by die van die diere:

> "En die Here het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens 'n lewende siel geword" (2:7).

Die mens is nie alleen 'n stoflike wese nie, daar is ook iets van die hemel in hom gelê. Ons kan dit die ewigheid of die ewige lewe noem. Hy is onsterflik gemaak . . . Die betekenis hiervan word omskrywe met die vroeëre uitspraak:

> "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape."

"Die beeld van God" word normaalweg só omskrywe:

Die mens is geskape as 'n redelik, sedelik en godsdienstige wese.

Hy het 'n verstand om te kan dink en redeneer, praat en kommunikeer. Hy kon aan God dink en met Hom in verbinding tree. Hy het God geken met sy verstand en kon met Hom omgaan deur Hom te dien en aanbid. Hy kon begryp wat God van Hom verwag en sou onbevange die opdrag van God, om oor die skepping te heers, dit te bewerk en te bewaak, kon uitoefen. Hy is geskape om God lief te hê met sy hart en Hom te dien met sy hande.

Hy is ook geskape om medemense te hê en hulle te ken en lief te hê. Die omgang tussen mens

en mens sou vanself 'n liefdesomgang wees - 'n ware gemeenskap van die heiliges. Dit is in die volle sin van die woord, wat Jesus later van die gelowiges sê:

> "strome van lewende water sal uit sy binneste vloei" (Joh. 6).

Die stroom van liefde, wat uit die hemel na die mens vloei, sou ongehinderd deurvloei na elke ander mens.

***Man en vrou het Hy hulle geskape***

En as heerser oor die diere van die aarde was ook al drie die eienskappe in werking. Ons lees:

> "So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld." (2:20).

Met sy verstand het hy die diere se wese deurskou. Hy het hulle geken en deurgrond en paslike name gegee. Hy sou oor die diere nie as tiran en moordenaar heers nie, want in sy hart leef daar begrip en liefde vir sy Skepper en die Skepper van die diere. Ook die diere is die maaksel van God se hande.

Ten slotte het God nie alleen een mens gemaak nie:

> "man en vrou het Hy hulle geskape."

Dit word in Gen. 1 as 'n feit genoem en in Gen. 2 word in besonderhede verhaal, hoe God hulle as man en vrou geskape het. Ons het hier nie twee weersprekende skeppingsverhale nie, maar die een is 'n aanvulling van die ander. In ons tyd is dit mode om van twee "skeppings-mites" te praat, maar ons glo dat God daarmee ook 'n wyse doel gehad het. Hy wou duidelik laat uitkom dat die huwelik iets anders en iets meer is as die saamleef van twee mense soos diere. Daarom vertel die skrywer eers in Genesis 2 van die instelling van die huwelik.

## 2. Die Here God bring die vrou na haar man

> "En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens" (Gen. 2:22).

***Geen hulp wat by hom pas.***

Ons het nou uit Gen. 1 geleer dat God die mens anders as die diere geskape het. Die mens is geskape na die beeld van God - as 'n redelik, sedelik en godsdienstige wese. Daar lees ons alreeds:

> ". . . man en vrou het Hy hulle geskape" (1:27)

Om die wese van die huwelik te begryp moet ons egter meer weet. Daarom word in Gen. 2 meer aan ons vertel. Eerstens lees ons:

> "So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan al die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie" (2:20).

As redelike wese, wat die dinge kon begryp en deursien, kon die mens die diere beskou en aan hulle paslike name gee. Hy het ook gesien dat elke dier 'n maat het wat by hom pas. Hy het bemerk dat die diere gemaak is om saam te leef en hulle geslag voort te plant. Selfs in die wyse waarin die diere bymekaar bly, saamwei en saamloop, voel hy aan dat hy eensaam is. Hy is wel 'n volmaakte mens - selfs 'n wese wat die ewigheid in sy hart dra. Hy besef dat hy anders as die diere is en selfs met sy gawes oor hulle kon heers.

***Nie goed dat mens alleen moet wees nie.***

Tog is daar by hom 'n gemis. Daar was vir hom geen eiesoortige maat nie. Hy sou homself seker afgevra het waarom die Here vir hom nie ook 'n maat gemaak het nie - 'n hulp wat by hom pas.

Dit klink selfs vreemd in ons ore dat die Here hom so alleen geskape het. Waarom het Hy die mens "onvolledig" gemaak? Hy sou tog vooraf geweet het dat die mens eensaam sou voel en met die hunkering na 'n maat in sy hart lewe. Die Here sou gewis 'n bedoeling daarmee gehad het. Hyself het immers vir Adam so geskape dat hy nie "die gawe van onthouding" gehad het, soos Paulus nie. Hy het geen vrou gesien of gehad nie en tog was daar in sy hart die onbestemde verlange na iemand wat by hom pas.

Ons kan hieruit wel aflei dat die Here die behoefte na 'n maat of hulp wat by hom pas self in die mens se hart gelê het. Hy moes deur eie ervaring daartoe kom om die behoefte in hom te ontdek. En dat God dan in die behoefte voorsien, is ook 'n bewys dat dit in sy oë nie verkeerd is nie. Dat die mens eers alleen moes wees, was vir hom 'n opvoedingsproses. God wil dit so hê en hy wil hê dat die mens self sy behoefte aan 'n maat moet ontdek. Die mens moet ook weet dat hy in die opsig anders as die diere is. Mense mag nie soos diere saamleef nie.

***Verlange na maat***

Mens moet wag, wanneer die behoefte aan 'n maat ontwaak, totdat God aan hulle 'n maat voorsien. 'n Man - elke man - moet sy vrou uit die hand van God ontvang. Hy moet sy verlange of hunkering na 'n hulp wat by hom pas, in bedwang hou en koester totdat die Here die wonder van die liefde - en beantwoorde liefde - in sy en haar hart lê. En dan doen God 'n operasie aan Adam. Hy bring hom in 'n diepe slaap en neem een van sy ribbes en bou daaruit vir hom 'n vrou. God skep 'n nuwe mens en tog is dit nie 'n nuwe mens nie - dit is 'n deel van Adam. Dit is:

> "been van sy gebeentes en vlees van sy vlees."

Toe Adam vir Eva sien, en van God verneem hoe Hy haar gemaak het, sien hy in sy vrou 'n deel van homself. Hy vind homself as't ware terug in haar. Daarom kon Paulus later skryf:

So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hulle liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit" (Ef. 5:28, 29).

***Een Liggaam***

In die wyse waarop Eva uit die liggaam van Adam gemaak is, wil God aan ons iets wesenliks van die huwelik openbaar. Die eenheid tussen man en vrou is so innig dat hulle eintlik een mens word. En dit beteken nie alleen dat hulle deur geslagsomgang een geword het nie, maar as beeld van God saamgevoeg is tot een. Adam is nou eers volwaardige mens as redelik, sedelik en godsdienstige wese. Eintlik is Adam en Eva dit saam. Die een vul die ander aan en so is man en vrou saam die volledige mens.

Hier staan ons voor 'n onbegryplike misterie. Die geheim wat God in die kroon van sy skepping die mens - man en vrou - ingeweef het.

Nooit kan die mens soos diere leef en gelukkig wees nie. Die eenheid tussen man en vrou is veel hoër en dieper as die tussen die diere. Het die man die vrou wat die Here aan hom gegee het, wat by hom geestelik pas, dan kan hy en sy hulle lewe lank saam bly sonder om ooit moeg vir mekaar te word. So groei die band hegter en die verhouding word inniger en ryker hoe ouer jy word.

Die eenheid word steeds groter. Al versterf die geslagsomgang uiteindelik, het hulle nog die veel ryker skat dat hulle 'n hulp vir mekaar bly totdat die dood hulle skei. Hulle is immers geen diere nie, maar mense, geskape na die beeld van God.

### *Erfenis uit Paradys*

En as 'n mens daaraan dink dat die huwelik 'n erfenis uit die Paradys is, dan word jy stil van dankbaarheid. God is goed en genadig dat Hy hierdie instelling nie gekanselleer het toe die mens ongehoorsaam aan sy bevel was nie. Die duiwel en die sonde werp wel sy modder van wellus en verdierliking in die suiwere stroom van God. Gelukkig het Christus gekom en word die mens deur die Gees herskep tot die beeld van God. En gelowige mans en vroue beleef tot vandag toe iets van die Paradys op aarde in hulle huwelike.

God het aan Adam 'n vrou gegee - die beste vrou op aarde. Dit doen Hy nog steeds. Hy gee aan elke gelowige man of vrou die beste op aarde vir hom of haar - die man of vrou wat Hy self vir hulle uitgesoek het. Ja, meer nog, Hy het hulle in sy alwyse raad geskape en gevorm om een te kan wees. Soos Hy dit wil hê.

## 3. Die man verlaat sy vader en moeder en kleef sy vrou aan

> "Daarom sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (Gen. 2:24).

### *Eenheid*

Die eenheid tussen man en vrou is die innigste eenheid wat daar tussen mense op aarde kan bestaan. Hulle is een vlees of een liggaam. God het hulle so gemaak dat hulle waarlik een kon wees en mekaar so aanvul dat hulle in hul eenheid hulle menswees eers reg kan uitlewe. Die liggaamlike eenheid beteken ook geestelike eenheid - in alle opsigte is hulle een: in die liefde vir God en hulle diens aan Hom; in hulle liefde vir mekaar en hulle medemense; in hulle heerskappy oor die skepping en die bewaking daarvan teen die bose aanslae van die duiwel.

Oral en altyd tree hulle as die twee-eenheid op.

Daarom moes daar nog iets bygevoeg word by die instelling van die huwelik. Met die byvoeging moet ook 'n verlating plaasvind, naamlik die verlating van die ouers. Adam kon dit nie byvoeg nie, want hy het geen ouers gehad om te verlaat nie. Dit word ook nie gesê dat God self hieromtrent nou persoonlik aan die woord is nie. Ons kan dus wel aanneem dat Moses, die skrywer van die boek Genesis, nou kommentaar lewer met die oog op die lesers van sy tyd. Hy maak, na die instelling van die huwelik deur God self, 'n afleiding vir sy tyd en alle tye.

Die waarheid geld ook vir ons:

> "Daarom sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle twee sal een vlees wees."

### *Wonder van kinderseën*

Uit hulle liefdeseenheid ontvang man en vrou 'n ekstra gawe of toegif - die kinderseën. En dit is wonderlik om die nuwe liggaampie in jou hande te hou en aan jou hart te druk. "Dit is myne!" klink dit met innigheid en vreugde uit die hart en oor die lippe. Die wonder van ouerskap is iets wat 'n mens moet ondervind om enigsins te weet wat dit inhou.

Maar die kleinding groei op. Hy leer om te kruip en eindelik loop hy op waggelbeentjies. Hy begin met brabbeltaal en netnou gesels hy gesellig met pappie en mammie. En dan begin hy

al meer en meer los word van die sorg en afhanklikheid van sy ouers. Gelukkig is die pa wat hom nie 'n afhanklike kind wil hou nie. En geseënd is die ma wat haar kind nie aan haar rokspante vasknoop nie. Hulle moet opgroei en selfstandig word - sodat hulle hulself kan help. Hulle moet, dogters en seuns, gebalanseerde mense word, wat ook uiteindelik 'n hulp kan wees wat by iemand anders pas. So wil God dit immers hê.

***Band met ouers***

En nou is en bly dit maar 'n moeilike karwei vir vader en moeder om hulle seun of dogter los te laat. Hulle wil so graag vashou - die kinders wat uit hulle eie lende en liggaam kom. En dit kan ook maklik gebeur dat 'n man nog so vasgeknoop is aan vader of moeder, dat hy wel trou, maar in dieselfde of groter mate aan pa of ma vashou. Vanselfsprekend kan dit ook met die vrou gebeur dat sy haar nie kan losmaak van die bande met haar ouers en haar man aankleef nie.

Dit gaan nie hier om die liefdesband tussen ouers en kinders en kleinkinders nie. In die gelukkige en normale gesin is en bly dit 'n vreugdevolle band. Eerbied en liefde vir jou ouers, al is jy getroud, hou 'n ryke seën in. Liefde en sorg oor jou getroude kinders en jou kleinkinders is 'n vanselfsprekende eis vir elke Christen. Psalm 128, die lied oor die geluk van die man wat die Here vrees, hou ook dit in:

> "... gelukkig is jy . . ."
>
> "Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne in jou huis; jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel. en dat jy jou 'kleinkinders' mag aanskou."

Daar is ook 'n bepaalde saamlewe van ouers en getroude kinders met hulle gesinne, wat God welgevallig is. Dit dra veel by tot harmonie ook binne die getroude lewe van die kinders.

***Gevaarlike bande***

Maar daar is die een groot gevaar, wat Moses ken. En hy sê dit onder inspirasie van die Heilige Gees:

> "Daarom sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef."

Hier, in die intieme omgang en innige band tussen man en vrou, mag vader en moeder geen beletsel wees nie. Hulle mag nie indring in die verhouding tussen man en vrou nie, al geld dit hulle eie kind. Dit is soms 'n baie moeilike eis beide vir ouers en getroude kinders, veral omdat ons liefhet, maar ook omdat ons sondaars is. Bemoeisieke ouers het al baie huwelike verongeluk.

Maar ook die man of vrou wat te veel verkleefd is aan hulle ouers en onvolwasse kinders bly, moes ook al hulle tol betaal - tot eie skande en skade. God het geweet - al lank voordat sielkundiges en huweliksvoorligters dit uitgevind het.

## 4. Skaamtegevoel - skild van die Here ontvang

> "Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is." (Gen. 3:7).

In die Paradys het man en vrou nie klere gedra nie:

> "En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie." (2:25).

### *Die dood tree in*

Maar dan kom die duiwel op die toneel. Hy wek by Eva die begeerte na die verbode vrug. Daarvan het God gesê:

> "die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" (2:17).

Op aanstigting van die duiwel kyk Eva na die vrugte - begeer dit en eet daarvan. En sy verlei haar man ook en hy eet. Die verkeerde begeerte is alreeds sonde en dit lei dan gewoonlik tot die sondedaad: ongehoorsaamheid aan God.

En dan tree die dood in.

Hulle val nie liggaamlik dood neer nie - dit sou eers later plaasvind. Hulle sterwe egter geestelik - die band met die lewende God is gebreek. Hulle is dood in die misdade en die sondes (Ef. 2:1).

### *Skaam vir mekaar*

En nou is dit opmerklik dat die eerste gevolg van hulle ongehoorsaamheid aan God skaamtegevoel is.

Hulle kyk na mekaar in skrik en skaamte - te laat!

Hulle kan mekaar se naakte liggame nie meer aankyk nie. Hulle wil vir mekaar wegkruip.

Ag, voor die sondeval het hulle dit nie eens agtergekom nie. In hulle sondelose bestaan was hulle hele verskyning alleen eerbaar en was daar niks wat skuldgevoel of skaamte by hulle gewek het nie.

Maar nou kan hulle nie na mekaar kyk nie en die een kan nie verdra dat die ander een hom of haar so sien nie. Hulle begin om haastig vir hulleself skorte van vyeblare te maak om die oë van die ander weg te hou van hulle liggame af.

Dit was alreeds 'n bewys dat God hulle nog nie volkome losgelaat het nie. Skuldbesef en skaamtegevoel is genade van bo. Hulle was selfs so skaam dat hulle tussen die bome van die tuin vir God probeer wegkruip.

### *God sien en soek hulle*

En nou gebeur daar iets wonderliks. Die Here God kom maar soos gewoonlik om hulle op te soek. Die alwetende God weet wat hulle gedoen het en Hy weet ook waar hulle wegkruip:

> "Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig"
> (Ps. 139:7).

Hulle Skepper en Vader kom na hulle toe. Hy maak selfs asof Hy nie weet waar hulle is nie en roep tot Adam:

> "Waar is jy?"

En dan kom die sondebelydenis uit Adam se mond:

> "Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom
> het ek my verberg."

En dan begin die ondervraging van God en die verontskuldigings van Adam en Eva. Adam beskuldig Eva en Eva die slang. En God se oordeel volg - want Hy kan nie anders nie. Hy doen wat Hy gesê het. Die dood het in die wêreld gekom en die suiwer huwelikstroom is voortaan vol modder en onreinheid. Die vrou het voortaan te doene met pyn en smart by die geboorte van kinders en vyandskap en haat tussen mens en mens sal uit haar liggaam

voortkom. En hoe sal sy nie verlang na die liefde van haar man nie en hy sal oor haar heers met hardheid en hartstog. En Adam sal sweet en swoeg om te bestaan, want die vloek van God hang soos 'n koue doodskleed oor die aarde.

Huweliksellende en sorge oor kinders wag nou op die pad van die mensepaar.

***Rokke van vel***

Maar die regverdige God bly ook genadig.

Nou al klink daar 'n belofte deur die dreiging heen . . .

Uit die saad of nageslag van Eva sal eenmaal Iemand kom, wat die kop van die slang, die duiwel, sou vermorsel. So open God 'n vergesig na die kruis.

En dan doen Hy ook iets om Adam en Eva teen mekaar en vir hulleself te beskerm:

> "En die Here God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek."

En hiermee maak God hulle skaamtegevoel tot 'n skild teen die begeerlike oog en krenkende daad. Hy klee hulle behoorlik - beter as met vyeblare - en maak hulle liggame vir mekaar toe.

Die mens is in die waardigheid van sy natuur aangetas deur die sonde. Jy kan nie na 'n naakte mens kyk sonder 'n besef van skaamte nie. Jy kan na enige dier kyk sonder om enigsins skaam te wees. Dit pla jou nie. Maar die mens, na die beeld van God geskape, het sy reinheid en gaafheid verloor. En hy besef dit - hy veroordeel homself deur sy skaamte.

***Mense breek skaamtegevoel af***

En so sal dit bly solank ons in hierdie gebroke wêreld leef. Waar die skaamtegevoel afgebreek word deur naak of halfnaak in die openbaar te verskyn, is mense besig om die genade van God te weerstaan. Naaktheid word in ons tyd aangewend om ons gewoond te maak aan begerige blikke en ontugtige harte. Nie alleen die halfnaaktes of naaktes self sink steeds dieper in die modder nie, maar hulle word op groot skaal struikelblokke vir andere.

Ons mense is sogenaamd "mondig" en "volwasse", maar hulle vergeet dat ons almal van nature geneig is tot die verkeerde. "Volwasse" mense kan maklik ontaard en deur dierlike drifte die afgronde instort.

God ken ons sondige natuur en hy het aan ons 'n magtige skild gegee in die skaamtegevoel. Daarin waak hy ook oor die heilige huwelik. Sy oog gaan in genade oor seuns en dogters, mans en vroue - om hulle te behou.

***Bewaar die skild van skaamtegevoel***

Gelukkig is elkeen wat beklee is met Jesus Christus (ons kleed van geregtigheid) wat ons skande en naaktheid voor die heilige oë van God bedek.

Gelukkig is elkeen wat in die openbaar so verskyn dat ons met vrymoedigheid mag sê: "Daar loop 'n menseliggaam wat 'n tempel van die Heilige Gees is."

Hierdie skild wat die Here ons gegee het, word ook op 'n groot skaal afgebreek deur welmenende geleerdes en halfgeleerdes met die sogenaamde "geslagsvoorligting" aan kinders en jongmense. Meisies en seuns word meer as ontklee deur woorde. Skaamte word weggeblaas deur die geslagsdade te beskryf en "seks" op dieselfde vlak as eet en drink te plaas. Dan sou die Here dit nie nodig gevind het om mense se naaktheid te bedek nie. Hier betaam dit 'n Christen om heilige skugterheid te beoefen.

Ouers en voorligters speel nie alleen met vuur nie. Ons pluk alreeds die wrange vrugte

daarvan in soveel huwelike waar geslagsomgang die alfa en omega geword het. Ouers kan geen beter geslagsvoorligting aan hulle kinders gee nie, as om mekaar lief te hê en dit uit te leef voor hulle kinders.

## 5. Gemengde huwelike

> "Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het" (Gen. 6:1,2).

### *Twee geslagte*

Die geslag van Adam het op die aarde begin vermeerder. Hulle het hoofsaaklik bestaan uit twee groepe mense.

Kaïn, die broer-moordenaar het weggetrek na die land Nod. Waar dit was, weet ons nie. Sy nageslag het verloop tot bygelowe en uitspattende sondes. Dit het ons alreeds kon sien uit die geskiedenis van Lameg met sy twee vroue.

Aan die ander kant het die geslag van Set die Here gedien. Ons lees na die vlug van Kaïn:

> "En ook vir Set is 'n seun gebore, wat hy Enos genoem het. Toe het hulle die Naam van die Here begin aanroep" (4:26).

Uit die geslag was ook Henog van wie vertel word:

> "En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem" (5:24).

Ook Noag was uit hierdie geslag.

Hulle is die "seuns van God" genoem, soos ons sou praat van "kinders van God." Die mense het die geloof in die ware God behou en daarvolgens gelewe. Hulle is uit genade aangeneem tot kinders van God, hoewel hulle ook sondaars was.

### *Gemengde huwelike*

Toe die getal mense op aarde aangroei, het die twee groepe steeds nader aan mekaar beweeg. Waar die seuns uit die geslag van Set vroeër tevrede was om met meisies volgens hulle eie godsdienstige oortuiging te trou, het hulle nou die mooi dogters van die goddelose nakomelinge van Kaïn begin raaksien - en begeer. Ons sou sê dat hul op die skoonhede verlief geraak het en met hulle begin trou het. So vermeng die geslagte as gevolg van die gemengde huwelike.

Hierdie gemengde huwelike het tot gevolg dat die mense toe pragkinders kry:

> "In die dae was daar die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en die vir hulle kinders gebaar het" (6:4).

Hulle word selfs "die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam", genoem.

### *Dra bose vrugte*

Maar, helaas, lees ons dan net daarna:

> "Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg

> was, het dit die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart" (6:5, 6).

Die gevolg van die "gemengde huwelike" tussen die kinders van God en die ander mense, was in een woord: verskriklik. Die boosheid het na alle kante uitgebreek. Die mense het net maar slegte dinge versin. Dit moes vreeslik daaraan toegegaan het. So erg was dit dat die Here "berou het" dat Hy die mens gemaak het en daar was "smart" in sy hart. Hier word aan die Here mensvormige emosies toegeskryf sodat ons iets kan begryp van die verskriklike ding wat Hy hierop gedoen het. Hy het naamlik die mensdom van die aarde uitgewis deur die sondvloed.

Gemengde huwelike, tussen sy kinders en ongelowige of heidene is 'n gruwel in die oë van die Here. "Kind van God", soek vir jou 'n hulp wat by jou pas. Moenie jou huwelik beskou as 'n verbeteringskool vir jou huweliksmaat nie. Daarvoor is die huwelik nie bedoel nie.

***Moenie in dieselfde juk trek nie***

Die Here keur dit nie goed nie en jy kan nie verwag dat sy seën op so 'n verbintenis rus nie:

> "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie" (2 Kor. 6:14).

Daarom ook dra dit wrange vrugte in die huwelik. Die man of vrou wat glo, moet altyd bereid wees om teen die wil van die ander party in te gaan, indien so iemand nie self ook verval tot onverskilligheid nie. In die belangrikste lewensbeginsel stem hulle nie saam nie. Indien een getrou bly, is dit 'n bitter en eensame stryd.

En daar word kindertjies gebore en hoe groei hulle op in 'n verdeelde huis? So maklik gaan hulle die verkeerde pad op, want pa of ma doen dit tog.

Daarom: kyk en bid en wag op die Here. Hy alleen weet wie die beste by jou pas. Daar is geen volmaakte mens op aarde nie. Daar is egter mense wat erns maak met God en sy diens en andere wat onverskillig daarteenoor staan. Moenie alleen op die uiterlike let nie. Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom en Hy voer dit uit.

Kan jy saam met jou vriend of vriendin die kerk besoek?

Bid julle saam en stem julle saam oor julle verhouding tot die Here?

Is dit vir julle albei die goeie deel in die lewe om die Here en sy Woord te ken en uit te leef?

Hierdie vrae is van baie groter belang as uitwendige aantreklikheid. En leer mekaar tog eers goed ken voordat julle trou.

# 6. Kind, eer jou vader

> "En Gam, die vader van Kanaän, het sy vader se naaktheid gesien en dit aan sy twee broers daarbuite te kenne gegee" (Gen. 9:22).

***'n Dronk vader.***

Noag was 'n regverdige opregte man tussen sy tydgenote. Hy het die opdrag van die Here ontvang om die ark te bou. Eindelik is die hele mensdom deur die sondvloed uitgewis, behalwe Noag en sy gesin. Toe hulle die ark verlaat, het Noag as landbouer 'n wingerd geplant en wyn gemaak. Op 'n dag het hy te veel wyn gedrink en dronk geword. In sy dronkenskap lê hy toe naak in sy tent - sy roes en uitslaap.

Sy seun Gam loer by die tent in en sien sy pa in sy naaktheid en dronkenskap. Hy gaan vertel

dit oor aan sy broers, Sem en Jafet. Dit was waarskynlik vir hom 'n groot grap en hy het bepaald met sy pa gespot.

Dat Noag hom so te buite gegaan het, kan ons nie goedpraat nie. Dronkenskap word in die Bybel aan ons as 'n sonde voorgehou: dit word saam met hoerery, afgodery, moord ens., genoem as een van die vrugte van die vlees (Gal. 5:20, 21). Dit is ongelukkig waar dat baie kinders hulleself dikwels vir hulle pa moet skaam en hulle ma bejammer, wanneer drank hul pa se baas word. Ag, hoeveel kindertjies vrees nie die tuiskoms van pa nie?

***Eer nogtans jou vader.***

En tog eis die Skrif:

> "Eer jou vader en jou moeder . . ."

En ons Kategismus sê by die verklaring van die vyfde gebod:

> ". . .dat ek ook met hulle swakhede en gebreke geduld moet hê, aangesien dit God behaag om ons deur hulle hand te regeer."

Ouers moet hulle altyd so gedra dat hulle voorbeelde vir hulle kinders kan wees. Kinders mag egter nooit hulle ouers verag of met hulle spot nie. Ook met hulle swakhede en gebreke moet hulle geduld hê. Dit was Gam se sonde. Sy pa se sonde word nie goedgepraat nie, maar hyself het vergeet om sy vader te eer, selfs in sy swakheid. Daarop word iets wat baie mooi is aan ons vertel:

> "Toe neem Sem en Jafet die bokleed en hou dit op hulle skouers terwyl hulle agteruit loop, en hulle het die naaktheid van hulle vader bedek: hulle gesig was agtertoe gedraai, sodat hulle die naaktheid van hulle vader nie gesien het nie" (9:23).

Hier ontvang Noag van sy kinders wat hy op daardie tydstip waarlik nie verdien het nie. Hulle hele optrede openbaar skugterheid en groot eerbied vir hulle pa. Hulle sorg dat hulle hom nie aankyk nie en gooi sy bokleed oor sy naakte liggaam. Ja, in die Bybelse tyd was naaktheid 'n groot skande en vernedering. So betoon die manne eerbied en beskerm hulle pa teen die vernedering van sy eie dwaasheid.

***Vaders moet hulle eerbiedwaardig gedra.***

Vroeg en laat word aan ons vertel dat ouers vir hulle kinders maats moet wees. Vanselfsprekend moet daar vertroue en begrip tussen kinders en hulle ouers wees. 'n Ouer moet ook met sy kind kan speel en saam met hom vrolik wees. Hy moet 'n opregte deelgenoot wees in die kind se vreugde en verdriet. Hy moet hom kan opvang wanneer smart en eensaamheid van hom besit neem.

'n Kind mag nooit voel dat sy ouer hom in die steek laat nie. Hy mag nooit met enige las of vraag aan homself oorgelaat word nie.

Maar ook die kameraadskap het perke. Ons mense praat in ons tyd van 'n "gesagskrisis" of 'n "kommunikasie-krisis" tussen oud en jonk. Die "krisis" het sy oorsprong in die eerste plek binne die huis in die verhouding tussen ouers en kinders. Waar ouers hulle sô gedra dat kinders se eerbied verdwyn, is die krisis klaar aanwesig.

Dit is nou eenmaal so dat beide ouers en kinders sondaars is. Noag het gestruikel, maar hy was sy lewe lank tog 'n voorbeeld van godsvrug en opregtheid vir sy kinders. Daarom het Gam alle rede gehad om nog sy eerbied vir sy pa te behou, toe hy hom die een keer te buite gegaan het. Ook Sem en Jafet sou hulle seker vir hulle pa geskaam het, maar hulle eerbied het hulle verhinder om met hom te spot.

Die "gesagskrisis" se oorsprong lê nie alleen by die ouers of die ou geslag nie. Ook die jongeres moet die hand in eie boesem steek. Glo ons, beide ouers en kinders, in Christus wat vir ons sondeskuld betaal het, dan sal daar gewis in ons huise en samelewing geen gesagskrisis wees nie. Ouers sou in Christus leef en kinders sou met hulle swakhede en gebreke geduld hê.

# 7. Verbond met ouers en kinders

> "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17:7).

***Abraham en sy nageslag.***

God het met Abraham, die vader van die gelowiges, 'n verbond gesluit. Dit is nie alleen 'n verbond met Abraham as persoon nie. Nee, sy vrou en kinders is daarby ingesluit, en sy kleinkinders selfs tot in sy verre nageslag.

'n Verbond is volgens ons spraakgebruik 'n "ooreenkoms":

"Ek" sal "dit" doen indien jy "dat" doen as "teenprestasie."

So is God se verbond nie.

Hy neem eerstens die inisiatief.

Hy doen dit van sy kant. Daarom het Hy Abraham geroep.

En Hy het selfs aan Abraham die geloof gegee om op sy roepstem te antwoord.

Hy verbind Hom uit loutere genade aan Abraham en aan sy nageslag, wat nog nie eens van Hom weet nie.

Om met Hom in verbond te tree, verwag Hy geen teenprestasie van enige mens nie.

Wie van ons wat in die verbond uit gelowige ouers gebore is, het enigsins daartoe bygedra?

Ek verwonder my altyd daaroor dat ek so bevoorreg is om uit ouers gebore te kon word wat in God geglo het.

Waarlik, dit is alleen sy beskikking en sy genade dat dit my voorreg mag wees!

***Genadeverbond om Christus wil.***

Ja, Hy verbind Hom nie aan ons en ons nageslag omdat ons iets gedoen het van ons kant wat Hy verplig is om te vergoed nie. Genade beteken dat jy alles ontvang, sonder dat jy iets daarvan verdien het. Dit het Hy gedoen omdat Hy van sy Kneg, ons Here Jesus Christus kon sê.

> "Ek . . . gee U as 'n verbond van die volk" (Jes. 42:6).

Hy is ons Verbondshoof, ons ewige Koning, wat van ons kant die verbondsvoorwaardes vervul het toe Hy vir ons sondeskuld betaal het.

Abraham, Isak en Jakob en hulle nageslag het, voordat Jesus Christus mens geword het, vooruit gesien na sy koms. Hy was ook hulle Koning wat sou kom om te betaal, sodat ook hulle in die vredeverbond met God kon deel. En vir ons is Hy ons Verbondshoof, ons Koning, wat klaar betaal het.

Die verbond is met Abraham en sy nageslag en met ons en ons nageslag. Elke kind wat in die

verbond gebore word het aanspraak op die belofte:

> "om vir jou 'n God te wees."

Daarom ontvang hy ook die verbondsteken.

Vir Abraham en sy nageslag was dit die besnydenis, 'n bloedige teken wat profeteer van die soenbloed van Jesus Christus.

Toe Christus eindelik kom en sy bloed stort as 'n versoening vir ons sondes, is die bloed van die besnydenis vervul.

Daarom verval ook alle offers en die Paasfees met sy paaslam wat geslag is, om die volk Israel in Egipte te beskerm teen die doodsengel.

Geen offers is meer nodig nie:

> "Want nou het Hy eenmaal... verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen" (Hebr. 9:26).

***Verbond ook met ons en ons kinders.***

Kom ons bekyk twee uitsprake uit die Skrif naas mekaar om te sien hoe dieselfde genade van die verbond, net soos hy Abraham, ook aan ons en ons kinders toekom:

> "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou . . ." (Gen. 17:7).

Dit sê die Here aan Abraham.

Later met Pinkster sê Petrus aan die Jode in Jerusalem:

> "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang . . ."(Hand. 2:38).

Wat beteken dit anders as die woorde aan Abraham:

> "Ek sal vir jou 'n God wees . . ." (Gen. 17:7)?

En soos die Here vir Abraham byvoeg: ". . . en vir jou nageslag na jou"

voeg Petrus hierby:

> "Want die belofte kom julle toe en julle kinders." (Hand. 2:39).

Petrus het duidelik Gen. 17:7 in gedagte wanneer hy hierdie uitspraak maak. Hyself is 'n verbondskind en hy ken die verbondsgedagte wat by die Israeliete lewe. Vir hulle beteken genade - die genade dat God hulle God wil wees - niks anders as dat dit ook op hulle kinders, hulle nageslag, van toepassing is nie.

Wanneer Petrus sê:

> "Die belofte kom julle toe en julle kinders"

kan ons dit maar presies sê soos dit in Gen. 17:7 staan:

> "Die belofte kom toe aan julle en julle nageslag."

***En almal wat daar ver is.***

Al verskil by Abraham en Petrus is dat Petrus iets byvoeg:

> "... en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal

roep" (Hand. 2:39).

Die verbond met sy beloftes word ook uitgebrei na "almal wat daar ver is." Dit wil nie sê dat hulle in verre lande hoef te woon nie - dit ook wel. Die groot saak is egter dat hulle ver van God af is. Hulle moet ook in die verbond ingetrek word. Daarmee word bevestig wat Jesaja onder andere sê:

> "Ek, die Here, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond vir die volk, as 'n lig van die nasies" (Jes. 42:6).

Mooi is die huwelik wat deur God ingestel is.

Ryk is dit om skatte van God te ontvang in die kindertjies wat Hy ons gee.

Maar Hy maak dit nog ryker deur sy genadeverbond met ouers en kinders - tot in die verre nageslagte.

Wees bly wanneer 'n kindjie vir u gebore word. Maar wees ook baie dankbaar teenoor die Vader van die ligte van wie neerdaal alle goeie gawes en volmaakte gifte.

Hy het aan u 'n kindjie gegee wat ook aan Hom behoort.

Hy is in die verbond gebore en u is verantwoordelik vir hierdie "kind van God".

Ons weet alte goed dat sommige uit die verbond uitval. Ons weet dat menige gedoopte kind uiteindelik die bloed van die verbond vertrap en die genade van God verag.

Dit maak juis ons verantwoordelikheid des te groter om te waak en te bid.

Indien ons ontrou is, sal God hulle van ons hand eis.

Aan die ander kant is daar vir 'n gelowige ouer geen groter vreugde nie as om te weet:

"My kind is ook 'n kind van die Here." En, om dit in jou kind se lewe te sien.

# 8. 'n Bruid afgebid

> "Here, God van Abraham, my heer, laat ek haar tog vandag ontmoet, en bewys guns aan Abraham, my heer" (Gen.24:12).

***Land van die belofte.***

Abraham woon as vreemdeling in tente in die beloofde land, Kanaän.

Eintlik woon hy tussen vyandige mense en daarby heidene wat die Here nie ken of dien nie.

En Abraham het 'n ongetroude seun, Isak. Hy was baie lief vir Isak. Dit is ook te begrype, want hy was nie alleen sy kind nie, maar hy was ook die kind wat in sy ouderdom gebore is op die belofte van die Here. Die belofte is vervul aan sy vrou Sara toe alle menslike verwagtinge alreeds gesterf het - in haar ouderdom.

Isak was 'n besondere kind aan wie die ryke beloftes van God verbind was. Die belofte aan Abraham het oorgegaan op Isak:

> "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen.17:7).

'n Verbondskind is altyd kosbaar vir 'n verbondsouer. Hy is gedoop en dra die verbondsteken, waarby sy ouers ook 'n belofte afgelê het dat hulle hom sal opvoed in die vrees van die Here.

En Abraham het dit gedoen . . .

### *Niemand wat by Isak pas nie.*

En toe die seun Isak grootword en selfs die hubare leeftyd bereik en verbygroei; had Abraham ook groot sorge oor die geliefde kind van hom. Daar is baie jong meisies in Kanaän, maar almal is heidene. Hulle dien die afgode met alles wat daaraan verbonde is, ook die afgodiese onsedelikheid. En so 'n vrou sou nie by Isak pas nie.

Ook Isak self sou hieroor stryd gehad het. Of hy aan trou gedink het, word nie aan ons vertel nie. Hy was egter nie meer so jonk nie - so om en by veertig jaar - en nog steeds ongetroud. Sou ook hy besorg gewees het oor die dogters van Kanaän? Die Godvresende jongman sien dus niemand wat as hulp by hom sou pas nie.

Eindelik laat roep Abraham sy mees betroubare kneg; ook 'n man wat die Here vrees. Hy gee aan hom die opdrag om vir Isak 'n vrou by sy familie in Haran te gaan haal. Hy laat hom selfs daartoe 'n eed neem. Alleen indien hy na Haran reis en geen meisie vind wat saam met hom na Kanaän wou kom nie, sou hy van sy eed onthef wees. Isak mog egter nie weggaan uit Kanaän nie - dit is die beloofde land.

### *Gebed om 'n vrou vir Isak aan te wys*

So kom Abraham se dienskneg met sy karavaan by Haran aan. Hy laat die kamele neerkniel buite Haran by 'n put en dan bid hy:

> "Here, God van Abraham, my heer, laat ek haar tog vandag ontmoet, en bewys guns aan Abraham, my heer. Hier staan ek by die fontein, terwyl die dogters van die manne van die stad uitkom om water te skep. Laat dit dan nou tog gebeur: as die dogter vir wie ek sal sê: Hou tog jou kruik, dat ek kan drink, antwoord: Drink, en ek sal ook u kamele laat drink - dan is sy dit wat U bestem het vir u kneg Isak."

Kinderlik, gelowig bid hierdie man. Hy bid soos 'n vader vir sy eie kind sou bid. Waarlik hy het in God geglo en hy het sy heer liefgehad en die belange van die jong man Isak, op sy hart gedra. Hy verwag 'n direkte antwoord - 'n antwoord wat ook sal toon dat die dogter gasvry en hulpvaardig is en die regte vrou vir Isak sou wees. Sy moes uit haar eie aanbied om ook vir sy kamele water te skep, wat geen nietige werkie sou wees nie.

### *Die Here hoor*

En die Here verhoor dadelik. Eintlik was die Here al klaar besig om Isak se vrou na die put te stuur. "Hy het nog nie klaar gespreek nie, of daar kom Rebekka. En in Rebekka word die man se gebed stuk vir stuk beantwoord." Sy doen presies wat hy as teken van die Here gevra het.

Uiteindelik reis hierdie merkwaardige vrou, as bruid van Isak, saam na die afgeleë en onbekende land. Sy is ook op pad na 'n onbekende man met wie sy moes trou. Maar sy reis met die sekere wete dat sy op die weg van die Here is. Sy weet van die gebed van Abraham se kneg en sy weet ook van Abraham en Isak se begeerte. En sy gaan om 'n gelukkige bruid te wees. Die Here lei haar met sy eie hand na haar man toe.

### *Isak ontmoet sy bruid*

Teen die aand dwaal Isak alleen in die veld "om te peins". Waaroor sou hy peins? Sy hart sou sekerlik saam met die kneg van sy vader gereis het na Haran en hy sou seker uitsien na sy terugkeer. Hy sou ook gewis in die tyd baie gebid het dat die man tog die regte vrou vir hom sou kry. Daarom kon hy nie stilsit nie - hy gaan na die eensaamheid van die veld met die gedagtes en verlangens wat sy hart onrustig maak.

Hy kyk op en daar sien hy kamele aankom!

Maar ook Rebekka het hom al gesien, die eensame jongman in die veld. Sy sou weet dat hulle die bestemming nou nader en haar vroulike intuïsie sou haar die vraag na die lippe dring:

> "Watter man is dit wat ons tegemoetloop in die veld?"

Die antwoord is soos sy kon verwag:

> "Dit is my heer."

Dan weet Rebekka:

> "Dit is my bruidegom."

Dadelik doen sy wat sy as jong meisie behoort te doen. Sy werp haar sluier oor haar gesig. Stil sit sy en wag, soos dit haar as meisie betaam.

### *Hy het haar liefgehad*

Intussen vertel die kneg aan Isak alles wat gebeur het.

"En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad."

Hoe kan dit ook anders? 'n Vrou wat so van die Here afgebid en deur die Here self gestuur is, is 'n kosbare gawe uit die hand van die Here. So 'n vrou het 'n man lief.

So vind 'n gelowige jongman en meisie mekaar.

Nee, so ontvang hulle mekaar elkeen afsonderlik as 'n gawe uit die hand van die Here.

Bid, en vir jou sal gegee word!

'n Hulp wat by jou pas is een van die belangrikste skatte waarvoor jy op aarde kan en moet bid.

## 9. Josef glo in God en hou sy jong lewe rein

> "Hoe kan ek dan hierdie kwaad doen en sondig teen God?" (Gen. 39:9)

### *Verbondskind as slaaf verkoop*

Ons tref die jongman Josef hier in Egipte aan. Sy broers het hom as slaaf verkoop aan 'n groep smouse en hy is deur hulle in Egipte verkoop aan 'n sekere Potifar, 'n vername raadslid van die Farao, die koning van Egipte. 'n Slaaf is 'n gebonde mens. Hy het geen regte nie. Hy is soos 'n redelose dier verkwansel en sy baas kon hom maak of breek soos hy wil. In die oë van sy baas het hy geen "wil" of verlangens of begeertes van sy eie nie. Hy moes buig voor elke gril van sy besitter en was gewoonlik 'n nederige en kruipende wese, met haat en bitterheid in sy hart.

Maar Josef was 'n verbondskind uit die huis van sy vader Jakob. Sy vader het hom voorgetrek teenoor sy broers. Hy was immers die seun van Jakob se geliefde vrou, Ragel. Dit was ook weer 'n gevolg van die huwelikslopende sonde van die veelwywery, waaraan Jakob hom skuldig gemaak het. Dit het die gevolg gehad dat Josef se broers hom gehaat en uiteindelik as slaaf verkoop het.

### *Gedra soos kind van God*

Josef self het egter verbondskind gebly. Daarom was hy innerlik geen slaaf nie, maar 'n mens wat vrygemaak is van die slawebande van die duiwel. As kind van God was hy wel nog 'n

sondaar, maar die sonde het nie meer oor hom geheers nie. So kom hy, gewapen na die innerlike mens, in Egipte aan. Min het hy besef dat die Here hom daarheen gestuur het om 'n weg vir sy vader en broers tot oorlewing voor te berei.

As roepingsbewuste kind van God gedra hy hom soos sy hemelse Vader dit van hom sou verwag, ook in sy slawerny. Hy het al klaar gedoen wat Paulus eeue later aan die slawe van sy tyd skryf:

> "Slawe wees gehoorsaam aan julle base hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is" (Ef. 6:5).

Josef het vir Potifar gewerk asof hy vir God werk en spoedig is hy as opsigter oor sy baas se huishouding aangestel. Die Here seën elkeen wat vir Hom werk. Selfs Potifar, die heiden, kon "sien dat die Here met hom was, en dat die Here alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak" (39:3).

### *Lei my nie in versoeking nie.*

Ook Potifar se mooi vrou het hierdie jong slaaf raakgesien. Sy het selfs meer as 'n slaaf in hom gesien. Sy het gesien dat hy aantreklik en begeerlik is en onheilige verlangens het in haar begin broei. En sy hoef hom ook nie juis te ontsien nie - watter keuse het hy as slaaf? Sy kon alles van hom eis en sy doen dit ook:

> "Na hierdie dinge het die vrou van sy heer haar oë na Josef opgeslaan en gesê: Kom hou gemeenskap met my."

En dan doen Josef wat geen slaaf sou waag om te doen nie. Hy weier om te gehoorsaam en hy sê self aan haar waarom hy weier:

> "Kyk, deur my is dit dat my heer geen kennis neem van wat in sy huis is nie. Hy is in hierdie huis nie groter as ek nie en het my niks onthou nie behalwe u, omdat u sy vrou is; hoe kan ek dan hierdie kwaad doen en sondig teen God?"

Wat 'n praggetuienis van die slaaf, Josef!

Hier praat hy as vry man omdat hy aan God behoort.

Die liste van die duiwel om hom te verlei, weerstaan hy. Ag, hy sou selfs allerlei menslike beweegredes kon aanvoer - indien hy aan die sonde sou toegee - om die daad goed te praat. Die verleiding was magtig en satanies en hyself was "ook maar net 'n man".

### *Anders omdat hy in God glo.*

Maar omdat hy in God glo was hy anders - al sou alle ander mans swig voor die verleiding - hy het nie, omdat hy glo. Omdat hy glo, sien hy dit allereers as 'n verbreking van die heilige huweliksband. Dit is 'n sonde teen Potifar, die wettige man van die verleidelike vrou. Daarin erken hy ook dat sy liefde vir sy medemens so 'n daad verbied. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Jou naaste se vrou of suster of selfs dogter mag jy so 'n ding nie aandoen nie. Bowendien is dit 'n byna dierlike daad van wellus teenoor die vrou self. Hy beskerm nie alleen die eer van sy baas nie, maar ook die eer van sy baas se vrou.

En God? Ja, hy weet dat God nie in Kanaän by die tent van sy vader agtergebly het nie. God is ook in Egipte en in die huis van Potifar. God sien hom, al sou hy miskien kon dink dat Hy nie sien nie. Hy weet egter dat God hom sien en hy bely dit - met dankbaarheid. Hy weet en

hy sê dit vir die vrou:

> "Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?"

Die jong man het 'n anker teen die duiwelse versoeking waarin hy geplaas is. 'n Mens wat so na God opsien, word deur die Here self vasgehou. Hy beskaam die geloofsvertroue van Josef nie. Selfs toe die vrou dag na dag seur en aanhou en al haar sjarme gebruik om hom in haar strikke vas te wikkel, bly hy getrou aan sy belydenis dat hy aan God behoort en nie teen Hom mag sondig nie.

***Vlug vir die Bose.***

Die wellustige vrou gryp uiteindelik na hom en kry sy mantel in haar greep. Maar Josef vlug van haar af weg - byna nakend. Toe het die vrou in haar teleurgestelde hartstog kans om wraak te neem. Sy mantel dien sy as bewys by sy baas in dat hy haar sou wou aanrand. En natuurlik glo die baas haar. Watter krag het die woord van 'n slaaf in elk geval? En die bewysstuk lê voor Potifar.

Miskien kon hy iets ergers met Josef doen. Hy kon hom selfs laat martel en doodmaak. Het die Here Josef hier in beskerming geneem? Dit kan ons wel aanvaar. Daarom beland Josef maar net in die tronk.

***Versoeking word 'n beproewing.***

'n Mens kan amper weer iets van Paulus op Josef toepas. Paulus is in Jerusalem gevange geneem deur sy "broers", die Jode. Hy sit as gevangene in die Romeinse kaserne in Jerusalem. Die dag het hy getuienis gelewer voor die Joodse Raad, wat hom toe byna uitmekaar geskeur het.

> "Daardie nag het die Here by Paulus gestaan en vir hom gesê: Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen" (Hand. 23:11).

Hou moed Josef! Soos jy voor die vrou van Potifar vir My getuig het, so sal jy nog voor Farao getuig . . .

Die versoeking van die duiwel het die Here vir Josef verander tot 'n geloofsbeproewing, sodat hy hom kon staal tot groter geloofsdade.

Onthou jongman en jongmeisie!

Hy of sy wat die versoekinge weerstaan, deur soos Josef na bo te kyk, kom daar rein en gesterk uit en is beter toegerus vir groot dade in die koninkryk van God. En hulle ontvang ook uiteindelik die regte man of vrou as 'n reine gawe uit die hand van hulle hemelse Vader.

# 10. Jógebed se kindjie was vir haar kosbaar en mooi

> "En die vrou het swanger geword en 'n seun gebaar. En toe sy sien dat hy mooi was, het sy hom drie maande lank weggesteek" (Ex. 2:2).

***Geen toekoms - geen kinders.***

Die kindjie moes eintlik nie gebore word nie.

Dit het Jógebed en haar man, Amram, immers goed geweet. Buite sluip die soldate van Farao rond en hulle soek in Israel alle babaseuntjies om hulle in die Nyl vir die krokodille te voer.

Hulle het ook geweet dat hulle volk, Israel, in Egipte 'n slawevolk geword het . . .

Amram sou elke aand terugkeer huis toe met deurgewerkte en vereelte hande. Moontlik sou ook sy rug nog rou wees van die sweepslae van die Egiptiese slawedrywers. Ag, die Here, die God van Abraham, Isak en Jakob, hulle voorvaders, het sy volk in Egipte vergeet en verlaat.

Wat het van God se belofte geword?

> "Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak ... Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou . . . Ek sal aan jou nageslag die land ... die hele land Kanaän as 'n ewige besitting gee . . . Ek sal vir hulle 'n God wees" (Gen. 17:6-8).

### *Nee, my vrou!*

Vrugbaar is hulle wel, maar hulle woon as slawe in 'n vreemde land - die "slawehuis van Egipte."

En die verdrukking word al harder en die kindermoord al wreder.

Nee Jógebed, my liewe vrou, liewer nie meer kinders nie. Tye is te donker. Word die kindertjies nie vermoor deur die bloeddorstige Farao nie? Wag daar nie vir hulle maar net dit wat ons nou ondervind nie - en miskien nog baie erger. Hulle sal verslaaf en verdruk en gemartel word tot in die aarde toe . . . Laat ons tog oppas dat daar nie 'n kind gebore mag word nie.

### *Hulle glo in God se beloftes*

Nee, Amram en Jógebed het nie so gedink nie. Hulle het immers nie in die twintigste eeu met sy "verligte" idees geleef nie. Hulle het nog in hulle eenvoud geglo in God en sy beloftes. Hulle het geglo dat kindertjies 'n gawe uit die hand van die Here is.

Hulle het selfs geglo dat God 'n doel het met die verdrukking in Egipte en die wreedaardige kindermoord.

En daarom leef hulle saam as man en vrou, soos dit normaalweg hoort en soos God dit normaalweg wil hê. Hulle harte is kinderlik en afhanklik gerig op God en sy beloftes - ook die belofte van die kinderseën en die verbondseën.

So word sy volk gebou.

So word kinders vir sy koninkryk gebore.

So word die getal van die uitverkorenes vol. Gelukkig is daar, ten spyte van lewenskoste en bevolkingsontploffing en kommunistiese bedreiging, nog mense wat glo soos Amram en Jógebed geglo het.

Hulle weet dat God kinders gee en hulle nie verniet gee nie.

Geen kind word verniet gebore nie en geen kind is in die oë van God oortollig nie.

### *Hy is mooi.*

En Jógebed druk die pasgebore seuntjie aan haar moederhart. En die klein outjie het geweet dat hy 'n moeder het - wat haar kind liefhet.

Sy bekyk haar kindjie soos elke moeder die nuwe "wondertjie" bekyk.

En sy sien dat hy mooi is.

Watter ware moeder is daar vir wie haar pasgebore baba nie mooi is nie, al is hy dalk vir andere skreeulelik?

En tog sou hierdie uitdrukking in die Bybel meer beteken as dat Jogebed se baba net maar mooi was, soos alle ander babas vir hulle mammies mooi is.

Ons kan haar gedagte moontlik so vertolk:

Sy het gelowig gesien en daarom geweet dat God iets besonders in vooruitsig het vir die seuntjie.

Sy sou nie kon weet wat die toekoms vir haar seuntjie inhou nie, maar sy het geweet dat God wel weet en oor hom sal waak en die goeie oor hom beskik.

In elk geval was hy vir haar so kosbaar dat sy moeite gedoen het om hom teen die moordaanslae van Farao te beskerm.

Ons kan ook daarvan seker wees dat Amram en Jogebed in die dae baie en dringend gebid het.

En dat sy uiteindelik haar kindjie in 'n biesiebootjie met pik bestryk, aan die Nyl met sy krokodille en al prysgee, is 'n geloofsdaad by uitnemendheid. Sy het geglo dat God se hand oor die seuntjie is, omdat sy hom uit die hand van dieselfde God ontvang het. Daarom gee sy hom nie prys aan die Nyl nie, maar gee hom oor in die hande van haar hemelse Vader. Hy kan beter na hom kyk as sy bloedeie moeder.

***Glo die Here waak oor hom***

En haar geloof is nie beskaam nie.

Die kindjie raak selfs nie los van God toe hy in die heidense paleis van Farao, tussen die genot van die sonde, opgroei nie.

En dieselfde seuntjie is later die bekende Moses wat sy volk, deur God se genade, uit Egipteland uitlei.

God is getrou.

Toe Israel swoeg in slawebande beskik Hy dat 'n moeder geboorte gee aan 'n seuntjie. Ondanks moordlustige soldate en honger krokodille beskerm Hy die seuntjie omdat Hy hom beskik het as die "verlosser" van sy volk uit die slawehuis.

***Gawe uit die hand van die Here.***

Salig is die man en vrou wat kindertjies verwek en ontvang as gawes uit die hand van die Here.

Geen kindjie te veel word gebore nie en geen kindjie word verniet gebore nie.

Selfs die swakkes en die sieklikes, hulle wat min verstand het en gebrekkig is, word nie tevergeefs gebore nie.

Van 'n blindgeborene sê Jesus in Johannes 9 :

> ". . . die werke van God moet in hom openbaar word."

Wie weet watter werke van God volbring moet word selfs in die "ongewenste" kindjie, wat "per ongeluk" gebore word?

Wees dan nie ongelowig nie, maar gelowig.

God beskik beter as wat ons kan bereken.

Hy sorg beter vir tien kinders as wat ons vir een of twee kan sorg.

Dit is 'n bekende feit dat kinders uit 'n groot gesin - selfs met baie ontberinge grootgemaak -

in die algemeen beter opgevoed en beter aangepas is as die uit klein gesinne.

"Verstandig" in ons oë kan "ongelowig" in die oë van God beteken.

Vanselfsprekend is daar ook gelowige ouers wat maar te dankbaar sou wees om meer kinders te hê, maar die voorreg nie smaak nie, omdat die Here ook dit so beskik.

## 11. "Die misdade van die vaders besoek aan die kinders ..."

> "Want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat my haat" (Ex. 20:5).

***Sonde is besmetlik.***

Niemand sondig ooit goedkoop nie.

Die sonde is 'n smet wat deur mense versprei word soos 'n verderflike pes. Dit besoedel elke mens wat jy aanraak.

Ja, dit word selfs voortgedra van geslag tot geslag.

Ag, die Here *straf* nie die kinders vir die sondes van hulle ouers nie.

> "Die siel wat sondig, die moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van seun help dra nie . . . " (Eseg. 18:20).

Ouers dra die verantwoordelikheid vir hulle eie sondes en kinders vir hulle s'n.

***Sonde dra vrugte.***

Maar geen mens sondig geïsoleerd nie. Hy sondig binne die kring waarin hy leef. Sy sonde kring uit, soos wanneer jy 'n klip in 'n dam gooi.

Sonde wek sonde.

Sonde dra vrugte.

En die huisgesin is 'n vrugbare bodem vir sonde om te groei en bose vrugte te dra in die lewe van kinders.

Dawid het owerspel gepleeg met Batseba en haar man Uria vermoor. Sy eie kinders doen dieselfde: sy seun Amnon oorweldig sy suster Tamar en verkrag haar. Daarom word Amnon deur 'n ander seun van Dawid, Absalom, vermoor (2 Sam.11-13).

Daar sien ons 'n duidelike voorbeeld van die waarheid van die uitspraak in die tweede gebod. Die sonde van die vaders word besoek aan die kinders.

***Boosheid en bose gevolge***

Ouers wat vervul is met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug, nydigheid, twis, bedrog, kwaadaardigheid; wat nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, uitvinders van slegte dinge, onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig is; mense is wat nie alleen die dinge doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen - sulke ouers se kinders groei in 'n bose atmosfeer op en weet nie beter en kan selfs nie anders as om tot in die derde en vierde geslag die kwaad voort te dra nie.

Ek het hierdie "sondelys" uit Romeine 1 geneem.

Ons hoef nie almal skuldig te wees nie.

Maar laat ons as ouers goed kyk en onsself duidelik sien in die lig van God se Woord.

Is jy vir jou kinders 'n voorbeeld ten goede of is jy suinig of gierig teenoor jou medemens en God?

Leef jou kinders in 'n atmosfeer van nydigheid, twis, kwaadaardigheid - tussen pa en ma en teenoor andere?

Word nuusdraery en kwaadsprekery oor ander mense 'n deel van die kos wat jou kinders te ete kry, wanneer julle saam is om die tafel?

***Huil te laat***

Ek het dit herhaaldelik en met smart gesien hoe ouers steeds fout vind

met die kerk en ampsdraers en predikante aftakel voor hulle kinders.

Ek het ook belewe hoe kinders uit sulke "vroom" gesinne totaal wegbreek van die kerk en God en sy Woord verwerp.

Ons weet dat ons almal struikel, maar niemand mag ooit in enige sonde volhard nie - gewis nie 'n ouer met klein kindertjies in sy of haar sorg nie. Nog minder mag enige gelowige enige sonde, veral sy eie, goedpraat.

'n Kindergemoed is ontvanklik en 'n kindersiel kwesbaar.

Die Here sal nie alleen van ons rekenskap eis oor hoe ons "sy kinders", verbondskinders, opgevoed het nie, maar ons kan ook met smart en wroeging ons eie sondes lewensgroot terugsien in ons kinders. En dan is dit dikwels te laat.

Gelukkig voeg die Here in die tweede gebod by:

> ". . . en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat my liefhet
> en my gebooie onderhou" (Ex. 20:6).

Uit die verband is dit duidelik dat ons "duisend" hier met "duisend geslagte" kan vertaal.

Die Here se liefde is veel groter as sy toorn.

Dank die Here vir 'n voorgeslag wat Hom in duisend geslagte gedien het.

En mag die vrees van die Here vir duisend geslagte in u nageslag voortbestaan.

## 12. ". . . jy moet dit jou kinders inskerp . . ."

> "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;
> en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis
> sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deut. 6:6, 7).

***My kind is 'n kind van die Here***

Gelowige ouers ontvang nie alleen kinders uit die hand van die Here as 'n geskenk of gawe nie.

Hulle gee ook weer hulle kinders terug aan die Here deur hulle vir Hom groot te maak.

Dit is 'n voorreg om te kan praat van "my kinders", maar dit is 'n baie groter voorreg om van my kinders ook te praat as "kinders van die Here."

Kinders is 'n arm man se rykdom - en dit is die enigste rykdom wat jy kan saamneem hemel

toe. Alle ander rykdomme bly agter.

In die boek *Deuteronomium* het ons die afskeidsrede van Moses.

Hy is oud en sou haas sterwe en vir laas spreek hy sy volk toe. Hy herhaal heelwat dinge wat hulle alreeds weet om hulle geheue op te fris en hulle op te skerp om naby die Here te bly.

Die Here is goed, genadig, barmhartig en Hy vergewe sy volk se oortredinge.

Hy het met hulle 'n verbond gesluit, die genadeverbond, dat Hy hulle God sou wees en hulle sy volk. En Hy het en sal baie van hulle verdra.

En tog moet hulle ook weet dat Hy 'n God is wat die oortreding van sy verbond nie duld nie. Hy wreek dit gewis en seker. Wie sy genade verag of geringskat, kry met sy toorn te doen.

***Jy moet die Here jou God liefhê.***

Daarom druk die wyse ou leier sy volk dit op die hart:

> "Hoor Israel, die Here onse God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag" (6:4, 5).

Ons het een Here en God en nie 'n reeks "gode" nie.

Ons kan nie God en onsself of ons besittings of ons eie insigte of wat ook al op aarde tegelyk dien nie.

En ons verhouding met Hom is 'n liefdesverhouding.

Hy het ons eerste liefgehad, daarom het ons Hom lief.

Hy het ons baie sondes vergewe, daarom het ons Hom baie lief.

En dit help ook nie om maar net te sê: "Here, Here" nie.

Ons moet sy wil doen, onsself verloën, ons kruis opneem en ons Heiland volg.

***Leer dit aan jou kinders***

En omdat jy die Here liefhet met jou hele hart, jou hele siel en met al jou krag, kan jy nie anders as om jou kinders dit in te skerp nie.

Jy het kinders van Hom ontvang en aan hulle die verbondsteken laat bedien. By Israel is die seuntjies besny en by ons word al die kindertjies, in die verbond gebore, gedoop. Hulle dra die merkteken van God se verbond en moet as sodanig opgevoed word. Aan hulle kom die beloftes van die verbond toe, net soos aan die volwassenes.

Net soos aan hulle ouers belowe die Here ook aan hulle vergewing van hulle sondes en die Heilige Gees wat hulle lewe vernieu na die beeld van Christus.

Daarom moet hulle so opgevoed en onderrig word dat hulle een maal bewustelik kom tot aanname van God in Christus in die geloof.

Hulle kan nie deur hulle ouers se geloof of deur die uitwendige band van die verbond die ewige lewe beërf nie. Hulle moet self tot geloof kom.

En dit moet vir die ouers heilige erns wees om hulle kinders te lei tot volwasse gelowiges.

Hulle moet weet in wie hulle glo en die liefde van God moet in hulle harte geplant word, deur die saad van die heilige Woord in hulle harte te saai.

Hieroor mag 'n ouer nooit gerus wees nie en in die taak mag hy nooit rus nie.

> "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees" - ja, jou eie hart en jou vrou se hart moet vol wees van die Woord van God en die liefde vir Hom.
>
> "en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

### *Geen geleentheid mag verlore gaan nie*

Altyd - altyd - moet jy met jou kinders praat oor die Here en die liefde van Hom en tot die kindertjies.

Geen geleentheid mag jy laat verbygaan nie.

Geen oomblik mag jy versuim nie.

Dit gaan om die ewige behoud of ewige ondergang van jou kinders.

Hierdie werk mag jy op niemand anders afskuif nie.

Die kerk en die skool kan help, maar die ouer bly voor die Here verantwoordelik.

Om jou kindjie te doop is 'n groot voorreg. Jy mag dit ook nie uitstel ter wille van oupas en oumas en 'n dooprok vir ma en die kleinding nie. Die Here gee aan jou en jou kindjie 'n groot - baie groot - geskenk en jy moet gou maak om dit in ontvangs te neem. Dit is nie bloot 'n seremonie nie. Dit is 'n teken en seël - bevestiging - van die dure verbondsbelofte wat die kindjie regtens toekom.

### *Ja Here, ek beloof*

En dan die belofte:

> "Beloof u as ouers om hierdie kind, as hy tot sy verstand gekom het, in hierdie leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?" "Ja, Here, ek beloof!"

En dan?

Dan doen gelowige ouers wat Moses aan ons voorhou.

Hulle skerp dit hulle gedoopte kindjie in, vroeg en laat, tydig en ontydig.

Leer hom maar vroeg om stil te sit by huisgodsdiens en in die kerk.

Daarin lê u eerbied vir God en sy Woord in die hartjie van u suigeling. En dit is die grondslag van die diens van die Here. Vir sulkes is die koninkryk van die hemele bedoel.

Indien uself onbekwaam of onkundig is, skaf vir u 'n boek aan waarin een of ander begaafde skrywer vir kinders vertel. Dit kan tog net tot seën wees om van "hulp" gebruik te maak as uself nie daartoe in staat is nie. Sorg maar net om seker te maak dat die boek die Bybelse waarhede geen geweld aandoen nie.

Doen self u plig - praat oor God en uit sy Woord.

Doen dit as jy in jou huis sit en skakel die televisie gerus maar af.

Doen dit as jy op pad is.

Doen dit as jy gaan lê - lees uit die Bybel en bid saam met jou kinders.

Doen dit as jy opstaan - voordat jy en jou kinders die huis uit haas elkeen sy koers in.

En die Here, jou God, sal jou ryklik seën in jou kinders.

## 13. ". . . maar ek en my huis, ons sal die Here dien"

> ". . . kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die gode wat julle vaders daar oorkant die Jordaan gedien het, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die Here dien" (Jos. 24: 15).

### *Ek en my huis*

Hier het ons die belydenis van 'n huisvader:

> ". . . ek en my huis, ons sal die Here dien."

Dit is Josua, die man wat Moses as leier van die volk Israel opgevolg het. Dit was sy voorreg om die volk die beloofde land binne te lei. Onder sy leiding het hulle die land verower - deur die hulp en wonderbare krag van die Here. Josua en sy volk was almal getuienis van hoe die Here kan help en hulle weet wat hulle aan Hom het.

Hulle het gesien hoe die mure van Jerigo intuimel, sonder dat hulleself 'n hand opgetel of 'n pyl afgeskiet het.

Hulle was daarvan getuie dat die son stilstaan en die dag lank genoeg uitrek, sodat hulle hul vlugtende vyande voor donker geheel kon verslaan.

Josua het sy lewenstaak afgehandel. Die land is verower en elke stam het sy erfdeel ontvang. Ongelukkig is daar nog oorblywende heidense reste binne die grense van Kanaän, wat uitgewis moes word. En dit, ja dit, hou groot gevare vir die volk in. Die volk self kon maklik verlei word tot afgodediens deur hulle te vermeng met die heidense volke.

### *Volksleier is vader van sy volk*

Josua voel hom nou geroepe om die volk daarteen te waarsku. Daartoe laat hy die hele volk saamkom in Sigem. En hy spreek hulle toe. Hy herinner hulle daaraan dat hulleself afstam uit 'n voorgeslag wat die afgode gedien het. Abraham hulle vader kom uit 'n heidense geslag. Oorkant die Eufraat, by Ur van die Galdeërs, het hulle ander gode gedien. Maar ook tussen hulle in Kanaän woon nog heidense volke - ook die kan hulle verlei.

Hulle weet egter wat hulle aan die Here het.

Hy het hulle met 'n kragtige hand die land binnegelei. Hulle kan op Hom altyd reken, solank hulle aan Hom getrou bly.

Daarom:

> "Vrees dan nou die Here en dien Hom in opregtheid en waarheid; en verwyder die gode wat julle vaders gedien het ... en dien die Here" (24:14).

Vaderlik vermaan die bejaarde leier sy volk.

Dringend roep hy hulle op om tog getrou aan die Here te wees.

Hy kon en moes dit doen, want hulle was die volk wat die Here uit Egipteland uitgelei en hulle in die beloofde land gebring het. Die verbondsvolk van die Here is 'n bevoorregte volk.

Hulle het alle rede om God met groot liefde en dankbaarheid te dien. Hy het hulle verlos van die slawebande in Egipte en nie alleen dit nie, Hy het hulle verlos van hulle sondes en aan Hom gebind as sy eiendom.

***Kies nou - moenie uitstel nie!***

Om krag by sy vermaning te sit, stel hy hulle voor die keuse om nou te kies:

> "Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies dan vir julle vandag wat julle wil doen: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die Here dien."

Kies nou, moenie uitstel nie!

Kies vir jouself en jou gesin wie julle wil dien!

Ons moet vir geen oomblik dink dat Josua meen hulle is vry om te kies soos hulle wil nie.

'n Verbondsvolk het geen keuse nie.

Hulle moet kies om die Here te dien anders gaan hulle onder.

God laat Hom nie bespot nie. Sy toorn begin by sy heiligdom. Die volk en die gesin wat aan Hom behoort en wegbreek, word nie gespaar nie:

> "As iemand die wet van Moses oortree, word hy nie begenadig nie . . . Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het?" (Hebr. 10:28, 29).

***Ek en my huis***

Josua weet wat hy self wil en hy sluit sy huis daarby in.

Hy self, as hoof van sy gesin, aanvaar ook verantwoordelikheid vir sy hele gesin.

Ek en my huis, my vrou en kinders, ons sal die Here dien.

Dit moet 'n verbondsvader kan sê: "Ek en my huis."

Hy en sy huis is 'n eenheid.

Hy en sy vrou is één deur die huweliksband. En dit beteken nie alleen liggaamlike vereniging nie, maar ook één voor die Here.

Hulle vrees Hom en ken Hom en dien Hom saam as 'n eenheid - één van sin en één van hart.

En hulle kinders is ook kinders van die Here - so is en word hulle opgevoed.

In die hele huis is die Here nommer een.

Hy is die middelpunt en die krag en troos van die huis.

Nooit mag 'n man sê: Ek sal die Here dien. Wat my vrou doen is haar eie persoonlike saak. Ek sal haar in geen opsig hinder om te dien wie sy wil nie.

Of: Ek sal die Here dien. My kinders laat ek egter vry om self te kies. Hulle moet maar eers opgroei en uitmaak of hulle die Here wil dien of nie. Dit is nie my verantwoordelikheid nie.

***God eis rekenskap***

Nee, so skuif die hoof van 'n verbondsgesin nie sy verantwoordelikheid af nie.

Hy stel self die voorbeeld en sien toe dat sy vrou en kinders die voorbeeld volg.

God sal van ons rekenskap eis vir ons hele gesin.

Maar gelukkig sal Hy ons ook in sy genade beloon in ons vrou en kinders, wanneer ons ons

roeping uitleef.

Die seën van die Here is daar waar Hy gevrees word.

Op aarde is dit al die grootste vreugde wat 'n mens kan bedink as pa en ma en kinders saam die Here dien.

In die huis en in die kerk hoort die hele gesin - altyd - saam voor God, rondom sy heilige Woord.

Gelukkig is die kerk en volk waar kerkbanke vol gesit word met vaders, moeders en kinders.

Kan dit wees dat 'n verbondsvader, soms nogal 'n lid van die kerkraad, alleen in sy gesinsmotor by die kerk aankom?

EK EN MY HUIS, ONS SAL DIE HERE DIEN!

# 14. Simson deur sy beminde verraai

> "En hy het sy hele hart aan haar bekendgemaak en aan haar gesê: Daar het nooit 'n skeermes oor my hoof gekom nie, want ek is 'n nasireër van God van my moeder se skoot af. As ek geskeer sou word, sou my krag van my wyk en ek swak word en wees soos al die mense" (Rigt. 16:17).

***'n Man met 'n geheim***

Simson, die held van die kindertjies!

Hy het eiehandig gemaai onder die aartsvyande van sy volk - die Filistyne.

En, ons lees dikwels daaroor heen:

> ". . . hy het Israel gerig in die dae van die Filistyne, twintig jaar lank" (Rigt. 15:20).

Dit beteken dat hy oor sy volk regeer en hulle in die stryd teen die Filistyne gelei het.

Hy was liggaamlik sterk en die vyande van sy volk het hom gevrees.

Waarom was hy 'n held?

Omdat hy 'n geheim gehad het en die geheim was God.

Hy was 'n nasireër van God van sy geboorte af - daarom het die Gees van die Here hom die bomenslike krag gegee.

'n Nasireër is iemand uit Israel wat normaalweg 'n bepaalde gelofte gedoen het. So 'n persoon moes hom van allerlei uitwendige dinge onthou. Hy sou hom met niks verontreinig nie: nie aan 'n lyk raak nie, sy hare laat groei en geen sterk drank drink nie, ens.

***Leef as heilige***

Hierdie uitwendige dinge wou eintlik iets anders tot uitdrukking bring. Dit moes versinnebeeld dat die man hom, meesal tydelik, geheel aan die Here toewy. Hy moes waarlik leef as 'n "geheiligde" van God wat geheel in sy diens opgaan. Niks mog hom daarin verhinder nie. Dit was Simson van sy geboorte af.

Eintlik is elke Christen 'n "nasireër van God".

Die Christen is immers gesalf met die Heilige Gees sodat hy God voortdurend met mond en

hart kan bely.

Die salwing bring ook mee dat hy hom geheel aan Christus kan wy.

En die Heilige Gees stel hom ook in staat om moedig teen die duiwel, die wêreld en die sonde in hom te stry, wetende dat hy 'n oorwinnaar is, omdat Christus klaar vir hom oorwin het.

So is God ook elke Christen se geheim - die geheim van sy krag en vrymoedigheid en sy oorwinnaars-verskyning in hierdie lewe.

### *Maak 'n grap van nasireërskap*

Simson het egter met sy geheim gespeel.

Hy het met God gespeel - en dit was sy ondergang.

En die duiwel het Simson se swak plek uitgebuit.

Sy swakheid was vroue.

En daarbenewens het hy ook nie 'n vrou gesoek wat as hulp by hom, as nasireër van God, sou pas nie. Nee, sy oë was maar van die begin af gerig op die aangrensende land van die Filistyne. Hulle was nie alleen die aartsvyande van Israel nie, maar bowendien heidene.

Ag, sy pa en ma het hom aan die begin gewaarsku:

> "Is daar onder die dogters van jou broers en onder my hele volk nie 'n vrou, dat jy heengaan om 'n vrou onder die Filistyne, die onbesnedenes, te neem nie?" (Rigt. 14:3).

Maar Simson was sterk en hy was koppig en hy het hom aan die Filistynse meisie verbind. Dit loop uiteindelik op 'n hele fiasko uit, sodat die Filistyne self Simson se vrou verbrand, omdat hy hulle so geweldig verniel het (Rigt. 15:6).

Of hy intussen met iemand anders getroud was, word nie aan ons vertel nie. Hy gaan kuier egter later selfs in Gasa by 'n vrou wat haarself aan mans verkoop het.

### *Delila verraai hom.*

Toe kry hy 'n Filistynse vrou in die dal Sorek lief.

Sy was die Delila, wat selfs as 'n spreekwoord gebruik word, vir die verleidelike vrou wat haar minnaar verraai.

Hierdie Delila laat haar omkoop deur die Filistynse vorste om uit te vind waarin Simson se groot krag geleë was.

En toe begin sy met Simson speel en hy begin speel met sy geheim. Dit beteken dat hy met God begin speel het.

Ag, as Simson 'n gelowige vrou gehad het, een wat as hulp by hom sou pas, dan kon hy gerus sy geheim aan haar bekendmaak. Sy sou hom daarvoor respekteer en meer liefhê en hom juis bystaan in sy stryd om sy nasireërskap uit te leef.

Maar die lieflike en verleidelike Delila was nie sy soort nie. Sy het geen respek vir God nie en ook nie vir die man wat in heilige verbondenheid met God moet lewe nie.

Daarom is sy te vinde vir die omkoopgeld en begin sy om hom te treiter met die versoek om tog die geheim van sy krag aan haar bekend te maak.

***Speletjie met sy geheim.***

En Simson geniet hierdie spel met sy vyande.

Een na die ander leuentjie en kragtoertjie vind plaas in die kamer van Delila. Hy word met sewe toue vasgebind en dan roep sy:

> "Die Filistyne op jou, Simson!"

Maar Simson breek die toue soos garingdrade.

So gaan dit maar aan - die speletjie met sy geheim.

En eindelik weet sy dit - daarvoor was sy vrou genoeg.

Watter man is uiteindelik bestand teen die liste van 'n vrou as sy listig wil wees:

> "En hy het sy hele hart aan haar bekendgemaak . . . ek is 'n nasireër van God as ek geskeer word sou my krag van my wyk en ek swak word soos al die mense."

Delila weet dat dit eindelik die waarheid is.

Sy maak hom aan die slaap op haar skoot en sny sy hare af.

Daarop roep sy die Filistyne - en Simson is 'n magtelose gevangene.

Sy oë word uitgesteek en as blinde gevangene slyt hy sy dae in die tronk, waar hy vir die Filistyne 'n swaar meulsteen moet draai.

Eindelik sterf hy 'n smadelike dood.

***Die sterk "swak" man.***

So staan Simson bekend in die geskiedenis as die sterk "swak" man.

Hy was onoorwinlik sterk, wanneer die Here met hom is.

Die Gees van die Here gee aan hom bomenslike krag.

Toe hy egter die geheim weggee aan die verleidelike vrou, wyk die Gees van die Here van hom. Sy krag was nie in sy hare nie, maar in sy Here. Sy nasireërskap was daarvan die uitwendige teken of simbool en toe dit weg is, wyk die Here ook.

So gaan dit ook met die Christen-jongman en die "Filistynse" meisie. Of dit kan ook andersom wees. Die man kan die meisie verlei.

Jy kan jou Christenskap, jou geheim, prysgee en die diepte instort deur verkeerde verbintenisse met verkeerde vriendinne of vriende.

Wees heilig want God is heilig.

Hou liggaam en siel rein deur jou nie te verbind met ontugtiges en ongelowiges nie.

Onthou die geheim van elke Christen, man en vrou, is dat die Heilige Gees in jou woon en jou liggaam sy tempel is.

Moenie wat heilig is voor die honde gooi nie.

## 15. Rut, die deugsame vrou

> "... die hele stadspoort van my volk weet dat jy 'n deugsame vrou is" (Rut. 3:10).

***U God, is my God.***

Sy is bekend as Rut, die Moabitiese.

Sy kom uit die heindense volk Moab.

Haar eerste man was Maglon, die seun van Eliméleg en Naomi, wat saam met sy ouers en broer Giljon, van Bethlehem af na Moab getrek het toe daar hongersnood in Kanaän was. Eindelik het Naomi en haar twee skoondogters, Rut en Orpa, egter alleen as weduwees agtergebly. Al drie die mans het gesterf.

Naomi besluit om terug te keer na Bethlehem, en Rut gaan saam met haar. Orpa het omgedraai op aandrang van Naomi, maar Rut het gesê:

> ". . . waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God" (Rut. 1:16).

'n Mooi belydenis van trou en liefde, maar bo alles van geloof. Sy het nie alleen vir Naomi liefgekry nie, maar sy het ook die ware God leer ken en liefgekry. Daarom was sy nie meer tuis in Moab tussen die heidene nie. Nou kon Naomi haar nie meer terugstuur nie.

***Rut tel are op.***

So kom die twee weduwees in Bethlehem aan.

Naomi is bitter, en noem haarself Mara - "Bitterheid".

Die soet druppel in haar bitterheid was die skoondogter Rut, die Moabitiese. In hulle armoede bied sy aan om agter die oesters are te gaan optel om iets te ete te kry. En so kom sy op die oesland van Boas te lande.

Toe Boas 'n draai by die land kom maak, merk hy haar op en verneem by die garssnyers wie sy is. Hy hoor toe dat sy die Moabitiese skoondogter van Naomi is en ook dat sy vlytig is en gedurig besig bly om are in te samel. Boas knoop vriendelik 'n praatjie met haar aan en versoek haar om op sy land te bly en haar by sy diensmeisies te voeg. Hy stel haar selfs gerus dat niemand haar sal molesteer nie.

Dankbaar vra Rut hoe dit dan is dat hy in haar, 'n vreemdeling, belangstel. Dan vertel hy dat hy alles van haar af weet en hoe goed sy vir haar skoonmoeder is.

***Hy is 'n losser.***

In opdrag van die snyers sorg Boas dat Rut die aand met baie gars tuiskom. Toe Naomi hoor dat sy op Boas se land was, sê sy:

> "Die man is ons naasbestaande, hy is een van ons lossers" (2:20).

Die losser in Israel moes 'n bloedverwant, wat in skuld geraak en sy grond moes verkoop, se erfenis terugkoop. Hy moes dan ook met die weduwee van so 'n man trou, indien hy geen seuns het nie. Wanneer die vrou dan 'n seun sou hê, word hy beskou as haar eerste man se seun. Die erfenis van sy moeder se eerste man, word dan syne en hy dra die naam van die man voort.

Rut het op Boas se landerye bly are optel totdat die hele oes ingesamel is. Toe hulle besig is om die graan te dors, gee Naomi haar die raad: Sy moes na Boas se dorsvloer gaan en die nag by sy voete gaan lê. Boas sou dan vir haar sê wat sy moet doen. Rut doen dit.

***Rut se eer beskerm deur Boas.***

Teen middernag word Boas wakker en merk dat daar 'n vrou aan sy voetenent lê.

> "En hy vra: Wie is jy?"

En sy antwoord:

> "Ek is Rut, u dienares; brei dan u vleuel oor u dienares uit, want u is die losser."

En Boas se hart is geraak. Mooi is sy optrede as eerbare man. Hy beskerm ook die eer van Rut. Hy sal die volgende dag met die oudstes in die stadspoort gaan onderhandel oor die lossing, want daar is nog 'n nader familielid wat die eerste reg op lossing het.

> "Wees dan nou nie bang nie, my dogter; want die hele stadspoort van my volk weet dat jy 'n deugsame vrou is."

Hy gee haar die volgende oggend 'n geskenk van ses mate gars om saam te neem huis toe.

Dieselfde dag het Boas die hele saak gereël, sodat hy met Rut kon trou.

So het Rut die Moabitiese rus gevind in Bethlehem in die huis van Boas. Hulle het albei 'n hulp gevind wat by hulle pas. Ons sien hierin duidelik die leiding van die Here.

***Christus uit Rut se nageslag gebore.***

Agter die optrede van Boas sien ons nie alleen regskapenheid nie, maar ook respek en liefde vir Rut.

Hierdie huwelik was ook 'n geskiedkundige verbintenis.

Rut word die moeder van Obed en Obed word die vader van Isaï en Isaï die vader van koning Dawid.

En in die geslagsregister van Jesus Christus word die name van vier vroue genoem - net maar vier. Een van hulle is Rut.

Nie alleen Boas, haar man, het sy vleuel oor haar uitgebrei nie, maar ook die Here het haar oorskadu met sy genadige hand. Sy het bely:

> "U God is my God."

Nou ondervind sy dat 'n eerbare en deugsame vrou wat die Here vrees, ook huweliksgeluk en moedervreugde uit sy hand ontvang. En uit haar nageslag sou haar Verlosser gebore word.

# 16. Samuel deur sy moeder van God afgebid

> "En by die wisseling van die jaar het Hanna wat swanger was, 'n seun gebaar en hom Samuel genoem; want, het sy gesê, ek het hom van die Here gebid" (1 Sam. 1:20).

***Vrouenood by veelwywery.***

Dit gaan hier om Hanna se huweliksnood en vreugde.

Haar man Elkana was vir beide verantwoordelik - haar verdriet en haar vreugde.

Hy het haar liefgehad - dit was haar vreugde.

Maar hy het ook 'n tweede vrou gehad, Peninna - en dit was beide Hanna en Peninna se verdriet.

Peninna het smarte beleef omdat sy Elkana se tweede keuse was.

Hy het Hanna meer liefgehad as vir haar. Hoe kon dit ook anders? God het ons so geskape:

man en vrou - één man en één vrou.

Ongelukkig het daar al baie water in die see geloop sedert die wreedaard en wellusteling, Lameg, vir hom twee vroue geneem het.

Veelwywery was in die tyd van Elkana 'n algemene gebruik. Die Here het dit selfs nie verbied nie. Uit die gevolge daarvan kon die volk egter sien dat dit 'n euwel was. Dit hoort nie so nie. Alreeds in vader Jakob se huis was daar verdriet en jaloesie tussen die susters Lea en Ragel.

***Vrouewraak.***

Ongelukkig wreek die vroue hulle in hulle jaloesie op mekaar. En hulle kon nie van mekaar af wegkom nie - hulle was albei aan dieselfde man gebonde.

Peninna is in een opsig meer bevoorreg as die meer geliefde Hanna. Sy het vir Elkana kinders gegee en Hanna was kinderloos. En dit is steeds vir enige vrou nie maklik om kinderloos te wees nie. Destyds was dit nog veel erger. Dit is selfs as 'n straf van die Here beskou, wanneer Hy die moederskoot sluit.

Hierdie wapen gebruik Peninna teen Hanna. Sy steek haar triomf met 'n kindjie op haar skoot, of omring deur haar kindertjies,

nie onder stoele en tafels weg nie. Sy pynig Hanna selfs met neerhalende spot en sinspeel daarop dat God die voortrekkery van Hanna deur Elkana op haar wreek. Sy het Hanna bitterlik geterg om haar te vertoorn, omdat die Here haar moederskoot toegesluit het.

Elkana het sy bes gedoen om Hanna te troos. Hy bewys aan haar besondere gunsies - selfs voor Peninna. By die jaarlikse offermaaltyd in Silo gee hy aan Hanna 'n dubbele porsie van die offervleis. Peninna het haar selfs so geterg dat sy van verdriet huil en weier om te eet.

Elkana probeer troos:

> "Hanna, waarom ween jy? Is ek vir jou nie beter as tien seuns nie" (1 Sam. 1:8).

Dit sou normaalweg so wees, indien Hanna sy enigste vrou was. Kinderlose huwelike kan ook gelukkige huwelike wees. 'n Man en vrou

kan mekaar gelukkig maak in hulle liefde vir mekaar - ook sonder dat daar kinders is.

***Sy bid en ween bitterlik.***

Hier was Elkana se liefde egter nie genoeg nie. Op die agtergrond was altyd die ander vrou, met haar neerhalende spot.

Hanna kon dit nie meer verduur nie.

Sy staan vinnig op van die offermaaltyd en vlug.

Gelukkig vlug sy na die Here toe. Sy gaan na die tabernakel en stort haar verdriet uit voor Hom wat weet en sien en kan help.

> "En bitter bedroef het sy tot die Here gebid en bitterlik geween; en sy het 'n gelofte gedoen en gesê: Here van die leërskare, as U waarlik die ellende van u diensmaagd aansien en aan my dink en aan my 'n manlike kind skenk, dan sal ek hom aan die Here gee al die dae van sy lewe; en geen skeermes sal op sy hoof kom nie" (1 Sam. 1:11).

Die seuntjie sou dus soos Simson 'n "nasireër van God" wees - van sy geboorte af.

Gelukkig is die moeders wat ook sulke geloftes doen of voornemens in hulle harte dra, wanneer hulle kindertjies verwag.

> "Ek sal hom of haar aan die Here gee. Ek sal hom vir die Here grootmaak."

Eintlik doen ons almal die gelofte wanneer ons ons kleintjies laat doop. Dan lê ons immers die "doopsbelofte" af, wat juis dit inhou.

***Die Here verhoor.***

Ou Eli, die hoëpriester, het die vrou sien binnekom. Hy het haar stilweg sit en dophou. Hy sien haar op die grond lê en prewel en huil. Eindelik kon hy die skouspel nie meer verdra nie. Hy sê vir haar:

> "Hoe lank wil jy jou soos 'n dronk mens gedra? Sit jou wyn van jou af weg" (1 Sam. 1:14).

En Hanna vertel:

> "Nee my heer, ek is 'n vrou beswaard in my gemoed: Wyn of sterk drank het ek nie gedrink nie, maar ek het my siel voor die aangesig van die Here uitgestort" (1 Sam. 1:15).

Eli se priesterhart is geraak:

> "Gaan in vrede, en mag die God van Israel jou bede gee wat jy van Hom gebid het" (1 Sam. 1:17).

En sy het gegaan en die Here het aan haar gedink.

By die wisseling van die jaar is vir haar 'n seuntjie gebore. En sy het hom Samuel genoem:

> "Want, het sy gesê, ek het hom van die Here gebid."

Dit is die verhaal van Hanna se verdriet en vreugde.

Of sy dit nog kom belewe hoe die Here Samuel gebruik as profeet en rigter van Israel, word nie aan ons vertel nie.

Een ding is seker: Samuel het 'n moeder gehad wat kon bid en haar gelofte aan die Here betaal het.

Samuel staan daar as 'n toonbeeld van God se genade en 'n baken in die Openbaringsgeskiedenis.

Sy moeder se gebede en geloof is nie beskaam nie.

Salig is die vrou wat haar kinders van die Here afbid en aan die Here teruggee, soos Hanna gedoen het.

## 17. Eli, die swak vader met tuglose kinders

> "want toe sy seuns skande oor hulleself gebring het, het hy hulle nie streng bestraf nie" (1 Sam. 3:13).

***Ikabod!***

Eli, die hoëpriester, en sy twee seuns, Hofni en Pinehas, het op een dag gesterf. . .

Op die dag is Israel deur die Filistyne verslaan en die ark van die Here deur hulle weggevoer.

Op die dag het Eli se skoondogter ook geboorte gegee aan 'n seun en sterwende die seuntjie "Ikabod" genoem want:

> "Weggevoer is die eer uit Israel!" (1 Sam. 4:21).

En die oorsaak van al die ellende het daar begin: by die sonde van die priesters Hofni en Pinehas en by hulle vader wat hulle nie behoorlik bestraf het nie.

Dit het God se toorn oor die hele Israel gebring.

Die hoëpriester sondig nie goedkoop nie. Geen mens sondig goedkoop nie, veral nie 'n leier van die volk, in watter hoedanigheid ook al nie. . .

***Waak oor eie huis.***

Die hoëpriester het 'n groot verantwoordelikheid: hy moet waak oor die heiligdom en die heilige erfdeel van die Here, sy volk. Maar hy moet ook waak oor sy eie huis.

Hy en sy huis moes 'n voorbeeld wees vir die hele volk.

Vanselfsprekend geld dit van elke ampsdraer van sy volk, maar ook van die ampsdraer in die kerk van die Here:

> " 'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?" (1 Tim. 3:2,4,5).

Eli se seuns was priesters in die heiligdom van God.

> "Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die Here nie erken nie . . . En die sonde van die jong manne was baie groot voor die aangesig van die Here, want die mense het die offer aan die Here verag" (1 Sam. 2: 12, 17).

Deur die verkeerde voorbeeld van die priesters is die volk verlei om die offer aan die Here te verag.

Dit kan immers nie anders nie. Die priesters het 'n verkeerde voorbeeld gestel. En die volk het hulle daarin nagevolg. So is die offer verag en die Here self verag deur sy volk - as gevolg van die voorbeeld van die priesters.

Wanneer dit so gaan met 'n volk of kerk, dan kom daar altyd verval. God verlaat sulke mense. Hy vertoorn Hom oor hulle.

***Sonde se bose vrugte***

Eli het wel gepraat met sy seuns, maar hy het hulle nie streng bestraf nie.

Daar kom selfs 'n onbekende profeet by Eli en kondig die oordeel van die Here oor hom en sy nageslag aan. Die Here sou die priesterskap van hulle wegneem - vir altyd:

> "En dit sal vir jou die teken wees wat oor jou twee seuns, oor Hofni en oor Pinehas, sal kom: Op een dag sal altwee sterwe" (1 Sam. 2:34).

Selfs die jong Samuel, vir wie Eli baie lief was, het 'n profetiese woord ontvang dat die Here Eli en sy huis sal tref met sy oordeel. En Eli se reaksie was maar net:

> "Hy is die Here; laat Hom doen wat goed is in sy oë" (1 Sam. 3:18).

En dan kom die oordeel . . .

Israel word in 'n veldslag verslaan deur die Filistyne.

En die oudstes van Israel gee bevel dat die verbondsark na die slagveld gebring moes word.

En Hofni en Pinehas bring die ark.

So meen Israel en sy priesters om die lewende God te dwing om hulle te beskerm.

Wat 'n vreeslike misverstand. Eintlik maak hulle van die ark van die Here 'n afgod. Hulle meen dat hulle God "self" die laer indra. Asof 'n mens God op so 'n wyse kan forseer om saam te speel! Die ark is bloot 'n teken dat God in die midde van sy volk woon. Dit is nie God self nie en Hy is ook nie gebonde aan die ark nie. Net soos 'n mens by die nagmaal vir jouself tot 'n oordeel die brood en wyn kan eet en drink, so het hierdie mense die ark vir hulleself tot 'n oordeel na die slagveld gebring.

Die uiteinde is dat Israel verslaan en die ark weggevoer is na die land van die Filistyne.

Die twee seuns van Eli sterf albei in die veldslag.

'n Boodskapper kom in Silo aan. Hy vertel van die veldslag en van die dood van Eli se twee seuns. Eli sit in sy ouderdom op 'n stoel aan die kant van die pad. Hy hoor alles:

> "Net toe hy melding maak van die ark van God, val hy agteroor van die stoel af aan die kant van die poort, sodat hy sy nek gebreek en gesterf het" (1 Sam. 4:18).

Sy skoondogter, die vrou van Pinehas, was vér heen in haar swangerskap. Toe sy die tyding hoor van die volk wat verslaan is, haar man en sy broer se dood en die ark wat weggevoer is, begin haar barensweë.

Sy gee geboorte aan 'n seuntjie en kon hom nog in haar eie sterwensnood "Ikabod" noem en sê:

> "Weggevoer is die eer uit Israel . . ."

***'n Vader wat die roede spaar, het sy kind nie lief nie.***

Eli se swakheid het dit ten gevolge dat God sy volk oorgee aan die Filistyne . . .

En die ark van die Here is in die vreemde heidense land - inderdaad 'n teken van die werklikheid dat God sy volk verlaat het.

Dit moet elke volk- en kerkleier onthou.

Kan hy sy eie huis nie regeer nie, hoe kan hy dan oor kerk of volk regeer?

Maar Eli is ook die tragiese voorbeeld van elke vader wat nalaat om sy kinders te tug.

Die Bybel leer ons dat die sogenaamde "permissiwiteit" 'n gevaarlike lewenshouding is.

'n Ouer en 'n leier het 'n groot verantwoordelikheid.

'n Sagte heelmeester maak stinkende wonde.

# 18. Dawid pleeg owerspel en moord

> "Toe sê Natan vir Dawid: U is die man!" "En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die Here (2 Sam. 12:7, 13).

***Volwasse mens***

Die man na God se hart pleeg owerspel met die vrou van Uria.

Om sy sonde te bedek laat hy haar man vermoor.

En hy is niemand minder as koning Dawid nie. Die man wat 'n erenaam dra in die geskiedenis van sy volk.

Selfs in die Openbaringsgeskiedenis staan Dawid se naam uit as 'n baken. Hy sou die vader van die Christus genoem word. Jesus is in Bethlehem die stad van Dawid gebore en Hy is "die Seun van Dawid" genoem.

En dan praat mense in ons tyd van "volwasse" en "mondige" mense. In fliek en skouburg word naaktheid en erger dinge gesien en opgeswelg. Solank dit maar "kuns" is en "pas in die verloop van die verhaal", kan niemand daarteen beswaar aanteken nie. Veral "leke" op die gebied van "kuns" moet hulle monde hou. Wat begryp hulle ook van die godin "skoonheid"? Die "kenners" kyk nie met "ontugtige" oë nie en sonder "bose begeertes" in hulle harte. Die beswaarmakers is ook maar net huigelaars wat die kat in die donker knyp. Indien "erotiese" tonele nie gesien of gehoor word in 'n opvoering of boek nie, is dit nie "op peil" nie. En pryse en toekennings word deur geleerde manne uitgedeel aan skrywers vir hulle "moed" omdat hulle die "werklikheid" beskryf en die "waarheid" ontbloot. En hoe?!

Ag, die Bybel is verouderd. Dawid was primitief deur hom op hol te laat jaag deur die naakte liggaam van 'n mooi vrou. Ons is "verlig" en "mondig" en het die 'inhibisies" ontgroei. En sommige van die leiers noem hulleself Christene. Hulle help in elk geval die duiwel op handige wyse om ons volk na die afgrond te rig.

***Van nature geneig tot sonde.***

Nee, Dawid staan daar as 'n ernstige en tragiese voorbeeld vir ons.

Twee dinge was van hom waar en is waar en bly waar vir alle mense:

Ons is van nature geneig tot elke soort sonde - ook ontug.

En:

> "Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg" (Matt. 5:28).

***Sien en begeer***

Dawid het hierdie keer nie saam met sy leër uitgetrek na die slagveld nie. En teen die aand soek hy 'n bietjie vars lug op die dak van sy paleis. Hy kyk af op die naburige agterplase en sien 'n mooi vrou wat besig is om te bad. 'n Diep begeerte na die vrou ontbrand in sy binneste. Hy laat haar sonder meer haal nadat hy navraag gedoen het en gee uiting aan sy begeertes ten spyte daarvan dat sy getroud was. Die vrou gaan terug na haar man se huis en laat Dawid later weet dat sy swanger is.

So het Dawid se sonde begin. Hy het gesien en begeer en die verkeerde ding gedoen. Of die vrou, soos Josef, teëgepraat het en of sy hartgrondig medepligtig was, word nie vertel nie. Dawid is egter skuldig en hy weet dit. Batseba was Uria se vrou en hy mog so iets nie doen nie. Hy het gesondig teen Uria en sy vrou. Daarby het hy 'n sonde teen die Here gedoen. Hy het die heilige huwelik ontheilig.

En bowendien was Dawid die gesalfde koning van Israel. Sy verantwoordelikheid is dubbel. Dit weet ons uit die geskiedenis van die hoëpriester Eli. Die Here het Dawid uitverkies en hom ver bo sy landgenote bevoorreg. In plaas daarvan om te waak teen die onreg stel hy 'n voorbeeld wat as struikelblok vir sy eie kinders en volk sou dien.

***Een sonde lei tot 'n ander***

Veral die soort sonde lei gewoonlik tot ander sondes. Dit vind gewoonlik skelm en in die geheim plaas. Deurdat Batseba 'n baba verwag, dreig die oortreding om aan die lig te kom. Uria is immers op die slagveld en al maande van die huis af weg. Dan begin koning Dawid listige planne versin om sy sonde te bedek. Hy laat Uria terugroep huis toe en gee aan hom vergunning om by sy vrou te gaan slaap. Uria weier egter om van die geleentheid gebruik te maak terwyl sy makkers op die slagveld is. Dit lei tot sy dood.

Dit was immers so maklik. Veggeneraal Joab kry opdrag om Uria in 'n lokval van die vyand te laat omkom. En dit gebeur. Ook Joab laat hom gebruik in die sondige en listige opset van Dawid.

Soos enige "ordentlike vrou" rou Batseba oor haar gestorwe man - "die dapper held!" Toe die routyd verby is, laat Dawid haar na sy paleis bring en sy word sy "wettige" vrou - sy is immers nou 'n weduwee.

Dawid was nie primitief nie. Hy was hoog beskaafd en voor die oë van die mense tree hy volgens die gebruike van sy tyd "fatsoenlik" op.

Hy het egter in 'n onbewaakte oomblik sy drifte losgelaat en hulle het die oorhand oor hom gekry. Daarna het hy nog 'n groot misdaad gepleeg om die eerste te verberg.

So is en bly 'n mens maar - van die nederigste tot die mees geëerde. Hier is geen onderskeid tussen 'n barbaar en 'n hoog ontwikkelde verligte en mondige mens nie. Die duiwel lê en loer voor elkeen se deur en sy begeerte is na jou. Elkeen staan bloot aan net sulke growwe sondes.

***Sonde dra vrugte***

Gelukkig het Dawid toe die profeet hom aanwys as die skuldige, sy sondes bely. Dit het egter bitter vrugte gedra in sy huis onder sy eie kinders. Sy seun Amnon, verkrag sy halfsuster Tamar. Amnon word op sy beurt deur Tamar se broer Absalom vermoor. En Dawid staan met afgekapte hande: owerspel en moord - sy eie sondes - leef voort onder sy kinders. En hy kon nie teen Absalom optree soos hy as vader moes optree nie. Hy kon ook nie as koning vir Absalom straf soos hy verdien het om gestraf te word nie.

Uiteindelik kom Absalom in opstand teen sy eie pa. In die rebellie word die leër van Absalom egter verslaan en hyself sneuwel. En dan hoor ons in die smartlike uitroepe van 'n vader, 'n aanklag van sy eie gewete:

> "My seun Absalom, my seun, my seun Absalom" (2 Sam. 18:35).

Die sonde van die vaders word besoek aan die kinders tot in die derde en die vierde geslag.

Die Here straf nie die kind vir sy pa se sonde nie.

Nee, die kind volg die voorbeeld van sy pa en pa se gewete laat hom nie toe om sy kinders behoorlik te tug nie. Bowendien help vermaning en tug dikwels nie, omdat woorde wek maar voorbeelde trek. So 'n pa se vermaning verloor die krag en uitwerking op 'n kind. Wat help dit om jou kind te vermaan as hy vloek, wanneer hy dit by jou geleer het?

# 19. Huweliksliefde en Messiasflitse

> "U troon, o God, is vir ewig en altyd . . . Hoor, o dogter, en kyk en neig u oor, en vergeet u volk en die huis van u vader; en as die Koning u skoonheid begeer - want Hy is u Heer - buig u dan voor Hom neer" (Ps. 45:7, 11, 12).

### *Messias-koning*

Ek sluit in Psalm 45 aan by ons ou Afrikaanse vertaling. Die nuwe vertaling vertaal "God" in vers 7 met "verhewe wese". Waar die teks egter aangehaal word in Hebreërs 1 en toegepas word op Christus, word dit ook in die nuwe vertaling met "God" vertaal:

> "U troon, o God, staan vir ewig vas" (Hebr. 1:8).

En ek glo tog darem maar dat die Heilige Gees, die Outeur van die Skrif, die beste weet waarom ons die Hebreeuse woord "God" in Psalm 45 nie met "verhewe wese" kan vertaal nie. Daarom bly ons maar by die ou vertaling en sing saam met Asaf van ons Koning, Jesus Christus, en sy bruid.

Die digter het seker 'n bruilofsfees van een of ander koning van Israel bygewoon. Dit het hom geïnspireer om die huwelikslied te skryf - en moontlik voor te dra. Maar gaandeweg - miskien selfs sonder dat hy daarvan bewus was, het die Heilige Gees hom dinge laat sien en sê wat veel verder reik as die koning en sy koningin wat hy aanskou. Die koning word vir hom 'n voorbeeld of tipe van die verwagte Messias-koning en die koningin neem die gestalte aan van die volk of kerk, die bruid van die Messias.

Daarom vloei die gedig oor vanaf die koning en kan hy eenvoudig praat van "God" as die Bruidegom.

> "U troon, o God, is vir ewig en altyd . . . Daarom het, o God, u God u gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle" (7:8).

### *Gee aan huwelik 'n dieper betekenis*

En hierdie lied word opgevang deur die skrywer van die Hebreërbrief en hy pas dit direk toe op Jesus Christus.

Dit gee aan die mooi lied 'n dieper betekenis en 'n heerliker inhoud.

Dit gee ook aan die huwelik tussen man en vrou 'n dieper betekenis as wat mense ooit kan vermoed. Die huwelik is 'n afbeelding of heenwysing na die verhouding tussen Christus en sy gemeente.

Uiteindelik hoor ons die huwelikslied by die bruilof van die Lam, wanneer Christus kom op die wolke van die hemel om sy toebereide bruid, sy gemeente, met Hom na die ewige heerlikheid te neem.

### *Beklee met ootmoed*

Die digter sing van die koning se mag en majesteit. Hy sal sy vyande verslaan met die swaard aan sy heup. Hy is veel skoner as die mensekinders. God het Hom geseën vir ewig. Hy ry voorspoedig op sy wa ter wille van waarheid en ootmoed en geregtigheid. Hy is geen tiran wat vertrap en verbrysel nie, maar beklee met ootmoed en nederigheid daal Hy die diepte in om sy bruid te ruk uit die kloue van die dood en die sonde van die duiwel.

Sy troon is vir ewig en altyd.

Hyself sê:

> "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" (Matt. 28:18).
>
> "U God, o God, het U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle."

Hy, ons Bruidegom, het Homself verneder - oorgegee - vir sy bruid. En van sy bruid verwag Hy:

> "Hoor, o dogter, en kyk en neig u oor, en vergeet u volk en die huis

> van u vader; en as die Koning u skoonheid begeer - want Hy is u Heer . . ."

Hierdie uitspraak laat 'n mens byna woordeliks dink aan die roeping van Abraham:

> "Gaan uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis ..."

Die bruid van die Here moet alles verlaat en Hom alleen aankleef.

> "Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees" (Ef. 5:24).

***Huwelik 'n geheimenis***

Soos Christus Homself aan die gemeente oorgee, so moet die man homself oorgee vir sy vrou. So lief moet hy haar hê.

En soos die gemeente aan Christus gehoorsaam is en alles verlaat ter wille van Hom, so moet die vrou dit ook vir haar man oorhê. En vir geen vrou is dit moeilik om 'n man, wat haar so liefhet, gehoorsaam te wees en haarself geheel tot sy beskikking te stel nie. So word die Christelike huwelik die afbeelding van die verhouding tussen Christus en sy gemeente.

Laat die lig só skyn uit u huwelik in hierdie wêreld.

Kan ons ook so sing by die huwelik van twee jong gelowiges - 'n bruid en bruidegom wat die Here vrees?

Kan ons ook agter die bruidegom die gestalte van die Koning van die konings sien?

Ja, want sy liefde vir sy vrou moet altyd 'n weerkaatsing wees van die liefde van die Here vir sy bruidskerk.

Kan ons ook agter die bruid in haar bruidsklere die gestalte sien van die bruid van Christus, beklee met blink en fyn linne?

Ja, want sy moet haar man so liefhê en aan hom so onderworpe wees, soos die gemeente dit aan Christus is.

In so 'n huwelik word die heerlikheid van die Here geopenbaar.

En so 'n huwelik vertoon aan die wêreld nie alleen hoe 'n gelowige man en vrou moet saamleef nie, maar verkondig ook in blye stem die liefde van Christus vir 'n verlore wêreld.

Aan die ander kant vertel dit van die liefde van die wedergebore mensdom vir hulle Koning en Verlosser.

Ook deur die voorbeeld in ons huwelikslewe word andere vir Christus gewen.

## 20. "As die Here die huis nie bou nie . . ."

> "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou" (Ps. 127:1).

***Troffel en swaard.***

Jy wil 'n huis bou.

Dit kan 'n huis van klip en stene en sement wees.

Dit kan egter net so goed 'n huis van man en vrou en kinders wees.

Eintlik maak dit nie saak hoe ons dit sien nie, want hier word 'n algemene waarheid

uitgespreek.

Ons kan selfs die tweede deel van die vers ook op die huis toepas:

> "as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter."

Dit gaan hier om ons hele samelewing en al ons werksaamhede.

Adam het alreeds die opdrag ontvang om oor God se skepping te waak en dit te bewerk. En hier gaan dit ook oor werk en waak. En nêrens in die hele samelewing moet ons nie werk en waak nie. Altyd en oral gaan dit met ons mee.

Huise en stede is in die ou tyd nie soseer vir gerief gebou nie. Veiligheid of skuiling teen wind en weer, maar ook beskerming teen rowers en roofdiere, was 'n belangrike oorweging. Daarom is stede omring deur hoë en sterk mure, om die vyand buite te kon hou. Daarom is bouwerk vir ons nie altyd 'n plesier nie. Bouwerk word dikwels gedoen soos in die dae van Nehemia: die troffel in die een hand en die swaard in die ander een.

En dit is presies hoe ons 'n "huis", 'n gesin, moet bou. 'n Man en vrou is gedurig besig om te werk. Soms swoeg jy in die sweet van jou aangesig. Soms saai jy jou saad met trane en eet jy jou brood met gesug.

***Tevergeefs bou ons.***

En tog . . .

Hoe goed weet ons dit nie?

"Tevergeefs" staan bo elke menslike bouwerk geskrywe.

Dit is tevergeefs - alles tevergeefs - 'n gejaag na wind.

Dit geld ook vir die bou en opbou van jou gesin.

Watter ouer het nie al trane gestort oor die "tevergeefs" wanneer dit die opvoeding van sy kinders betref nie?

Net so kan ons as opskrif bo elke menslike waaksaamheid skrywe: "Tevergeefs ..."

Tevergeefs waak pa en ma vir dae en nagte.

Die sonde lê en loer voor die deur en sy begeerte is na jou en my en ons kinders.

En jy kan hom nie vaspen nie - hy sluip soos die pes in die donker rond. Hy glip deur die kamervenster en kruip saam met jou kind onder die kombers in.

Jy weet nie hoe en waar en wanneer die onsigbare vyand toeslaan nie.

Waak! Waak! Waak!

En tog . . .

Wat help dit.

Dit is tevergeefs!

Ek kan tog nie my kind aan die tafelpoot of my rokspante vasmaak nie.

Ek kan tog nie al die kronkelpaadjies saam met hom loop nie.

Uiteindelik sit pa en ma met vertrapte harte en leeggehuilde oë.

My dierbare ou seuntjie, wat nou-die-dag nog 'n kleuter was, breek nou met ruwe hande alle tere bande.

My liewe ou dogtertjie - ag hoe oulik was sy nie?

Waar dwaal sy nou rond en in wie se geselskap?

Tevergeefs werk ek . . .

Tevergeefs waak ek . . .

*Tensy ek my op die Here verlaat en Hy werk en waak!*

### *Die Here bou en Hy waak*

Gelukkig het die Here Adam en Eva weer opgesoek, nadat hulle werk en waaksaamheid misluk het.

Gelukkig het HY met Abraham 'n verbond gesluit:

> "... om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou ..." (Gen. 17:7).

En Hy bly getrou aan sy verbond.

Hy kan vashou wanneer pa of ma se arm te kort is.

Hy kan sien wanneer kleinboet of kleinsus wegdwaal onder ouer-oë uit.

Dan is ons werk en waaksaamheid nie tevergeefs nie.

Kniel ootmoedig voor Hom en vra Hom nederig om van u werkers en bewakers te maak.

Hy het aan jou kosbare goedjies toevertrou - syne - sy kinders.

En Hy kan beter bou aan hulle en waak oor hulle as wat ons ooit kan droom.

Maar dan moet ons bou en waak soos bouers en bewakers wat 'n opdrag het:

> "Laat my lammers wei . . ." (Joh. 21:15).

Ons moet hulle laat wei op die groen weivelde van sy Woord. Ons moet hulle aan die handjies neem en na Jesus toe bring wat sy bloed ook vir hulle uitgestort het.

> "Laat jul kinders tot My nader en geen hindernis hul weer, want die koninkryk der heem'le is hul erfdeel, sê die Heer" (Skrifberyming 15 Totius).

Hier lê die een groot knoop van die meeste ouerverdriet.

Ons meen al te dikwels dat ons sonder die Here kan klaarkom. Of anders kry die Here en sy Woord die oorskiet van die tyd en aandag van ons kinders, nadat skool en sport en verenigings en plesier hulle deel gehad het.

### *Ons kan nie - Hy alleen kan*

Die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek om ons en ons kinders te verslind.

Ons stryd gaan nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug.

Die duiwel lag ons uit, omdat ons maak asof hy nie bestaan nie.

Ons kinders moet alles weet van alles af, ook geslagsake, maar die Here hoef hulle maar net so min of meer te ken.

Leer tog u kind om te vlug vir die bose!

En leer hom of haar ook om te weet waarheen om te vlug.

Daar is net een ding wat altyd onder alle omstandighede vir hulle en vir ons goed is:

> "Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees" (Ps. 73:28).

Maak hulle naby die Here groot en leer hulle om naby God te bly. Dan alleen is alles nie tevergeefs nie.

Dan bou die Here jou huis.

Dan waak Hy oor ons stad.

En dan sal niemand ons kinders ooit uit die hand van die Here kan ruk nie.

## 21. Gelukkig is jy met jou wingerdstok en olyfboompies

> "Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien . . . Jou vrou is in jou huis soos 'n vrugbare wingerdstok, jou seuns is rondom jou tafel soos jong olyfboompies" (Ps.128:1, 3).

Seën op jou handewerk. Tel jou seëninge.

En begin tuis - by jou werk en in jou huis!

Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.

> "Die vrug van jou arbeid sal jy geniet, gelukkig en voorspoedig sal jy wees."

Kyk maar hoe die Here jou handewerk geseën het en hoe Hy jou en jou gesin versorg het en nog steeds elke dag versorg.

En moenie kla nie, maar dank Hom vir sy genade - ook in die stoflike lewe.

***Jou vrou 'n wingerdstok.***

En let op die vrou wat die Here jou gegee het.

Volg haar gange *binne-in jou huis.*

Die digter van Psalm 128 het nog nie geweet van vroue wat "uitwerk" nie.

Hy het die vrou nog "in jou huis" gesoek.

Daar is sy die middelpunt - die koningin van haar koninkrykie.

Daar is sy die *hart* waarom alles draai.

Sy wag jou daar in - met die liefde van haar hart. Ook met jou kinders se vreugdetjies en verdriet leef sy mee.

In jou huis vind jy verkwikking en nuwe krag - geesteskrag om blymoedig voort te gaan met jou daaglikse werk.

Vir haar kan jy sweet en swoeg sonder om moeg te word of te kla, want sy is die gawe van die Here aan jou.

Sy is edel en vrugbaar soos die wingerdstok.

> "Soos ons met welgevalle die wingerdstok aanskou, en tel die trosse talle wat ons die blare ontvou - so sal sy in jou lewe, die huisvrou van jou jeug, aan jou die volheid gewe van huislike vreug."

Die hulp wat by jou pas is die beste wat jy op aarde besit. Bekyk haar met 'n dankbare hart en aanvaar haar met liefde as jou eie vrou.

> "So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente" (Ef. 5:28, 29).

So is die kosbare wingerdstok binne-in jou huis. En dit is goed - dit is 'n seën van bo. Prys die Here vir haar!

***Kinders soos olyfboompies.***

Dit is etenstyd!

Die kinders word geroep en sit rondom die tafel.

Wat 'n genade die kinderseën!

Elkeen van hulle is afsonderlik 'n gawe uit die hand van jou hemelse Vader.

Hy het elkeen gemaak met sy of haar eie patroon en geaardheid.

In die tyd waarin Psalm 128 geskryf is, was daar gewoonlik baie kinders om die etenstafel.

Dit was 'n gelukkige en dankbare gesin.

Ongelukkig word kinders deesdae meer en meer as "oortollig" en 'n "las" beskou.

Ekstra mondjies om met die smaaklikste kos te voed en liggaampies om die beste en mooiste klere aan te trek.

Gelukkig is die man en vrou wat kindertjies ontvang van die Here.

Gelukkig is jy wanneer jy in jou huis sit en hulle een vir een bekyk en die Here in jou hart prys vir hulle.

Jy het alle rede om gelukkig te wees.

Jy is soos 'n koning met jou koningin aan jou sy en koningskinders rondom jou tafel.

Olywe is 'n edel vrug en olyfboompies is die moeite werd om te besit en op te kweek soos plante in hulle jeug.

En die allergrootste geluk is dat jy en jou vrou en die kinders rondom die tafel die Here saam dien, want julle behoort aan Hom. So word die huistafel ook die huisaltaar met die oopgeslane Boek in julle midde.

Jy en jou vrou en jou kinders is duur gekoop - nie met goud of silwer nie, maar met die kosbare bloed van die Lam van God.

En wanneer jy oud word, sien jy hulle weer as gelukkige vaders en moeders.

En jy verbly jou in jou kleinkinders.

Ook dit is 'n seën van God.

> "Mag die Here jou seën uit Sion . . . dat jy jou kindskinders mag aanskou."

Salig is die volk met sulke gesinne. Salig is die volk met wie dit só gaan. Salig is die volk wie se God die Here is.

## 22. "Verheug jou oor die vrou van jou jeug"

> "Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug - die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees" (Spr. 5:18, 19).

***Liefde 'n lopende fontein.***

Liefde tussen man en vrou is 'n fontein.

Vars borrel dit uit die harte van twee mense en stroom lustig op sy kabbelgangetjie. Soms kan dit bruis en jou bedwelm en verswelg, maar nooit, nooit word dit bitter of smaakloos nie. Dit bly steeds 'n stroom wat aanswel en in diepte toeneem. Met tye is dit rustig en kalm en byna bomenslik genotvol.

Weg van jou huis bly sy daar altyd die rustige anker wat wag. Storms in die lewe kan beuk en dreun, maar tree jy jou huis binne waar sy is, kom jy aan in die rustige hawe. Jy word ontvang met 'n glimlag en 'n welkomskus - ja, vir die liefde is dit nooit 'n niksseggende "gewoontesoen" nie. Daar is kontak en innigheid. Julle is een en ken mekaar deur en deur. Jou geliefde vang jou gemoedstemming op en beleef jou vreugde en verdriet saam met jou.

Huweliksliefde is die mooiste en grootste gawe wat God aan 'n mens op aarde kan gee - ondanks jou sondigheid. Jy leef altyd met die besef: dit is te goed om waar te wees.

***God gun dit aan ons.***

Vir die Christen-man-en-vrou-eenheid hou dit nog 'n groter vreugde in. Jy kan gee en ontvang - alles - die volle eenheid na siel en liggaam, sonder om jou ooit te skaam. Julle kan julle met blydskap oorgee aan die volle genieting van mekaar en daarna rustig en ryk en tevrede wees, omdat jy weet: God gun dit aan my. Dit is my deel op aarde en ek kan en mag en moet selfs aanvaar en belewe hoe ryk dit is om mekaar geheel te besit. Dit is te veel vir 'n sondaarmens om enigsins eise te stel. Jou beker loop oor en jy wil maar net jou oorvol hart uitstort oor jou geliefde.

***Werk daarvoor***

Vanselfsprekend moet jy hiervoor werk en jou daartoe inspan.

> "Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put."

Dissiplineer jouself om alleen jou eie vrou so te sien en te begeer soos 'n man 'n vrou mag en moet begeer.

En hou jou fontein skoon en vars. Waardeer wat jy het en bewys dit aan hom of haar. As man mag jy nooit huiwer om iets waarderends of mooi vir jou vrou te sê nie. Laat haar besef dat sy vir jou die eerste en enigste is. Sê maar vir haar hoe lief jy haar het, al weet sy dit.

> "verheug jou oor die vrou van jou jeug - die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurig bedwelmd wees."

***Soek nie jouself nie.***

En waarom voor ander mense skaam wees om te wys en te sê dat jy waardeer wat jy het?

In die geselskap soek die man, wat liefhet, en sy vrou mekaar se oë en beantwoord mekaar se glimlag met begrip en liefde.

Hulle is lojaal teenoor mekaar - oral en altyd.

Aanpassingsprobleme is daar altyd, maar dit is nooit onoorkomelik nie. Selfverloëning is nie moeilik nie, want die liefde soek nooit homself nie, maar soek om die geliefde te behaag.

### *Uit liefde kinders ontvang*

En uit die onbevange liefdesomgang volg die rykdom van die kinderseën. Nog inniger, groei die band rondom die kind van julle liefde - julle een-wees na die liggaam. Jy kan jou verkyk aan die handjies en voetjies van die klein wesentjie wat die vrug is van julle huweliksliefde en geluk. Soos die kindertjies opgroei en oulik en soms stout word, groei die eenheidsband in vreugde en sorge.

Word julle ouer, is die stroom rustiger, maar dit groei in diepte en ongekende kameraadskap. Julle kan oud en grys en verrimpeld word, maar die stroom van die Godgegewe liefde bly verrassend vars en jonk.

### *Christen man-en-vrou kan waarlik liefhê.*

Soos nêrens elders leer 'n mens wat dit beteken om 'n Christen te wees soos in die huwelik nie. Tussen Christus en sy volgeling bestaan 'n "liefdesverhouding". Dit beteken vir ons:

> "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg" (Matt. 16:24).

In die liefdeseenheid verdwyn die "ek" as 't ware en die "ons" - "ek-en-jy" - is die hoofsaak. 'n Man wat homself nie kan verloën nie, is geen ware eggenoot in die Christelike huwelik nie. Dieselfde geld van 'n vrou. En dit is die eerste en deurslaggewende beginsel ook in ons verhouding tot Christus. Daarom heers die man nie oor sy vrou nie, maar gee homself vir haar soos Christus Homself vir sy gemeente oorgegee het. Ons Here kon Homself ter wille van ons verloën, en waarom sou ons dit nie kan doen nie?

En die vrou is ook nie opstandig of baasspelerig teenoor die man wat haar liefhet nie. Ook sy kan die minste wees en haar man eer en gehoorsaam, omdat hulle mekaar liefhet om Christus ontwil.

### *Verloor hulleself in mekaar.*

En die vrug hiervan is juis die voortdurende opborrelende vreugde van die liefdesverhouding in die huwelik. Want 'n mens wat homself verloën, is bevry van homself, sy eie tirannieke ek. Hy leef nie meer nie, maar Christus leef in hom.

Dit bring ook ware huweliksgeluk - twee mense verloor hulleself in mekaar.

Hoe kan ons dit ooit begryp dat soveel vir 'n sondige mens op aarde gegun word?

> "Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug."

## 23. Lippe soos heuningstroop is op die end bitter soos wilde-als

> "... want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wilde-als, soos 'n swaard aan weerskante skerp" (Spr. 5:3, 4).

### *Ware liefde bly soet.*

Teenoor die ware huweliksgeluk teken die Spreukedigter ook aan ons die surrogaat van die

liefde. Dit staan in ons tyd bekend as "seks" en dit is maar net dit. Met liefde het dit in werklikheid niks in gemeen nie. Liefde is 'n gawe van God, waarby die geslagsomgang binne die huwelik ingesluit is, maar blote "seks" ('n woord wat ek nie graag gebruik nie) is hoegenaamd nog nie liefde nie.

Natuurlik het die Here in 'n seun en dogter of man en vrou geslagsdrange gelê. Maar Hy het ook bepaalde bane geskep waarlangs dit uitgeleef en onbevange geniet kan word - as sy gawe. Hy het die mens "man en vrou" geskape - een man en een vrou. En wanneer hulle voor sy aangesig in die eg verbind is, kan hulle hulle liefde vir mekaar onbevange en sonder gewetenswroeging uitleef. Dit is soet en dit bly soet en word nooit bitter soos wilde-als nie.

***Uit die duiwel.***

Hoe anders is dit wanneer 'n jong man en meisie vooruitgryp na dit wat alleen vir binne die huwelik bedoel is? En wat 'n vreeslike ellende word dit wanneer mans en vroue aan mekaar ontrou word? Wanneer 'n man of vrou beswyk voor die verleiding van die "vreemde". Die duiwel en menslike hartstogte maak die verleiding aanloklik. Daarom moet ons na hierdie vermaning van die skrywer luister "met vrees en bewing." Wie homself enigsins ken en weet hoe magtig die verleidinge is, vlug vir elke geleentheid om verkeerde begeertes te laat ontwaak en dit te voed, wat staan nog om daaraan toe te gee.

Hier is dapper mense "lafhartig" en vlug betyds.

Hier is helde en heldinne die seuns en meisies, en mans en vroue, wat verkeerde begeertes in hulle harte met wortel en tak uitroei.

Kom ons volg kortliks die paadjie van verleiding op voetspoor van die skrywer tot lering en waarskuwing.

***Heuningstroop.***

> "Die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop . . ."

Die "vreemde vrou" is nie jou eie vrou nie en sy vlei met haar woorde (2: 16).

Die misleide mens wat die sluipweë van die "seks" begin betree verwag heuningstroop - aangenaamheid wat smaaklik in die innerlike afgly. Dit word ook so voorgestel deur die verleidster. Gesteelde waters is soet en brood in die geheim geëet, is lekker. En dan sluit dit ook aan by die natuurlike drange en drifte wat bevrediging soek.

> "en haar verhemelte is gladder as olie . . ."

Die soort mense is normaalweg so glad soos 'n paling. Hulle weet hoe om hulle sin te kry, sonder om verantwoordelikheid vir hulle dade te aanvaar. Die soort "los" lewe is net wat dit is: dit is los, bandeloos en glad en op die afdraande pad.

***Bitter soos wilde-als.***

Die uiteinde is egter bitter.

O ja, die sonde maak jou blind en jy gaan gewillig op die pad.

Een dag kom die ontnugtering egter en jy staan met leë hande en 'n verterende gewete - indien die gewete nie al vereelt is nie.

Die soetigheid van die begin is maar 'n druppel in vergelyking met die bitterheid aan die einde.

> ". . . waarom sou jy, my seun, by 'n vreemde bedwelmd raak en die
> boesem van 'n ontugtige omhels? Want 'n mens se weë is voor die oë

> van die Here, en Hy weeg al sy gange. Sy eie ongeregtigheid vang hom . . . Hy sterf deur gebrek aan tug . . ." (Spr. 5:20-23).

***Die Here sien dit***

Ja, die Here, met wie jy nie rekening hou nie, sien dit.

Hoe kan jy ook sy seën verwag op so 'n verbreking van wat Hy geheilig het? "Jy mag nie egbreek nie", sê Hy. Daarmee plaas Hy sy muur van beveiliging rondom die heilige huwelik.

> "Alle onkuisheid is deur God vervloek en daarom moet ons van harte vyande daarvan wees en kuis en ingetoë lewe, in die heilige huwelikstaat en daarbuite."

Ja, "omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei" (Kategismus Sondag 41).

***Gewond en vermink.***

Vreeslik is dit wanneer God se vloek op jou rus. Dan verdwyn alle ware lewensvreugde. Blote seks is 'n vuil stroom en word uiteindelik bitter soos wilde-als. Dit is nog 'n groot genade wanneer dit nie tot 'n breuk in die huwelik lei nie - wanneer berou en bekering betyds kom. Gelukkig kan die liefde vir Christus - en van Hom en vir mekaar soms so groot wees, dat ontrou nog vergewe kan word, na hartgrondige bekering. Bly dan tog maar naby Hom en aan sy voete, omdat jy, of julle, jul eie swakheid ken.

'n Egskeiding dra altyd wrange vrugte vir beide man en vrou en miskien die meeste vir die kinders uit die huwelik. Hulle groei op as ontwrigte wesentjies, met verskeurde hartjies tussen pa en ma.

Bitter is dit op die end vir almal wat betrokke is.

Dit is 'n swaard aan weerskante skerp.

Man en vrou en kinders is gewond en vermink.

Mag die Here tog sy hand oor jou huwelik hou!

# 24. Armoede en rus of rykdom en twis

> "Beter is 'n stuk droë brood en rus daarby as 'n huis vol offermaaltye en twis" (Spr. 17:1).

***Rykdom en offermaaltye.***

'n Mens kan so maklik jou sin vir waardes verloor. Veral rykdom en weelde is baie aantreklik. Dit is ook nie 'n denkbeeldige gebruik dat mense "vir geld" trou nie. Ongelukkig is dit 'n baie swak basis om huweliksgeluk op te bou.

> " 'n Huis vol offermaaltye" is klaarblyklik 'n huis waarin erns gemaak word met die diens van die Here. Die mense is oënskynlik baie godsdienstig. Daar word telkens weer 'n offermaaltyd gehou. Van die 'n "gelofte- of vrywillige offer" kon, nadat die priester sy deel gekry het, huistoe geneem word en tot die volgende dag kon daarvan geëet word (Lev. 7:16).

Waar so iets gereeld plaasvind, het ons gewis te doen met gegoede mense. Die armes met 'n

stuk droë brood kan dit nie bekostig nie. Die skrywer dink derhalwe aan ryk mense wat ook bereid is om gereeld geloftes aan die Here te doen en boonop vrywillige offers te bring. Hulle word gereeld in die tempel gesien met vet beeste en skape en allerlei godsdienstige seremonies daarby. Op sigself is dit nie verkeerd, indien die "godsdiens" nie tot die tempel en die offers beperk gebly het nie. Dit sou ook nie verkeerd wees om die "goeie gawes van die Here" te geniet nie.

***Twis in die huis.***

Die fout is dat daar in die huisgesin, klaarblyklik tussen man en vrou, 'n gedurige onderlinge twis aan die gang is. Elders stel die skrywer dit so: "Liewer 'n porsie groente waar liefde by is, as 'n vetgevoerde bees en haat daarby" (Spr. 15:17). Ook dit sien gewis op die huisgesin.

Twis en haat lê op dieselfde vlak. Dit word dikwels in een asem genoem. Waar humeure opvlam en oë vonkel, verdwyn die liefde. Dit is geen teelaarde vir liefde nie. Al sou so 'n gesin in die grootste weelde leef, bring dit geen geluk nie, want die seën van die Here wyk en die duiwel neem oor. Gelukkig is die twisgierige man of vrou wat ten minste nog 'n vredeliewende maat het. Twis en hardheid wek twis: " 'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opvlam" (Spr. 15:1).

***Verloor die koninkryk van God.***

Bekyk ons die "sondelyste" van die onbekeerlikes in die Nuwe Testament dan word nydigheid, twis en kwaadaardigheid, saam met al die ander dinge soos "hoerery, boosheid, hebsug, moord, dronkenskap" ens. genoem. Mense wat sulke dinge doen - altans daarin volhard - sal gewis die koninkryk van God nie beërf nie (Rom. 1:29-32; Gal. 5:19-21).

Daarom:

> "Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word; Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God in Christus julle vergeef het" (Ef. 4:31, 32).

Indien dit in die algemeen tussen Christene geld, is dit des te meer nodig binne die huwelik, waar twee mense in die innigste band van liefde moet saamlewe.

***Armoede en huweliksvreugde.***

Hierteenoor teken die skrywer dan 'n ander gesin wat niks beter as 'n stuk droë brood het om te eet nie, of soos elders, 'n porsie groente. Baie van ons, wat in die depressietyd kinders was, het letterlik sulke toestande geken. Soms het die droë brood selfs ontbreek en was mieliepap en swart koffie die daaglikse dis.

En tog het ons pragtige herinneringe uit ons kinderjare. Ma moes skoene versool en rokke maak teen die vergoeding van 'n "sikspens" - vyf sente. By die koffie is koringsemels gevoeg, om dit meer te maak, en suiker is by die plaaswinkeltjie vir 'n paar hoendereiers geruil.

Maar daar het liefde gewoon tussen pa en ma en die baie kinders. Daar was rus - innerlike rus. Maar die rus het ook uitgestraal na buite. Hoe hulle "huweliksfees" was, sou ons as kinders nie kon sê nie. Miskien was dit teenoor die van die ryk mense maar 'n "droë stukkie brood." En tog is so 'n gesin ryker as konings en magtiges, as hulle die vrede met God ken en die rus in hulle huis besit.

***Liefde gee deurslag - nie besittings nie.***

Die Bybel hou nie aan ons voor dat ons die aardse gawes nie mag ontvang en geniet nie.

Gelukkig is daar ook soveel rus in baie huise van gegoede mense, waar die liefde woon.

Dank die Here egter in die eerste plek vir die harmonie en vrede tussen julle as man, vrou en kinders; en ontvang al die ander dinge as 'n *toegif*. Die vrede met God en onder mekaar is meer werd as al die aardse rykdomme, waarna mense soms so naarstiglik jaag.

Twis en haat en offermaaltye mag ook nie saamwoon onder een dak nie. Net so min pas "Boekevat" en "gebede" by twis en nyd in dieselfde huis. Sulke "godsdiens" is vir die Here 'n walging en word gebrandmerk as skynheiligheid.

> "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (Matt. 5:21).

## 25. Jou liefde is kosteliker as wyn

> "Laat hy my kus met kusse van sy mond; want u liefde is kosteliker as wyn" (Hoogl. 1:2).

***Bruilofslied***

Die Hooglied is 'n versameling van huweliksliedere.

Verklaarders het dit deur die eeue heen beskou as liedere wat allegories of tipologies na iets anders as die huwelik tussen man en vrou verwys.

Dit sien op die verhouding tussen God en sy volk - of tussen Christus en sy kerk.

In die jongste tyd word dit egter meer en meer beskou as blote huweliksliedere.

Daarvan het ons ook ander voorbeelde uit die ou Oosterse wêreld.

Ek wil dit ook so benader. By Psalm 45 het die digter vanuit die huwelik gestyg tot die "Messias-Bruidegom" en sy bruid - die gemeente.

Hier het ons egter geen aanduiding daarvan nie.

***Liefkosings***

Ons hoef ook geen aanstoot te neem teen die erotiese strekking daarvan nie.

Dat die bruid hier sing van die liefkosinge van haar bruidegom is nie verkeerd nie. Dit is immers iets wat die Here van harte aan sy kinders gun. Hy het ons "man en vrou" geskape en Hy bedoel dat ons as man en vrou liggaamlik na mekaar aangetrokke moet wees. Normaalweg bestaan 'n groot deel van ons lewe uit so 'n "een-wees" binne die huwelik - waarom sou 'n mens dan nie daaroor kan sing nie?

In hierdie eerste lied verlang die bruid na haar bruidegom.

Sy word singend ingevoer, sonder enige inleiding.

Haar hart is vol en loop oor. Dit borrel oor haar lippe:

> "Laat hy my kus met kusse van sy mond; want u liefde is kosteliker as wyn!"

***Kosteliker as wyn.***

Die bruid het 'n geliefde na wie sy smagtend verlang. Sy wil graag by hom wees, sodat hy haar kan soen. Met gloed en kleur sê sy wat sy begeer - die kusse van sy mond. Sy sien uit na die bedwelming van die liefde wat "kosteliker as wyn" is.

Wyn streel en prikkel die verhemelte. Wyn word gewoonlik in die Bybel as iets wat kosbaar en aangenaam is, aan ons voorgehou. Dit vertel van oorvloed en blydskap.

Dit is tog ook merkwaardig dat die Here Jesus, op die huweliksfees te Kana, wyn voorsien sodat die fees nie skipbreuk ly nie. Hy wil hê dat die fees moet voortduur. Die huwelik is self 'n voortdurende fees. Die saamlewe van man-en-vrou binne die huwelik is 'n fees - 'n fees nog kosteliker as wyn - vars en vonkelend.

***Wees versigtig.***

Met die liefde moet 'n mens egter versigtig omgaan - net soos met wyn. Jy kan verkeerdelik verslaaf raak aan die liggaamlike liefkosinge - binne die huwelik en daarbuite (Kategismus Sondag 41). Dit noem die Kategismus "onkuisheid". Ons moet kuis en ingetoë lewe.

> "Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei."

Dit is mooi wanneer die liefde ontwaak in die harte van twee jongmense. Die eerste soen is kosteliker as wyn. En 'n mens verlang steeds na mekaar en kan maklik te gou na te veel gryp. Dan beland jy op 'n glybaan - terugdraai word onmoontlik. Die liefdesverhouding is tog die aanloop tot die huwelik in die volle eenheid na die liggaam.

***Bewaar liggame rein vir huweliksdag***

Gelukkig is die jongmeisie wat ingetoë en kuis haar liggaam vir haar geliefde bewaar as 'n rein geskenk vir hulle huwelik.

Dit is veral in ons tyd nie maklik nie.

Aan die een kant word "vrye" en onbeperkte voorhuwelikse omgang goedgepraat en selfs bepleit.

Andersyds moet die geliefdes dikwels te lank hulle liefde vir mekaar koester en bewaak, voordat hulle kan trou.

'n Liefdesverhouding is goed en nodig, omdat jongmense mekaar geestelik moet leer ken en begryp. Baie oorhaastige troues het al gelei tot spanning en frustrasies binne die huwelik, omdat die jong paartjie mekaar nie begryp nie. Hulle kan nie aanpas nie - ook nie liggaamlik nie.

***Wees suinig met liefkosings.***

Word die liefdesverhouding egter te lank, kan dit al moeiliker word om die liefkosings te beperk. Die verhouding groei na die huwelik toe, wat liggaamlike eenheid inhou. Dit groei nie alleen in tempo nie, maar ook in intensiteit.

Daarom moet jongmense, wat weet dat 'n spoedige troue nie in vooruitsig is nie, stadig begin.

Daar is alle geleentheid om alle perke te oorskry, want dit is die gees van ons tyd. "Die meeste doen dit tog," hoor 'n mens sê. Maar julle, my kinders, behoort aan die Here en is daarom anders as die meeste ander jongmense. God wil dit nie hê nie. Bid julle: "lei ons nie in versoeking nie", dan soek 'n mens ook nie geleenthede en plekke van versoeking op nie.

***Leer mekaar geestelik ken.***

Waak teen verleidelike flieke, televisieprogramme en leesstof. Dit is ook gevaarlik om alleen in die donker in die eensaamheid van 'n geparkeerde motor jou tyd te verwyl.

Hou julle soveel moontlik besig met ander dinge, veral die dinge wat betrekking het op God en sy koninkryk.

Gesamentlike Bybelstudie of Christelike jeug- of evangelisasiewerk, sou julleself nie alleen toerus vir die lewe om as kinders van God, volkome voorberei en toegerus te wees vir elke goeie werk nie (2 Tim. 3:17).

Dit sal julle ook leer om mekaar innerlik te ken en volkome by mekaar aan te pas, sodat julle huwelik tot sy rykste moontlikhede ontplooi kan word.

Gryp julle vooruit na dit wat vir binne die huwelik bedoel is, is die basis klaar besoedel.

Spanning en skuldgevoelens bederf die samesyn voor die huwelik.

En aanpassing binne die huwelik is soveel moeiliker. Dit het sy suiwerheid en glans verloor.

Gaan versigtig om met julle liefde, my kinders.

Het jy jou meisie lief, dan moet jy ook vir haar offer en ontbeer.

Jy respekteer haar as 'n gawe van die Here.

## 26. Josef wou Maria nie tot skande maak nie

> "Haar verloofde, Josef, wat aan die wet getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek" (Matt. 1:19).

### *Ek is tot beskikking van die Here*

Ons wil nie nou die nadruk lê op die ontvangenis en geboorte van ons Here Jesus nie, maar op die verhouding van die verloofde paar: Josef en Maria. Eintlik gaan dit vir ons maar om die optrede van Josef.

Maria is 'n ongetroude meisie wat 'n baba verwag.

Dit is 'n geheim waarvan geen ander mens, behalwe Elisabet (Luk. 1:39-45), geweet het nie. Dit is ook vir Maria self 'n geheimenis wat sy nie kon begryp nie (Luk. 1:34-38).

Sy het haarself, met alle konsekwensies verbonde aan die swangerskap, egter aan die Here oorgegee:

> "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het" (Luk. 1:38).

En toe wag sy gelowig af wat sou kom. In haar liggaam gebeur die wonder en dit word mettertyd vir andere sigbaar dat sy verwag. Hoe sou sy dit aan Josef, haar verloofde, kon verklaar? Al het hy haar ook hoe lief, wie sou so 'n verhaal glo? Nee, sy self kan nie. Sy kan geen verklaring gee nie. Sy moet afwag en liewer ongetroud bly, indien die Here dit so sou wou hê.

### *Verloofdes*

Hulle was verloof.

Die verlowing kon op twee maniere gesluit gewees het.

Dit kon mondeling plaasvind, voor getuies, volgens 'n vaste wedersydse belofte, waarby dan 'n bedrag geld of net 'n geldstuk oorhandig word as pand.

Die verlowing kon egter ook skriftelik aangegaan word, waarop in die geval, nie 'n oordadige

fees sou volg nie. Josef was klaarblyklik 'n arm bruidegom. Hy kon byvoorbeeld later bloot 'n paar tortelduiwe of twee jong duiwe as reinigingsoffer aanbied (Luk. 2:24).

Moontlik is na die verlowing een of ander vorm van seën uitgespreek oor die verloofde paar.

Vanaf die oomblik was Maria die verloofde "vrou" van Josef. Die verbintenis is net so heilig en onbreekbaar beskou as die huwelik self. Enige verbreking hiervan is beskou as owerspel: Net soos by die huwelik kon dit alleen beëindig word deur 'n wettige egskeiding.

### *Josef se stryd*

Daar kon egter maande verloop tussen die verlowing en die werklike huweliksluiting.

En in die tyd merk Josef dat Maria verwagtend is.

Watter stryd daar in sy innerlike sou woed, word nie aan ons vertel nie.

Hy sou Maria immers ken as 'n eerbare meisie. En daarby het hy haar lief.

Hy het die volste reg, en selfs, volgens die wet van Moses, die plig om van haar te skei. Hy kon haar egter nie in die openbaar tot skande maak nie en besluit in sy enigheid om dit stilweg te doen. Dit kon dan alleen voor twee getuies plaasvind, en elkeen van hulle sou sy en haar weg kon gaan.

Waarom wou Josef dit doen?

Was dit om sy eie naam en aansien nie ook in opspraak te bring nie?

Of was dit omdat hy nie genoegsame getuienis van ontrou aan die kant van Maria gehad het nie, dat hy die saak maar stilweg wou afhandel?

### *Liefde en plig*

Nee, haar swangerskap sou tog 'n afdoende bewys vir haar "skuld" wees. Ons kan gerus maar glo dat Josef se liefde vir hierdie meisie die deurslag gegee het.

Om haar soveel moontlik te spaar, wou hy dit stilweg doen.

Sy stryd was 'n stryd tussen sy liefde vir Maria en sy gehoorsaamheid aan die wet van die Here (Deut. 22:23, 24).

Die vereiste van die wet dat so 'n meisie gestenig moes word, sou die Jode in hierdie tyd nie meer vanweë die Romeinse heerskappy, kon toepas nie.

Sy sou in elk geval in die openbaar as 'n owerspeelster gebrandmerk staan, indien Josef 'n openbare klag teen haar by die oudstes of owerstes van die sinagoge sou indien.

Aan die Here wou Josef nie ongehoorsaam wees nie en Maria wou hy soveel moontlik spaar. Daarom het hy in gedagte om die saak maar stilletjies af te handel.

### *Die Here gehoorsaam en die meisie se eer beskerm*

Hierin is Josef 'n voorbeeld vir elke gelowige jongman. Jy moet aan die Here gehoorsaam wees en jou vriendin of verloofde se eer beskerm, omdat jy haar liefhet, selfs al sou julle nie uiteindelik met mekaar trou nie.

In ons tyd gebeur dit dikwels dat jongmans meisies van hulle eer beroof liewer as om dit te beskerm.

Die twee dinge moet ons steeds vashou:

Wat eis die Here van ons as mans?

Dit is gehoorsaamheid aan sy Woord.

In een opsig moet ons 'n jongmeisie soos ons wettige "vrou" behandel:

**Ons moet haar eer beskerm.**

Dan is ons ook gehoorsaam aan die Woord van God:

"Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het" (Ef. 5:25).

Pas dit gerus maar op jou meisie toe, al is julle nog nie getroud nie.

Indien jy dit nie kan toepas voor die huwelik nie, sal jy ook nie in die huwelik daartoe in staat wees nie.

Daarom moet 'n man sy drifte en begeertes beheer - anders "onteer" hy die meisie wat hy sê dat hy liefhet.

Liefde beteken nie dat jy "gryp" wat jy wil hê nie, ook al is die meisie se eer reeds daarmee heen.

Liefde is om te gee en te offer ter wille van die geliefde.

Daarom, verwag nooit van jou vriendin of verloofde wat sy nie mag gee nie.

Beheer jouself om Christus ontwil.

# 27. Jesus woon 'n bruilofsfees by

> "Op die derde dag was daar 'n bruilof in Kana in Galilea, en die moeder van Jesus was ook daar. Jesus en sy dissipels is ook na die bruilofsfees genooi" (Joh. 2:1,2).

***Dit gaan om die heerlikheid van Jesus.***

Waar die dorpie Kana presies geleë was, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Moontlik was dit die huidige dorpie Kefr Kenna 'n paar kilometer noordoos van Nasaret op pad na die meer van Galilea. Dit lê terrasagtig teen die helling van 'n heuwel. Jesus se dissipel Natanael of Bartolomeus was uit die dorpie afkomstig.

Daar was dan 'n bruilof.

Wie die bruid en bruidegom was, weet ons nie. Dit gaan ook nie om hulle nie. Jesus is die middelpunt van die verhaal. Hy gaan begin met sy optrede in die openbaar. Hy moes sy heerlikheid as Messias of Seun van die mens in Israel bekendmaak. En dit sou begin op die bruilof.

***Joodse bruilof.***

Vir ou Israel en die destydse Jode was die huweliksdag 'n baie belangrike gebeurtenis.

Die bruid en bruidegom sou alreeds verloof wees.

Die verlowing mog nie langer as twaalf maande duur nie.

Die aand van die werklike huweliksdag is die bruid na die huis van haar bruidegom gelei. Opgewekte musiek kondig aan dat sy op pad is. Wyn en olie word aan die volwassenes uitgedeel en die kinders ontvang neute.

Die gesluierde bruid daag op met loshangende hare oor haar skouers.

Sy is omring deur "bruidsmeisies".

Alles is feestelik ingerig. Sommige dra fakkels of lampe op pale.

Andere het mirte-takkies of blomruikertjies in die hande.

***Bevestiging.***

Wanneer die bruid met haar optog verbykom, staan elkeen op of sluit aan by die prosessie. Dit is byna beskou as 'n godsdienstige plig om die bruid se skoonheid, nederigheid of ander deugde hardop te prys.

By haar nuwe tuiste aangekom, word sy na die bruidegom gelei en min of meer die volgende woorde word uitgespreek:

"Neem haar volgens die wet van Moses en van Israel."

Daarna word 'n formele wetlike dokument onderteken. Dit is die "Ketoeba" genoem en bepaal onder andere dat die bruidegom onderneem om vir sy vrou te werk, haar te eer, onderhou en versorg, volgens die "gebruik van die manne van Israel".

***Bruilofsmaal***

Hierna volg die voorgeskrewe reiniging. Hande word gewas.

Die huwelik word plegtig ingeseën.

Daarop volg die bruilofsmaal.

'n Beker word eers met wyn gevul en 'n plegtige gebed, wat die seën oor die bruidspaar afsmeek, word deur 'n voorganger gedoen.

Hierna val die gaste weg met die maaltyd, wat soms meer as een dag duur.

Uiteindelik word die bruid en bruidegom deur die "vriende van die bruidegom" na die bruidskamer gelei en die fees is afgesluit.

Johannes die Doper praat net van die "vriend van die bruidegom" (John. 3:29). Daaruit blyk dat hy bekend was met die gebruike in Galilea. In die tyd het die bruidegom in Galilea normaalweg net een "vriend" gehad, wat hom met sy bruid na die slaapkamer lei.

***Boodskap van Joodse bruilof.***

So 'n bruilof het Jesus en sy dissipels in Kana bygewoon.

Ons het so 'n bietjie van die agtergrond van 'n bruilofsfees vertel, nie slegs omdat dit interessant is nie.

Die bruilofsfees in Israel het ook vir ons 'n boodskap.

Teen die agtergrond het Jesus sy gelykenis van die bruilof vertel.

Ons begryp ook beter waarom dit gaan by die gelykenis van die tien jong meisies.

Die bruilofsviering wou twee dinge sterk na vore laat kom.

Die huwelik is 'n heilige instelling van God en die huweliksdag is 'n dag van groot blydskap.

***Die huwelik 'n heilige instelling van God.***

Ons lees byvoorbeeld:

> "Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het" (2:6).

Die "reiniging", wat ook by die bruilof moes plaasvind, het 'n ryke simboliese betekenis. Die huwelik is 'n heilige instelling van God, maar dit is verontreinig deur die sonde. Daarom moet die Here ook maar gedurig weer "huweliksondes" afwas of vergewe. Uiteindelik, weet ons nou, dat Hy dit doen deur die bloed van Christus.

Wat 'n troos en krag vir die huwelikspaar om te weet dat hulle sondes teen die Here vergewe word!

En ons eie sondes teen mekaar vergewe Hy ook.

Maar juis daarom moet ons ook mekaar se sondes vergewe.

Ons het immers veel meer van Hom ontvang as wat ons ooit aan mekaar skuldig is.

Dit is 'n werklikheid wat ons altyd voor oë moet hou.

Nooit mag sondes binne die huwelik lei tot bitterheid en verwydering nie. Deur steeds weer die reiniging by die Here te soek, hou ons ook ons saamlewe as man en vrou rein voor die Here.

***Wees bly!***

En dan is en bly dit wonderlik dat die huwelik 'n fees is.

Ons het rede om bly te wees.

Die Joodse huweliksfees wou dit benadruk:

> "Wees saam met ons bly in die Here!"

Daarom was hulle ruim in die uitnodiging na die bruilof.

Eintlik het die fees oopgestaan vir elkeen wat maar wou kom al is hulle nie genooi nie.

Wanneer die prosessie verbykom het menige verbyganger daarby aangesluit om saam te jubel.

Die bruid en bruidegom van Kana het alle rede gehad om dankbaar en bly hulle gesamentlike paadjie aan te pak.

So is dit gelukkig nog vir elkeen wat dit sien soos dit by die Jode in hulle bruilofsfees tot uitdrukking kom.

# 28. Jesus se eerste wonderteken: op 'n bruilof!

> "Hierdie eerste wonderteken het Jesus te Kana in Galilea gedoen" (Joh. 2: 11).

***Nie toevallig nie.***

Ons Here Jesus begin sy openbare optrede op die bruilof te Kana in Galilea.

Was dit toevallig dat dit juis op 'n bruilof plaasvind?

Het dit maar toevallig so gekom dat die wyn opgeraak en sy moeder dit onder sy aandag gebring het?

Ons weet al klaar dat dit nie so is nie.

In die Bybel gebeur niks per toeval nie en niks word terloops of toevallig aan ons oorvertel nie.

Johannes het hier onder leiding van die Heilige Gees geskrywe:

> "Hierdie eerste wonderteken . . ."

Die Here Jesus moes daar begin en het daar begin met 'n bepaalde doel voor oë.

Dit was die juiste plek en geleentheid om sy eerste wonderteken te doen.

***Verbond van die Here***

Waarom?

Ons kan hierop nie beter antwoord as om daarop te wys hoe God die huwelik en gesin beskou nie:

> "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen.17:7).

Die Here sluit sy verbond met ouers en kinders, en die huwelik is die plek waar kinders vir ouers gebore word.

Die huwelik is die bron, die oorsprong, van die een geslag na die ander, met wie God sy verbond gesluit het.

Dan sê die Here Jesus vir ons iets baie belangriks deur juis dáár sy eerste wonderteken te doen.

Daar by die bruilof word sondige mense vir die eerste keer getuies van sy heerlikheid as die Christus, die Middelaar tussen God en die mense.

***Hoof van die Nuwe Verbond***

Hy het nie alleen, deur water in wyn te verander, 'n bietjie bygedra tot die feesvreugde van die bruilofsgaste nie.

Hy het veel meer as dit gedoen.

Hy staan daar as Hoof van die Nuwe Verbond en lê sy Middelaarshand op die bron - die huwelik - om dit vir Hom te heilig.

Hy neem dit onder sy vleuels en lê beslag daarop.

Hy sê aan die bruid en bruidegom:

> Julle behoort aan my.
>
> Julle huwelik is Myne.

Oor julle verwagte kindertjies waak Ek.

En ook julle nageslag is in my sorg.

Daar is geen ander instelling wat vir die mensdom so belangrik is as die huwelik nie.

Geen volk kan voortbestaan as volk wanneer die huwelik nie in stand gehou en eerbiedig word nie, selfs nie by heidennasies nie.

En in die koninkryk van God neem dit die sentrale plek in.

Jesus begin by die huwelik en die huisgesin.

Hy is nie soos 'n hengelaar wat lukraak sy hoek in die wêreldsee gooi met die hoop dat hier en daar 'n 'vis' uit een of ander huisgesin sal 'byt' nie.

Nee, God lê sy Vaderhand op die hoof van Abraham en Sara as man-en-vrou-eenheid en op

hulle nageslag.

***Verbondsvader en moeder***

Gelukkig het Christus ook daar begin en werk Hy nog altyd so.

Daarom moet 'n jongman- of meisie in die eerste plek weet dat my lewensmaat by my pas in die verbond van God met my ouers en my.

Ek moet iemand hê wat 'n verbondsvader of moeder vir my kindertjies kan wees. Die verbondslyn moet in stand gehou kan word.

Hoe kan ek met 'n ongelowige in dieselfde juk trek en nog die seën van die Here oor my en my kinders verwag?"

Omdat die Here Jesus hier by die bruilof begin het, kon Petrus ook met Pinkster nie anders as om te begin by ouers en kinders nie:

"Wat God belowe het is vir julle en julle kinders." (Hand. 2:39).

En as hulle, die apostels, die wêreld intrek en die evangelie van Jesus Christus begin verkondig, betrek hulle nie alleen persone (indiwidue) nie, maar veral gesinne: mans en vroue en kinders.

Wanneer Petrus by die huis van kaptein Kornelius in Sesarea aankom, lees ons:

> "Kornelius het hulle al verwag en het sy familie en huisvriende reeds bymekaar geroep" (Hand. 10:24).

En hulle kom tot geloof en word gedoop.

Later tree Paulus en Silas in Filippi op en Lidia word die eerste gelowige in Europa. En dan volg daar:

> "Sy en haar huisgesin is toe gedoop" (Hand. 16:15).

***Jy en jou huisgesin***

In dieselfde plek beland Paulus en Barnabas in die tronk en wonderlike gebeurtenisse lei daartoe dat die tronkbewaarder in doodsangs voor hulle neerval en vra:

> "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"

Hulle antwoord:

> "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Hand. 16:30, 31).

Dat ons hier is en as kindertjies deur ons ouers gedoop is en gelowig uit die hand van ons Heiland lewe, het eintlik daar by die bruilof te Kana begin.

Die Here het sy hand gelê op 'n man en vrou - ouers en kinders - tot in die verre nageslagte.

Ons kan Hom nooit genoeg dank dat ons gelowige ouers gehad het nie.

Dit is loutere onbegryplike genade.

***Nie almal is werklik Israel nie***

Ongelukkig sê Paulus en weet ons dit ook:

> "Immers, nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie; en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie" (Rom. 9:6, 7).

Daarom mag niemand hom vir sy saligheid beroep op sy geboorte uit die verbond en sy doop as verbondskind, indien hy nie glo soos 'n Christen moet glo en dit met sy godvrugtige lewe bekragtig nie.

Nietemin bly dit waar dat ons Here Jesus by die bruilof te Kana begin het, omdat ons geboorte uit gelowige ouers ons begin is.

Hy het beslag gelê op die huwelik.

Hy het dit uit die modder geruk en geheilig, omdat hy ons liefhet tot in die duisendste geslag.

## 29. Jesus gebruik die ses klipkanne

> "Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het . . . Jesus sê vir die kelners: Maak die kanne vol water" (Joh. 2:6, 7).

### *Kanne by reiniging gebruik*

Ons weet nou al dat hierdie klipkanne doelbewus na die huis van die bruidegom gebring is. Dit was groot kanne. Elkeen het tussen negentig en honderd liter gehou. Daar sou baie gaste kom en elkeen moes ten minste sy hande vooraf daarin was. En dan is dit ook nie maar 'n gebruik soos by ons nie. Ons was gewoonlik ook ons hande voor ete omdat ons graag met skoon hande eet.

Hier was dit egter 'n seremonie. Dit was 'n godsdienstige-simboliese handeling. Dit was 'n teken of afbeelding van geestelike reiniging. Ons kan dit vergelyk met die doopwater, wat ook 'n teken van iets anders is. Luister wat beteken die doop byvoorbeeld:

> "Christus het hierdie uitwendige waterbad ingestel en daarby beloof dat ek net so seker met sy bloed en Gees gewas is, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onreinheid van die liggaam wegneem" (Kategismus Sondag 26).

### *Afwassing van sondes*

Die reiniging van die hande met die water uit die klipkanne was ook

'n teken van die afwassing van die sondes.

Dit is hier duidelik met die huwelik in verband gebring.

Die mense het geweet dat 'n mens nie die huwelik kan betree en belewe, sonder dat die Here hulle onreinheid afwas nie - elke dag . . .

En dan kom die probleem met die wyn. Die wyn is op en die fees is nog nie verby nie. Maria bring dit onder die aandag van die Here Jesus. Vir haar sê Jesus wel: "My tyd het nog nie gekom nie", maar tog weet Hy dat dit nou aangebreek het. Maria moes maar net leer dat die verhouding tussen hulle verander het. Sy mag nie sy optrede reël nie, maar Hy tree op volgens die wil en die tyd van sy Vader.

### *Jesus lê sy hand op die klipkanne*

Dan lê Hy beslag op die klipkanne vir sy doel en op sy wyse:

> "Maak die kanne vol water."

En die water word wyn.

Die Jode kon selfs vreemd opkyk dat Hy die "heilige" kanne vir so 'n vreemde doel gebruik.

Maar Jesus weet wat Hy doen.

Dit gaan vir Hom daarom dat Hy die Joodse reinigingsgebruike - die seremonies van Moses se wette - aan Homself verbind.

Met die hand op die klipkanne lê Hy as't ware sy hand op sy kruis.

En die ander hand lê Hy op die huwelik.

Ons huwelike sou sonder sin en vreugde of seën wees, sonder die kruis.

Indien ons nie met ons huwelik by die kruis kom nie, kom ons daar nêrens mee nie.

Dan kan ons oor ons huwelik skryf:

> "Tevergeefs! Dit is alles tevergeefs en 'n gejaag na wind."

Ook dit het Jesus nie toevallig gedoen nie.

Hy het doelbewus die klipkanne wat vir die seremoniële reiniging gebruik is, vir sy doel aangewend.

Al die reinigingseremonies roep immers met luide stem na sy koms en sy bloed.

In Hom alleen is dit alles: "Ja" en in Hom is dit "Amen!" (2 Kor. 1:20).

Hy het gekom om een maal die volkome offer te bring om ons van alle sondes te reinig.

Dit sê sy kruis vir ons en dit geld ook van ons huwelik.

### *Huwelik onder die kruis*

Maar ons huwelike bly onder die kruis. En die kruis is nie altyd mooi nie.

Soms staan 'n mens by die kruis, met vernietigde ideale, met leë hande en 'n skreiende hart.

Dink maar aan die vreugde oor die verwagte blydskap wanneer 'n kindjie sy koms aankondig.

Wagtend en vreugdevol word uitgesien na die blye dag van vervulling.

Die wiegie word reggemaak en die kleertjies lê mettertyd gereed.

En dan breek eindelik die langverwagte dag aan.

Maar die kleinding word doodgebore.

Teleurstelling en smarte - o, die kruis tog!

Waar gaan ek heen met my huwelikskruis?

Die man of vrou wat my nie begryp nie?

Die kinders wat ongehoorsaam en opstandig is?

En - my dierbare lewensmaat wat my ontval?

Daar is net een pad: na die kruis van Jesus Christus.

Omdat Hy die smarte, alle smarte waaraan ons kan dink, aan die kruis vir ons gedra het, kan Hy sê:

> "Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word."

### *Altyd bereid om te vergewe*

Leef jy in jou huwelik onder die kruis, dan leef jy altyd onder die besef dat jy ontvang wat jy regtens nie verdien nie.

Dan is jy altyd bereid om te vergewe en jouself te buig en jou las op

te neem, al is dit hoe swaar.

Jesus alleen kan sê, omdat Hy sy kruis opgeneem het:

> "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig" (Matt. 11 :28-30).

En dan onthou ons dat al ons vreugde en geluk deur die kruis van Christus heen, ons deel is.

Dan kan ons mekaar reg waardeer en aanvaar en die Here loof in ons huwelik en gesin vir soveel onverdiende genade.

# 30. Jesus verskaf beter wyn as die bruidegom

> "Jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou" (Joh. 2:10).

### *Die beste wyn*

Die bruidegom op die bruilof van Kana was gewis in groot verleentheid. Die wyn was op en die bruilofsfees nog nie verby nie.

Maria, die moeder van Jesus, het sy verleentheid gemerk en dit onder sy aandag gebring. Wat sy van Hom verwag het, is nie duidelik nie.

Uit sy reaksie blyk dat sy wel iets verwag het. Selfs na sy afwysing, het sy nog geglo dat Hy iets sou doen, want sy sê aan die kelners:

> "Wat Hy ook al sê, moet julle doen."

Daarop volg sy opdrag om die klipkanne vol water te maak.

> "Skep nou daarvan uit en gaan gee dit vir die seremoniemeester," voeg Hy by.

Hulle doen dit en die seremoniemeester proe daaraan. Hy roep die bruidegom en sê vir hom:

> "'n Mens sit tog eers die goeie wyn voor maar jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou."

### *Fees dreig om te misluk*

Waarom het Jesus die wyn gemaak?

Ons kan daarop met sekerheid antwoord: Omdat Hy die bruidegom uit sy verleentheid of nood wou help.

Die wyn is nodig om die vreugdefees te kan voortsit wat dreig om te misluk.

Daarom voorsien die Here. Hy wil hê dat 'n mens bly moet wees en voortgaan met die fees op 'n bruilof. Die vreugde is vir Hom welgevallig. Dit hoort so. Dit is volgens sy wil dat dit so moet wees.

Vanselfsprekend sou die Here geen drinkparty goedkeur, waar mense hulle te buite gaan en oordadig drink nie.

Maar op sigself is dit nie verkeerd om wyn te drink en bly te wees nie. Veral 'n bruilof is 'n vreugdevolle geleentheid. Die Here gun die vreugde aan ons, nie alleen op die bruilof nie,

maar deur die hele lewe heen. Ons kan ons tereg in mekaar verbly. Die huwelik is daarvoor bedoel.

Deur ons eie menslike swakhede en sondes dreig die fees dikwels om te misluk. Nie alleen die glans van die vreugde verdwyn by die bruilof nie, maar ons huwelikslewe kan ook saai en vervelig word, wanneer eie insig, slimmighede en grille die deurslag gee.

Wanneer 'n mens die Here Jesus uit jou huweliks- en gesinslewe sluit, doen jy 'n gevaarlike en dom ding.

Een gewisse gevolg is dat julle vreugde in mekaar opdroog.

Die glans van die huwelik verdwyn - *die wyn is op.*

As 'n mens uit jouself wil put - dan droog elke fontein op.

### *Vreugde van Bo af*

Nee, ook in ons huwelik moet ons innerlik van bo af gevoed word.

Die olie moet vloei uit die Bron van die Heilige Gees om ons vreugde-lampe te laat brand.

Daarom moet ons by die Bron bly.

Binne ons huwelik en gesin moet ons die Here soek en Hom dien.

Waar die huisaltaar of huisgodsdiens verdwyn - die knieë nie meer buig voor die Vader van die ligte nie - die lewe uit die Woord nie meer vir ons erns is nie - daar sluip die dood die huwelik en gesin binne.

Maar die Here gee selfs beter wyn as die bruidegom.

'n Mens kan plesier maak, maar ware vreugde word alleen uit die Here gebore.

Ontvang 'n mens Jou lewensmaat as 'n gawe uit die hand van die Here en pas jy jou huwelik en gesin op, omdat jy dit van Hom ontvang het, bly jy altyd ryk aan geluk en vreugde.

> "Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees gelukkig is jy en dit gaan met jou goed! Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel. Kyk, so sal sekerlik geseën word die man wat die Here vrees" (Ps. 128).

### *Sy heerlikheid geopenbaar*

En dan kan ons gerus maar afsluit met ons gesprekke oor die bruilof te Kana met hierdie opmerking:

> "Hy het daardeur sy heerlikheid laat blyk."

Die wonderteken laat die mense in Jesus meer sien as 'n blote mens.

Hy beskik oor kragte wat geen mens besit nie.

Dit bring sy dissipels tot geloof in Hom. Eintlik sterk dit die geloof wat hulle alreeds besit.

Waar die werke van die Here aan die lig kom, kom mense tot verwondering. Sy werke is altyd wonderbaar.

Waar sy werke in ons huwelik openbaar word, sien mense hoe wonderlik die Here self is.

Daar straal lig na buite uit so 'n gesin.

Veral in die tyd waarin ons lewe is dit iets wat die ongelowige wêreld tot verwondering kan bring.

Ons sien toenemende bandeloosheid in die dinge wat die Here as heilig beskou.

Maar ons is geroepe om die heerlikheid van die Here tot openbaring te bring binne-in ons huise en gesinne.

Dit is die enigste ware bolwerk teen die aanslae van die duiwel en die suigkrag van die wêreld.

# 31. Sy leef met die sesde man saam

> "Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie"
> (Joh. 34: 18).

***Jesus soek verlorenes***

Sy is bekend as die Samaritaanse vrou.

Sy ontmoet Jesus "toevallig" by die put van Jakob - net buite die Samaritaanse dorpie Sigar, die voormalige Sigem.

Ons praat van "toevallig", maar dit is nie so nie!

Jesus het haar daar doelbewus ingewag, nie om haar goed die waarheid te vertel nie, maar om haar uit haar ellende te red.

So is Hy. Hy het gekom om te soek en te red die wat verlore is.

So is Hy gelukkig nog altyd.

Uit hierdie geskiedenis kan ons heelwat leer. Dit hou vir ons selfs 'n paar lesse in as Christene, wat dikwels sulke mense vertrap en beskinder en in die modder laat lê.

Ons kan hierdie verhaal selfs 'n "sielkunde-les" noem. Jesus het in elk geval getoon dat Hy die gedagtes en dryfvere van 'n mens begryp en Hy het uiteindelik deur alle pantsers heengedring en die vrou se hart en nood bereik.

Gelukkig het Hy nie by die sielkundige behandeling vasgesteek nie. Niemand help enige mens toereikend indien hy hom of haar nie by die Verlosser bring nie.

Geen mens kan sy probleme en frustrasies self verwerk, indien hy homself maar net "verstaan" nie.

Die skokmetode van moderne skrywers, wat die verrotte sere van die samelewing oopvlek tot in sy finesse, sonder om die oplossing van die vraagstukke aan te dui, trek sommige mense selfs dieper die modder in. Die skrywers nooi jou maar net uit om saam met hulle in die modder te rol om te kan sê dat modder vuil is. Daarmee bevuil jy net ook jouself, maar die modder word op die wyse van niemand afgewas nie.

***Eie lewe opgemors***

Nee, Jesus volg nie met ons die lugubere paaie wat die vrou nag en dag deurloop het om tot die diepte te sink nie.

Maar Hy noem dit wel. Hy keur dit nie goed dat sy al met vyf mans saamgeleef het en nou by die sesde bly nie.

Hy sê dit aan haar en op so 'n wyse dat haar hele verlede voor haar opdoem as sondig en verkeerd. Sy het behoorlik haar eie lewe opgemors. Die besef dring tot haar deur.

Uit die oogpunt van ons benadering in hierdie boek blyk hieruit 'n paar dinge waarvan ons

kennis moet neem.

***"Vrye liefde"***

Eerstens het die vrou die sogenaamde "vrye liefde" beoefen.

Dit gaan in ons tyd op sy beste daarom dat twee "verliefdes" voor die huwelik alles wil geniet - ook dit wat net vir die huwelik self bedoel is. Daaroor alleen dit: voor God is en bly dit sonde, anders sou Hy nie die wettige huwelik ingestel het nie. Al doen die "meeste ander" jongmense dit, mag 'n gelowige paartjie dit nie doen nie. Hulle behoort aan die Here en is daarom "anders" as al die ander mense. Hulle liggame is tempels van uie Heilige Gees.

Bowendien doen dit aan hulleself, deur spanning en skuldgevoelens, onberekenbare skade. Menige jongmeisie het al ondervind dat sy juis die liefde en respek van 'n jongman verloor, nadat sy op sy aandrang toegegee het. Die verhaal van Amnon se owerspel met Tamar staan ook nie verniet in die Bybel nie. Nadat hy met haar "klaar" was, het hy 'n grondige afkeer van haar gekry en haar in die steek gelaat (2 Sam. 13).

En in plaas van minder - omdat hulle alreeds "ondervinding" het - het sulke jongmense gewoonlik meer probleme met aanpassing binne die huwelik. Hoe vernederend is dit ook wanneer 'n man of meisie 'n "tweedehandse" vrou of man kry op hulle huweliksdag.

***Saamlewe as man en vrou***

Maar in ons tyd is die *saamlewe as man en vrou* steeds meer en meer die gebruik. Dit word al meer goedgepraat. Dit gebeur talle kere soos met hierdie vrou - sy het al met vyf saamgelewe en doen dit nou met die sesde. En glo my, die mans met wie sy hierdie sondige lewe meegemaak het, het miskien al met net soveel of meer vroue saamgeleef.

Dit is duidelik dat die Here Jesus die soort lewe nie goedkeur nie.

Deur haar sonde te ontbloot het Hy haar hart geraak - gelukkig.

En Hy het haar nie veroordeel nie, maar gered.

***Sondebesef***

Later vertel sy vir die inwoners van Sigar:

> "Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het! Is Hy nie miskien die Christus nie?" (Joh.4:29).

Dat Hy haar alles van haar sondige lewe vertel het, was die kontakpunt wat in haar geheue bly. Dit is selfs meer as dit:

Die sondebesef het haar aan die voete van Jesus gebring en sy is uit die sonde gered.

Hierdie waarheid geld altyd onder alle omstandighede.

Solank ons allerlei onreinhede goedpraat en dit as so gewoon beskou "as eet en drink", help ons niemand nie. Ons help mense net die afgrond in. Jesus praat dit nie goed nie en ons mag dit ook nie doen nie.

Maar selfs vir die grootste sondaar en sondares is daar redding. Hoe ver 'n mens ook al afgedwaal het op hierdie onheilige pad, Christus se genadige arm is nie te kort om te red nie.

Hy kan mense uit die modderput haal.

Wys aan die afgedwaaldes die weg na Jesus.

En indien jyself met 'n besoedelde liggaam en bevlekte gewete sit, moet tog nie daarmee

wegvlug nie.

Bely dit aan Hom en Hy vergewe en skenk ook genade en krag om daarmee te breek.

## 32. Wie na 'n vrou kyk om haar te begeer

> "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Matt. 5:28).

### *Jesus ontbloot die heilige erns van die wet van God*

Mense kan soms die gedagte opper dat die Here Jesus minder streng as die Fariseërs was. Hulle eis gehoorsaamheid aan die wet, terwyl Hy Hom met sondaars bemoei, so asof Hy die sondes nie so ernstig opneem nie.

Die Here sê egter:

> "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar te vervul" (Matt. 5:17).

Die wet is vir Hom dodelike erns.

Daarom sterf Hy aan die kruis, om die wet in ons plek te vervul. Hy was gehoorsaam aan die wet tot in die dood aan die kruis. Die verskil tussen Hom en die Fariseërs was dat hulle die wet veruitwendig het en verwag het dat mense allerlei uitwendige reëls en gebooie moes onderhou.

Daarom sê die Here aan sy dissipels en aan ons:

> ". . . as julle geregtigheid nie oorvloediger is as die van die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemel sal ingaan nie" (Matt. 5:20).

### *Pleeg egbreuk in jou hart*

Die Fariseërs bly by die uitwendige wetsonderhouding. Jesus vra egter ons hart, ons innerlike, ons begeertes, ook in die geheim. Teen die agtergrond moet ons sy uitspraak verstaan: dat "elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het."

Die oorsprong van die sondes lê in jou hart - in jou begeertes.

En hier het die duiwel 'n magtige greep op alle mense.

Die begeerte na 'n vrou is 'n natuurlike begeerte, wat die Here self in ons harte gelê het.

Hy het egter ook die bane geskep waarlangs hierdie begeerte vervul kan en moet word.

Hy het die huwelik daartoe ingestel.

Dit is geen sonde om jou eie vrou te begeer nie - selfs in volle liggaamlike eenheid.

### *Vroue self gee aanleiding*

Die vroulike liggaam is vir 'n man begeerlik.

Dit weet die vrou en dit weet die duiwel ook.

En vroue en meisies kan hulle ook so klee of ontklee, dat hulle juis bepaalde begeertes by mans wek.

In ons tyd word met vroulike liggame in advertensies en wulpse rolprent- en televisie-

vertonings baie geld gemaak.

Vir geld verkoop vroue en meisies hulle liggame en ter wille van geld koop sakemanne vroueliggame om hulle sakke te kan vul.

Hulle eksploiteer die manlike begeertes op groot skaal.

En ongelukkig laat vroue en meisies hulle daartoe gebruik.

Selfs in die slaafse navolging van die modes, gebruik die duiwel soms "ordentlike" vroue en meisies om begeertes by mans te wek. Ek weet van 'n geleentheid waarby 'n swart man op straat op 'n onkiese wyse na die liggaam van 'n verbygaande vrou gegryp het. En dit was nie alleen sy skuld nie. Dit was ook die gevolg van die vrou se uitlokkende kleredrag.

Onthou tog vroue en dogters:

> "Wee die wêreld weens die struikelblokke!"

In jou kleredrag en hele optrede kan jy 'n struikelblok vir andere wees. Dan is dit vir jou beter dat 'n meulsteen om jou nek gebind en jy in die diepte van die see gegooi word . . .

***Waak oor hoe en waar jy kyk***

Maar ook die mans moet waak oor die sonde van die hart wat deur die oog na binnesluip.

Juis omdat die struikelblokke so volop is, moet jonk en oud waak. Pasop waar jy kyk en hoe jy kyk.

Selfs 'n sogenaamde "volwasse" of "geestelike mondige" mens se hart is nie onkwesbaar nie.

In die fliek en voor die televisieskerm sit nog altyd sondaars - al is hulle oud en getroud.

Hulle is nog altyd van nature geneig tot alle kwaad en onbekwaam tot enige goed.

Gee jou sondige natuur kos deur jou begeertes te voed en jy verdwaal op die doolweë van die duiwel.

Onthou die begeerte op sigself is al egbreuk.

Waak oor jou oë en jou hart, want dit behoort aan die Here.

Hy het dit gekoop, nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed.

# 33. Die verloste "slegte" vrou

> "Haar sondes wat baie is, is vergewe . . . Jou geloof het jou gered; gaan
> in vrede . . ." (Luk. 7:47, 50).

***'n Veragte vrou***

Die vrou van wie hier sprake is, was bekend as 'n "straatvrou". Sy het haar bestaan gemaak deur haar liggaam aan mans te verkoop.

So 'n vrou was destyds 'n veragtelike wese.

Sy sou dit selfs nog vandag wees, hoewel baie vroue vir ordentlik deurgaan wat hulle liggame op 'n meer verfynde manier verkoop.

Dink maar aan advertensie-modelle en filmsterre en skoonheidskoninginne.

Hulle liggaamlike skoonheid is hulle lewensbestaan en die "handelsware" word dikwels skaamteloos verkoop.

Ons sal die vrou nie nou op haar sluipweë volg nie.

Sy het gelukkig in die lig van Jesus Christus gekom.

En kom 'n mens, wie ook al, in die Lig, dan sien jy jouself soos jy is - 'n verlore sondaar.

Dit geld nie alleen van die vrou nie, maar ook van Simon die Fariseër, by wie Jesus tans aan tafel is, en van jou en my.

Ons doen nie alleen sonde nie, maar ons is sondaars - so groot as wat ons is, is ons een stuk sonde. Sonder die genade in Christus gaan ons almal hel toe - net soos elke "slegte" vrou.

***"Die slegte vrou" is onrein***

Simon, die Fariseër, was verbaas dat Jesus Hom deur die vrou laat aanraak.

Op die wyse besoedel haar sonde Jesus ook, meen hy.

Vanselfsprekend kan die "slegte" vrou elke man verontreinig, indien hy haar met sy sinlike begeerte aanraak.

Jesus het dit egter nie so gedoen nie.

En ons kan en moet sulke mense ook aanraak soos Jesus hulle aanraak.

Ons moet hulle opsoek en aanraak met sy liefde deur sy Woord.

Dan open ons vir hulle die weg tot redding en word onsself ook nie verontreinig nie.

Inteendeel, die Here se bloed is genoegsaam om ook sulke mense rein te was.

Indien Hy my sondes vergewe, waarvan ek oortuig is, kan Hy ook die mens wat in my oog ten diepste geval het, se sondes vergewe.

Daarom was Simon, die Fariseër, verkeerd toe hy in sy hart gedink het:

> "Hy, as Hy 'n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit
> is wat Hom aanraak; want sy was 'n sondares" (Luk. 7:39).

Maar die Here Jesus ken sy gedagtes.

Hy ontbloot Simon dan aan sy eie sonde - ondankbaarheid.

Elke gelowige het immers alle rede om dankbaar te wees omdat sy sonde kwytgeskeld is. (U kan gerus maar Lukas 7:36-50 in sy geheel lees).

***Wat dryf die vrou na Jesus?***

En die huilende vrou aan sy voete?

Haar trane vloei oor sy voete en sy droog dit af met haar hare.

Daarop salf sy sy voete.

Waarom het sy dit gedoen?

Sy is gedryf deur sondebesef en diepe dankbaarheid dat sy uit die sondige bestaan verlos is.

Sy huil oor haar sondes en sy huil uit groot dankbaarheid.

Haar liefde vir die sonde, wat haar lewe verwoes het, het plek gemaak vir 'n groot liefde vir haar Verlosser.

Daarom loop die trane oor Jesus se voete en vloei die salf uit haar fles ook daaroor.

***Jou geloof het jou gered***

So stort 'n verloste "slegte" vrou haar dank uit 'n liefdevolle hart. En sy hoor uit die mond van die Heiland:

> "Haar sondes, wat baie is, is vergewe"

Eindelik sê Hy vir Haar:

> "Jou geloof het jou gered; gaan in vrede."

Onthou die Middelaar met sy priesterhart.

Sy bloed is genoeg om ook jou sondes af te was.

Moontlik weet jy van 'n mens wat met hierdie swakheid worstel.

Vertel aan hom of haar wat Jesus gedoen het.

Haar sondes het Hy nie goedgepraat nie. Hy sou dit nooit doen nie. Maar Hy kon en het dit vergewe.

## 34. Johannes onthoof as gevolg van die huweliksontrou van Herodes

> "Johannes het vir hom gesê: Dit is u nie geoorloof om haar te hê nie... Gee my hier op 'n skottel die hoof van Johannes die Doper" (Matt. 14:4, 8).

***U is die man!***

Herodes se losbandige seksuele lewe, lei tot Johannes die Doper se dood.

Hy het voor koning Herodes gestaan, soos die profeet Natan eertyds voor koning Dawid gestaan het.

Dawid het Batseba, die vrou van Uria vir homself geneem.

Toe Natan sy sonde blootlê en eindelik sê: " U is die man!"

Was Dawid se reaksie: "Ek het gesondig teen die Here!"

Koning Herodes was egter 'n man van 'n ander kaliber. Hy het darem selfs eerbied vir Johannes gehad. Maar hy het ongevoelig sy eie koers gegaan.

***Wyn en vroue***

Herodes het saamgeleef met Herodias, die vrou van sy broer, Filippus. Hoe dit gekom het dat hulle hierdie sondige verbintenis aangeknoop het, word nie vertel nie. In die tyd was dit nie vreemd van konings en vorste om so te lewe nie. Feeste met wyn en vroue was maar die gewoonte. Hulle was tot die mees vulgêre uiterstes in staat. 'n Latere Herodes (Agrippa) het met sy suster Bernice saamgeleef (Hand. 25:13).

Ons het hier te doen met Herodes Antipas wat oor Galilea en die Oos-Jordaanse streke van Palestina geheers het. Hy het twee woonplekke of paleise gehad: in Tiberias aan die see van Galilea en by Machaerus, in die dorre en verlate gebied Oos van die Dooie see. Blykbaar het hy meesal in die paleis by Machaerus gewoon, sodat ons kan begryp waarom hy eers van Jesus hoor, nadat Hy al twee jaar wonders en tekens in Galilea gedoen het. (Matt. 14:1, 2).

### *Johannes in die tronk*

Hier in Machaerus, die paleisvesting, het Herodes baie feeste gehou. Hy het in weelde en singenot geleef met die vrou van sy broer. Hoe Johannes by hom uitgekom het, word nie van ons vertel nie. By een of ander geleentheid het Johannes, die bekende prediker, voor Herodes te staan gekom. Hy het nie gehuiwer om aan Herodes te vertel dat sy lewe met Herodias, die vrou van sy broer, sonde voor God is nie. Die Joodse geskiedskrywer, Flavius Josefus, verhaal dat Herodes vir Johannes gevange geneem en in die vesting Machaerus opgesluit het.

In 'n donker kerker, waarskynlik onder die grond, sit Johannes sy dae en nagte om en wonder. Hy het hier selfs getwyfel of Jesus die werklike Messias was.

Herodes het hom soms laat haal en gesprekke met hom gevoer. Hy was bang vir Johannes en het hom beskerm teen die haat van Herodias. Hy het graag na Johannes geluister, maar nooit die moed gehad om aan die woord van Johannes gehoorsaam te wees nie. Herodias het te 'n sterk greep op hom gehad.

> "En Herodias het 'n oog op hom gehad en wou hom om die lewe bring en sy kon nie" (Mark. 6:19).

### *Sonde van die oog*

Terwyl Johannes in sy kerker sug, gaan dit jolig in die paleis hier bokant sy kop. Dit is gaste met wyn en vroue en musiek en danspassies.

Herodias verjaar en dit is 'n uithalerfees. Die manne, ook Herodes, het al goed gedrink. Toe kom 'n uitstaande item aan die orde. Die beeldskone Salome, dogter van Herodias by haar wettige man Filippus, kom binne. Sy begin dans - waarskynlik skamel geklee - kunstig en sensueel beweeg sy oor die vloer. Die halfbesope manne kan hul oë nie van haar afhou nie. Luide applous volg op die vertoning.

Herodes is ingenome en daarby is sy verstand benewel deur die wyn. Onnadenkend neem hy 'n eed en belowe haar:

> "Net wat jy my vra, sal ek jou gee, al was dit ook die helfte van my koninkryk" (Mark. 6:24).

Salome aarsel oor hierdie belofte. Sy gaan uit om haar ma te soek en vertel haar van die aanbod. "Wat sal ek vra?" Spontaan kom die haatlike antwoord:

> "Die kop van Johannes die Doper."

En so gebeur dit. Johannes die Doper se kop word na oomblikke op 'n skottel ingedra en aan die meisie oorhandig.

### *Kap profeet se kop af*

Herodias wou die stem van haar gewete doodmaak deur Johannes, die profeet van die Here, dood te maak. Sy stem kon sy nie verdra nie. Sy was verslaaf aan haar sinlike luste en die profeet se stem het haar gepla. Daarom moes hy dood.

Ja, so is dit.

Profete word soms doodgeswyg en soms doodgespot.

Waarskuwings oor vulgêre boeke, wat selfs kunspryse verower, word doodgespot. Predikante en kerkmense word belaglik gemaak.

Die fees moet immers voortgaan. Daarom moet die profete swyg.

Ja, dit sal weer sover kom dat profete letterlik doodgemaak word.

Ons sien al iets van die feesgedruis van Babilon, die groot hoer.

Sy is geklee in 'n pragtige gewaad en versier met kosbare juwele.

In haar hand hou sy 'n skitterende goue beker - alles van die smaakvolste.

Maar die beker is gevul met die gruwels van haar hoerery.

En sy maak die profete van die Here dood.

Seksuele uitspattighede is 'n lekker tema en dit word in ons tyd, in die skoonste idioom van ons taal, in goue bekers aangebied.

Swyg profete - of julle koppe waai!

## 35. 'n Moeder se nood

> "Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete!" (Matt. 15:22).

### *Moeder se nood is ellende van haar kind*

Sy is bekend as die Kananése of Siro-Fonesiese vrou.

Die Here Jesus benadruk haar groot geloof.

Ek wil egter met u praat oor haar nood as moeder en hoe sy vernedering en afwysing deur Jesus deurstaan het, ter wille van haar liefde vir haar kind. Dit was immers haar dryfveer.

Haar kind was gewis in 'n vreeslike nood. Wanneer die duiwel van 'n mens besit neem, kan hy van jou 'n onmens maak.

En dit is haar dogtertjie.

Hoe bly was sy toe die kindjie gebore is!

Ag, hoe kan ons die moederhart en die moederliefde begryp?

En "kan 'n moeder haar suigling vergeet?"

Sy kon dit nie aanskou nie. En sy kon haar kind nie loslaat nie.

En niemand kan haar help nie.

Hier in die heidense land van Tirus en Sidon sou miskien bosebesweerders wees wie se hulp sy al ingeroep het.

Maar wat help dit tog!

### *Jesus van Nasaret*

Toe hoor sy van Jesus van Nasaret.

Gerugte uit die buurland Galilea het ook deurgedring tot hierdie heidense streke. Hy word deur sommige 'n profeet genoem. Andere sien in Hom die Joodse Messias, wat bekend sou wees as die Seun van Dawid.

Of sy in die God van Israel geglo het, weet ons nie.

Ons kan ook nie sê of sy in Jesus die Seun van God gesien het nie. Sy noem Hom egter "Here."

Een ding het sy wel vas geglo: Hy kan haar help.

En toe hoor sy dat Hy hier in hulle dorp aangekom het.

Haastig is sy die huis uit en straat-af op soek na Hom.

Sy sien Hom en sy dissipels - miskien het iemand hulle vir haar aangewys.

Sy haas haar in sy rigting en roep na Hom - sy kan haar nie bedwing nie. Haar kind se nood dryf haar na Hom toe:

> "Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid!"

***Jesus sê niks en doen niks***

Maar Jesus sê niks en doen niks nie. Hy maak asof Hy haar nie hoor nie.

Ken jy Hom ook as die God wat swyg op jou noodgeroep oor jou kind of kinders?

Die bekende kerkvader, Augustinus se moeder, Monica, het ook aangehou om te bid vir haar ongelowige en losbandige seun - vir jare.

Ambrosius het haar getroos met die gedagte dat 'n kind van soveel gebede nie verlore kon gaan nie.

Uiteindelik is haar gebede tog verhoor.

Haar seun het tot bekering gekom en 'n leier in die ou Christelike kerk geword.

Gelukkig het die moeder ook nie moed opgegee nie.

Sy het net maar aangehou om te roep en haar nood aan die voete van Jesus te lê.

Eindelik sê sy dissipels vir Hom:

> "Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan."

Eintlik is hulle bedoeling:

> "Help haar tog maar, Here. Anders raak ons nie van haar ontslae nie en netnou is hier 'n toeloop van mense."

***Jesus antwoord negatief***

Hierop antwoord Jesus:

> "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel."

Ook dit het die vrou miskien gehoor, maar sy dring deur tot voor sy voete en val neer:

> "Here, help my!"

kom die noodkreet uit haar hart. "Ag, my kind tog!" Eindelik rig Jesus Hom tot haar self:

> "Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie."

Hoor jy nou, moedertjie?

Hy is 'n Jood en beskou jou as 'n hond - en jou kind as 'n hondjie! Hy wil jou nie help nie en sal dit ook nie doen nie! Gaan maar huis toe - na jou kind en jou ellende!

***Laat haar verneder***

Maar 'n moederhart is vindingryk en 'n moeder kan ter wille van haar kind maar vertrap word.

Sy weet dat sy nou by die Bron is - en sy weier om haar te laat wegstuur voordat haar kind gehelp is.

Sy glo dat die Here kan help en daarom volhard sy. Hy het die brood om uit te deel - dit het Hyself gesê. Asof sy aan die laaste strooitjie vasgryp sê sy:

> "Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval."

'n Mens laat tog nie jou hond van honger omkom nie.

Hy kry die oorskiet van sy baas se tafel af - al is dit net krummels.

Sy verneder haar nie alleen voor Hom nie, maar sy glo ook in Hom.

Laat Hy haar maar noem wat Hy wil en haar sien as 'n hond, sy laat Hom nie los nie.

***Groot is jou geloof***

Wie is só daartoe in staat as 'n moeder wat elke dag haar bloedeie kind sien ly?

Haar moederliefde en geloof gaan hand aan hand en sy los die Here nie. Sy vang Hom as 't ware in sy eie woorde.

Eindelik kom sy antwoord:

> "O Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê."

Gelukkig staan sy op uit die stof en haas haar huis toe.

En sy neem 'n gesonde kind in haar arms en dank die Here!

***Gelukkige kind***

Gelukkig is die kinders wat sulke moeders het.

Moeders wat hulleself verneder en in die stof laat trap vir hulle kinders.

Moeders wat glo dat die Here uit elke nood kan red - ook uit die greep van die duiwel self.

Waar jou kind ook al dwaal en in watter nood hy of sy ook al is, hou vas aan die beloftes van die Here en hou u kind vas in u gebede voor die Here.

Moet nooit ophou nie, al duur dit ook al jare.

'n Moederhart weet wat moederliefde is en weet ook wat sorge en kommer oor kinders kan wees.

Om te volhard en jouself te verneder, spel ook geloof.

Voor God is 'n mens klein, maar jy kan en mag aan Hom vashou.

'n Verbondskind is ook 'n kind aan wie Hy bepaalde beloftes verbind het. Neem die Here op sy woord en pleit op sy beloftes.

## 36. Jesus - die Fariseërs - die owerspelige vrou

> "Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?" "Niemand nie, Here." "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan en sondig nie meer nie" (Joh. 8:10, 11).

***Jesus van Nasaret, wat sê U?***

Met die gesprek is 'n proses afgesluit.

Jesus sit die môre vroeg rustig in die tempel tussen 'n menigte mense wat aandagtig na Hom

luister.

Hulle drink sy woorde in.

Ineens word hy gesteur deur 'n aantal Fariseërs wat resoluut op Hom afstap.

Almal merk dadelik aan hulle grimmige gesigte dat Hy, die voorwerp van hulle haat, hulle doelwit is.

Tussen hulle loop 'n vrou met neergeslane oë - bang en skaam.

Hulle gaan staan voor hom en maak plek dat die vrou tussen hulle in kan staan - op 'n behoorlike afstand. Vir geen geld ter wêreld sou hulle toelaat dat sy aan hulle raak nie.

Dan spreek hulle Hom aan - sulke huigelary en vroomdoenerigheid!

> "Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?"

Ja, Jesus van Nasaret, jy gaan om met tollenaars en slegte vroue! Sê nou hier voor almal wat jy dink van die wet van Moses!

***Wie gooi die eerste klip?***

Jesus antwoord nie.

Hy buk neer en skryf met sy vinger iets op die grond.

Hy deursien hulle huigelary. Hulle wil Hom vastrek om Hom te kan aankla.

Hy sien hulle haat teen Hom, en merk ook geen sondaarsliefde nie, net veragting vir die mens wat nou 'n handige "geval" is om Hom in 'n lokval te lei.

Hulle meen dat Hy nou vas is en dring aan op 'n antwoord.

Eindelik rig Hy Hom op en sê;

> "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi."

Toe buk Hy weer neer en gaan voort om op die grond te skrywe.

***Gewete geraak - gaan weg óf bly by Jesus***

Die waardige wetshandhawers is in hulle gewete geraak.

Gelukkig kla hulle eie gewete hulle aan.

Ongelukkig sluip hulle een-een weg. Weg van die Verlosser af.

Hulle gewete bestraf hulle, maar hulle is te verhard om dit te erken en bely.

So bly die oordeel op hulle . . .

Eindelik rig Jesus Hom op.

Al die aanklaers het verdwyn - net die vrou staan nog daar.

Gelukkig vir haar het hulle haar betrap.

Gelukkig het hulle haar na Jesus toe gebring.

Gelukkig het sy daar gebly en nie ook skaam-skaam weggesluip nie.

Dit is haar redding.

***Gaan, en sondig nie meer nie!***

Dan volg die gesprek:

> "Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?"

Skugter kom dit oor haar lippe - haar heel eerste woorde tot Jesus:

> "Niemand nie, Here."

Wat verwag sy nou van die Here?

Sy sou onseker en bang afwag wat Hy gaan sê.

Een ding moes sy al besef het: Hy is anders as die Fariseërs.

Maar sou sy nie ook soos Petrus gevoel het nie:

> "Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige vrou?"

Sy sê egter niks verder nie en wag maar.

Op een of ander wyse is sy aan sy teenwoordigheid gebind.

Sy word vasgehou deur iets buite haarself.

Die Here self hou haar vas, want Hy het nog 'n boodskap vir haar:

> "Ek veroordeel jou ook nie.
>
> Gaan en sondig nie meer nie."

So sluit Johannes sy verhaal af: van Jesus en die Fariseërs en die owerspelige vrou.

Ons het nie nodig om iets meer te weet nie. Jesus veroordeel haar nie

Dan sou Hy sy roeping verloën: Hy het gekom om te soek en te red die wat verlore is.

Maar Hy wys vir haar die pad na die lewe aan:

> "Gaan en sondig nie meer nie."

Daarmee sê Hy aan haar: "Bekeer jou van jou sondige lewe." Draai om en keer terug, my dogter! Keer terug na jou hemelse Vader; dit is jou redding.

***Die pad van die lewe***

Die slegte vrou is nie verniet na Jesus gebring nie.

Sy is gebring sodat sy die pad van die lewe mag vind.

Genade is kosbaar - dit het die bloed van Jesus gekos.

Met genade mag 'n mens nie speel nie - niemand nie.

Nie die Fariseërs nie en ook nie die owerspeliges nie.

Wanneer die Here sê:

> "Gaan en sondig nie meer nie," is dit heilige erns.

Sou sy haar ou lewe voortsit, dan was haar oordeel soveel swaarder, want Jesus het haar weg gekruis.

Dan wag nog 'n vreesliker oordeel op haar.

Sou sy omdraai en by die Here bly, dan het sy die ewige lewe.

Dan is sy vry van die bande van Satan en die sonde.

Kom met die sondes van die ydele jonkheidslewe na Jesus toe.

Kom met jou huweliksondes na Jesus toe.

Soek Hom met jou sondige begeertes en drifte.

En bly by Hom, dan is jy veilig.

### *Dankie Here, maar ek bly wat ek is*

Ek dink aan iets wat ek self ondervind het.

'n Man, baie jaloers, het sy vrou van ontrou beskuldig.

Sy ouderling skakel my dat dit weer verkeerd is met die twee.

Ons twee gaan dadelik na hulle huis toe.

Ek het gepleit en die vrou het gepleit dat die man tog moet versoen.

Teen alles in - die Woord van die Here en my voorbidding en vermaninge - het die man onversoenlik gebly.

Dit is nou klaar, hy gaan van die vrou skei.

Eindelik loop ons en hy stap saam tot by die motor.

Hy groet my met die woorde:

Dankie, dominee, dat u gekom het.

Ineens is ek innerlik vervul met toorn en sê driftig vir hom:

As jy nou vir my gesê het: 'Voertsek!' sou ek beter gevoel het! Ons het in die Naam van die Here gekom. Die Woord van God het self met jou gepraat! Ons het gepleit en gebid. Maar jy wil nie luister nie! Hierdie dinge sal teen jou getuig. Die Here laat nie met Hom en sy Woord speel nie!

Sonder 'n verdere woord ry ons toe weg.

Gelukkig het die man met sy vrou versoen en hulle het voortaan soos dit Christene betaam saamgelewe.

Hy het selfs later ouderling geword.

Die Woord van God werk!

## 37. Wat God saamgevoeg het mag geen mens skei nie

> "Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees. Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Matt. 19:5, 6).

### *Fondament van die huwelik*

Ons kan verseker aanneem dat die wortel van die meeste egskeidings hier lê: "Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."

Mans en vroue glo nie meer dat God hulle saamgevoeg het nie.

Hulle glo dat hulle mekaar gevind en gevat het en daarom mekaar weer kan los, wanneer hulle mekaar nie meer kan vind nie.

Die fondament was verkeerd, daarom stort die gebou ineen.

Hulle glo nie dat hulle na mekaar met die hand van God gelei is nie.

Hulle glo nie dat Hy hulle as 'n hulp wat bymekaar pas, saamgevoeg het nie.

Hulle het nie vooraf gebid nie:

> "Here, gee aan my 'n lewensmaat wat by my pas!"

Miskien het hulle wel gebid, maar hulle oë gesluit vir die werklikheid. Hulle lewensopvattings het so verskil dat hulle mekaar nooit sou kon begryp en bystaan nie.

En toe hulle eenmaal getroud is, het hulle nie elke dag opnuut nederig en klein voor God geleef en hulle vreugde en verdriet saam aan sy voete gelê nie.

***Liefdesvlam sterf***

Hulle was ook nie bereid om te bou en te werk aan die heilige verhouding waarin God hulle geplaas het nie.

Gebrek aan wedersydse inspanning om die vlam van liefde en waardering brandende te hou, het ontbreek.

Wanneer selfverloëning en selfoorgawe aan mekaar ontbreek, word die liefdesvlammetjie al kleiner en kleiner totdat dit eindelik geheel sterf.

Per slot van sake is dit alles 'n gebrek aan geloof in die goeie God wat ons so liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun vir ons gegee het.

Die eerste vereiste vir ons Christenskap bly:

> "As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg" (Matt. 16:24).

Beide man en vrou moet die minste kan wees;

die een moet die ander kan vergewe - altyd; beide moet bereid wees om reggehelp te word; beide moet bewys dat hulle mekaar waardeer - altyd; Sê maar: "Ek het jou lief," totdat jy neerslaan. Dit is die olie wat die liefdeslamp laat brand.

God het ons saamgevoeg, nie om mekaar te byt en op te eet nie, maar om 'n hulp vir mekaar te wees - allereers as 'n hulp om Hom lief te hê en te dien.

Doen ons dit saam, dan rus sy seën op ons en is ons "welgeluksalig".

> "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou
> As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter" (Ps. 127).

***Bekeer julle!***

Daarom is en bly die eerste vereiste wanneer huweliksprobleme opduik:

> "Bekeer julle! Keer terug na die Here!"

Egskeiding is nooit 'n noodsaak nie.

Indien daar berou en bekering is, kan ons mekaar altyd terugvind en met die hulp van die Here die brokstukke bymekaarmaak en opnuut begin.

Egskeiding is ook nooit 'n oplossing nie.

Breek 'n mens die band wat God gelê het, dan doen jy sonde.

En sonde dra bose vrugte - vir jouself, jou huweliksmaat, jou kinders, en selfs moontlike toekomstige "huwelike".

Die sonde dra vrugte tot in die derde en vierde geslag.

'n Geskeide mens is nooit weer wat hy of sy tevore was nie.

So 'n persoon dra die geestelike letsel met hom saam, al sou hy weer trou.

En die kinders het nooit weer 'n tuiste nie.

Bowendien is hulle verward en hul harte verdeel tussen 'n pa en ma, wat die benaming dikwels nie waardig is nie.

Hulle groei verskeurd en ongebalanseerd op en kan later self nie in 'n huwelik aanpas nie.

So word die sonde voortgeplant en word altyd erger en al meer lewens word verwoes.

***Bitter gevolge***

Die Here se Woord is waar.

Sy beloftes hou Hy gestand en binne die huwelik, waar mense leef soos Hy wil hê dat hulle moet leef, ontvang ons skatte en gawes wat nooit in ons harte omvat kan word nie.

Alle vooruitsigte en verwagtinge word oortref in die seëninge wat Hy uitstort in ons huwelik.

Maar die Here se Woord is ook waar, wanneer Hy sê:

> "Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."

Hoeveel makliker sou dit wees om ons sondes teenoor mekaar te bely, om te verdra, om die minste te wees, ja, om terug te keer na die Here toe!

Bitter, galbitter is die vrugte en jy vind dit te laat uit. En egskeiding is so finaal - onherroeplik - veral as 'n derde party betrokke is.

Die skreiende breuk bly 'n wond, al sou jy ook vergewing by die Here soek en vind.

***Begin reg en hou so aan***

Eva is uit 'n ribbebeen van Adam gemaak.

Sy was 'n deel van Adam, vlees van sy vlees en been van sy been.

Hoe kan dit dan ook anders?

Skeur 'n mens 'n stuk van jou eie liggaam uit, bly daar 'n ongeneeslike wond.

En dan gaan dit nie in die huwelik om 'n liggaamlike wond nie.

Jy is geestelik mank vir jou lewe.

Daarom: begin met die Here en bly by Hom, want die sonde lê en loer voor julle deur en sy begeerte is na julle.

Deur te skei vlug 'n mens weg vir omstandighede wat jy self geskep het.

En dit kan nooit die Christelike oplossing wees nie.

Struikelblokke kom op ons pad om te oorwin.

En waar ons self deur liefdeloosheid en ongeloof omstandighede veroorsaak wat dit ondraaglik maak, is die enigste weg: soek jou krag op die regte plek en oorwin jouself en jou omstandighede.

Dán het jy rus vir jou siel en uiteindelik ook volle huweliksvreugde.

## 38. Egskeiding en hertrou

> "Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk" (Matt. 19:9).

***"Iets skandeliks"***

Die Fariseërs het met die vraag oor die egskeiding by Jesus aangekom. Hulle wou daardeur weer iets kry om Hom in die moeilikheid te bring. Moses het naamlik bepaal:

> "As 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het, en hy dan 'n skeibrief skrywe en in haar hand gee . . ." (Deut. 24:1).

Onder die Fariseërs self was daar verskil van mening oor wat die woorde "iets skandeliks" beteken. Volgens sommige, die volgelinge van oud-rabbi Hillel, lê die nadruk op die woorde: "as sy geen guns in sy oë vind nie". Dan kan 'n man sy vrou wegstuur ter wille van enige kleinigheid, selfs as sy nie vir hom na sy sin lekker kos kook nie. 'n Ander groep het weer oud-rabbi Shammai se opvatting gehuldig dat "iets skandeliks" alleen op huweliksontrou sien.

***Egskeiding nooit ter sprake***

Jesus wys hulle egter op die instelling van die huwelik. 'n Man moet glad nie dink aan die moontlikheid van 'n egskeiding nie, omdat God die huwelik ingestel het - een man en een vrou - en nie bedoel het dat daar so iets as 'n egskeiding ter sprake mag wees nie.

Waarom redekawel julle oor egskeidingsgronde?

God bind 'n man en vrou vir hulle lewe aan mekaar.

'n Egskeiding behoort hoegenaamd nooit ter sprake te kom nie.

Maar die Fariseërs hou egter vol:

> "Waarom het Moses dan beveel om 'n skeibrief te gee en van haar te skei" (Matt. 19:7).

Hierop is Jesus se antwoord:

> "Omdat Moses weens die hardheid van julle harte toegelaat het om van jul vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie" (Matt. 19:8).

***Behalwe oor hoerery***

Jesus sien die Woord van God in perspektief.

Die belangrikste vir elke man en vrou is om daaraan vas te hou.

God het ons saamgevoeg en ons moet een bly totdat die dood ons skei.

Om egter willekeur en losbandigheid teen te werk, het Moses 'n riglyn gegee op grond waarvan 'n mens tog mag skei, sonder om jouself skuldig te maak;

> ".. . elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, pleeg egbreuk en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk" (Matt. 19:9).

By Israel het die man so 'n groot seggenskap oor die vrou gehad, dat daar alleen sprake is van 'n man wat sy vrou wegstuur. Nêrens word gesê dat die vrou ook van die man mag weggaan, wanneer hy aan haar ontrou is nie.

Ook in die opsig is die vrou in haar ereposisie herstel.

En ons kan dit gerus maar deurtrek na die vrou ook - sy kan en mag ook 'n egskeiding verkry wanneer haar man huweliksontrou pleeg.

***Van die begin af was dit nie so nie***

Tog laat die Here die gedagte nie los nie:

> "van die begin af was dit nie so nie."

Selfs na huweliksontrou kan 'n huwelik nog gered word - na berou en bekering.

Mense kan nog gelukkig saamleef indien hulle waarlik in Christus mekaar hervind.

Eers wanneer een van die twee *volhard* in huweliksontrou, ondanks versoeningspogings, bly daar geen ander weg as egskeiding oor nie.

Na owerspel met 'n ander man of vrou, is die huwelik eintlik klaar verbreek.

Dit is asof die Here met droefheid toegee aan hierdie een egskeidingsgrond.

Hy sou ons so graag wou terugbring by die begin, soos God dit bedoel het.

Gelukkig is dit so dat die gedagte aan 'n egskeiding nooit by duisende getroudes opkom nie, ondanks geskille en selfs onderlinge verwydering.

In Christus vind hulle mekaar altyd weer.

In die Here oorwin ons die sondes wat ons skei en deur sy genade en krag vind ons weer 'n weg na mekaar se harte.

***Wie kan weer trou?***

Soos Moses voeg die Here ook by:

> "en die wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk."

Hier kan ons dit verklaar op voetspoor van Moses in Deut. 24: 1, 2.

Hier gaan dit nie om die "onskuldige party" nie, maar om die een aan wie "iets skandeliks" gevind is - die een wat ontrou was.

Soos ek dit sien, kan die onskuldige party wel weer trou, sonder om egbreuk te pleeg.

Ons moet egter maar net een ding goed onthou:

Gewoonlik het albei daartoe bygedra dat verwydering en uiteindelike ontrou plaasvind.

Daarom bly die waarheid vasstaan:

> "van die begin af was dit nie so nie."

By God is en bly alle dinge moontlik.

En, soos ons reeds vantevore aangetoon het, 'n egskeiding is nooit 'n oplossing nie.

Dit dra soveel vrugte van ellende dat ons alles, ja alles, moet doen om met mekaar te versoen.

Eenmaal geskei is die weg terug na mekaar meestal volkome afgesny . . .

*Nie onvergeeflike sonde nie*

Gelukkig is die Here se sondaarsliefde so groot dat ook hierdie sondes

vergewe kan word.

So het die Samaritaanse vrou, wat al vyf mans gehad het, die weg na die Here Jesus gevind.

Hy het haar ondanks haar swart verlede ontvang in sy liefdevolle arms . . .

Moet dan nie in die nood van eensaamheid en bitterheid teen 'n ontrou man of vrou, wegvlug van die Here af nie.

Moet selfs nie met 'n onreinheid en u huweliksontrou alleen in u sonde-ellende bly sit nie.

> "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11).

> "As U, o Heer, die sonde
> na reg wou gadeslaan,
> wie sou een enk'le stonde
> voor U, o Heer, bestaan?
> Maar nee, daar is vergewing
> altyd by U gewees;
> daarom word U met bewing
> reg kinderlik gevrees" (Ps. 130:2).

# 39. Aan moedershand na Jesus

> "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie . . ." (Mark. 10: 14).

*Moeders met kindertjies*

Die ernstige gesprek oor die huwelik en egskeidings, en die kinderellende wat dikwels daaruit volg, is pas afgehandel.

Dan beskik die Here dit so dat daar iets sonnigs plaasvind wat die ander kant van die huwelik belig.

Onder Jesus se volgelinge is ook moeders met kindertjies.

Die moeders het die Here lief.

En hulle het ook hulle kindertjies lief.

Hulle het waarskynlik onder mekaar daaroor gepraat en besluit om saam hulle kindertjies na die Here toe te bring, sodat Hy hulle kon aanraak.

Hierby is beslis meer betrokke as blote moedertrots wat aan die Here die trots van hulle harte, hulle dierbare en oulike kindertjies, wil wys.

Nee, hulle wil hulle kleintjies laat deel in die gawes van die Here.

Hoe dit bewerkstellig sou kon word, weet hulle nie mooi nie.

Spontaan en impulsief kom hulle egter met die kindertjies op die arms en aan die handjies na die Here toe.

Dit is asof hulle verleë by Hom staan met hulle kindertjies.

Wat verwag hulle eintlik van Hom?

Hy kan tog nie vir hulle preek nie - dit sou die kleintjies nie begryp nie.

Dan vra hulle maar dat Hy hulle moet aanraak, waarom sou hulle moontlik nie kon sê nie.

***Wat begryp kindertjies tog?***

Jesus se dissipels kan ten minste hierdie vrouelogika nie verstaan nie.

Wat verstaan die kindertjies tog?

En waarom moet die Here hulle juis aanraak. Hy is geen towenaar nie?

Boonop is Hy besig met ernstige grootmenssake, waarvan die kinders niks begryp nie.

Hulle pla die Here onnodig deur die klein kindertjies aan Hom op te dring.

Ons hoor hulle driftige teregwysing:

Wat maak julle hier met die kinders? Vat hulle weg - julle val die Here net lastig!

***Laat die kindertjies na My toe kom***

En die Here Jesus?

Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en Hy het vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle."

Gelukkig is die kindertjies welkom by die Here.

Daarom is hulle ook welkom in die kerk, by die erediens.

Ek het my jare gelede al voorgeneem om dit nie vir moeders met kindertjies in die kerk moeilik te maak nie.

Ek wens altyd dat kerkgangers hulle nie so gou deur lastige kindertjies laat steur nie.

Hulle hoort in die kerk en ons moet hulle verdra.

'n Mens moet jou maar inspan om te luister - al is daar 'n woelige kindjie in jou omgewing.

***Hy lê sy hand op hulle***

Vanselfsprekend moet ouers hulle kindertjies leer om stil te sit.

Dit leer hulle baie gou, indien ouers gereeld huisgodsdiens hou.

Hulle vind gou uit dat 'n mens eerbied moet hê vir die Bybel en die Here, en dit is klaar die fondament van die godsdiens.

Bring die kinders na die Here toe, al verstaan hulle nog nie.

Die Here doen wel iets aan hulle, al weet of begryp hulle dit nie.

> "Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën."

Soos altyd met die Here, ontvang die moeders veel meer as wat hulle verwag het.

Jesus raak hulle nie alleen aan nie, maar druk hulle aan sy hart. Daarmee sê Hy duidelik aan moeders en kindertjies:

> "Hulle behoort aan My . . . Ek het hulle lief! Ek ken hierdie kleintjies by die naam."

En dan lê Hy sy hande op hulle en seën hulle. Geseënde kindertjies!

Op julle koppies het die hande van Jesus gelê! Julle is gedoop in sy Naam omdat Hy julle liefhet! Moeders en vaders, bring tog julle kindertjies na Jesus toe!

## 40. Jesus aan die kruis dink aan sy moeder

By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder gestaan. Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy:

> "Mevrou, daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder!"

### *Kind van Maria*

Dit is merkwaardig dat die Here Jesus hier aan die kruis, terwyl Hy besig was om te sterwe, aan sy moeder dink.

In 'n bepaalde opsig dink Hy aan haar as haar "Kind".

Sy het Hom in die wêreld gebring, Hom gesoog, leer loop en praat.

Sy het Hom "opgevoed", in soverre ons dit so sou kon noem.

Sy het die vreugde belewe om sy "moeder" te kon wees.

Sy sou egter van vroeg af 'n sware les moes leer - dat Hy anders is.

Hy is haar *Kind,* maar tog ook meer as haar *Kind.*

Hy is haar Here - en dit het sy moeilik en pynlik moes leer.

Daar het 'n tyd aangebreek dat Hy haar nie meer "moeder" genoem het nie.

Toe sy by die bruilof in Kana Hom nog as *Kind* wou behandel, sê Hy:

> "Waarom sê u dit vir My, Mevrou" (Joh. 2:4)?

Dat sy iets daarvan besef het dat haar verhouding tot Hom nou anders geword het, blyk daaruit dat sy nie aanstoot neem nie.

### *Jesus skep afstand*

Sy het immers al vroeër, toe Hy twaalf jaar oud was, uit sy mond gehoor:

> "Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?" (Luk. 2:49).

Hy het doelbewus afstand geskep tussen haar as "moeder" en Hom as "Seun". Dit was vir haar gewis pynlik om te sien dat Hy die band deursny. Sy sou seker dikwels moes dink aan die boodskap van engel Gabriël:

> "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die Een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God" (Luk. 1:35).

Sy sou ook onthou wat die ou Simeon vir haar in die tempel gesê het:

> "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding vir baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan" (Luk. 2:34, 35).

***Swaard deur jou siel***

Om by die kruis te staan is vir elke mens 'n swaard deur die siel.

Elkeen wat "tot geloof kom, word immers saam met Christus gekruisig en saam met Hom opgewek tot 'n nuwe lewe.

Maar wie kan ooit besef hoe moeilik Maria dit daar by die kruis ervaar het?

Inderdaad het die swaard deur haar siel gegaan.

Sy sou, ook soos sy dissipels, nie kon begryp waarom sy weg so moes wees nie.

Van die begin af het sy geweet en geglo dat Hy die Christus is. Maar dat die Christus aan die kruis sou sterwe, het sy sekerlik nie verwag nie - net so min as sy getrouste dissipels. En nou staan sy daar en sien die skouspel. Haar Here - en haar "Kind" sterf soos 'n misdadiger aan die kruis. Hoe sou sy dit as moeder kon verdra? Dit is om van te beswyk!

***Hy dink aan haar***

Maar dan kyk Hy na haar en praat met haar:

> "Mevrou, daar is u seun."

Hy noem haar nie, "moeder" nie en tog lê daar iets van 'n erkenning in dat Hy aan haar as "moeder" dink.

Hy erken dat sy Hom as "Seun" verloor en wys Johannes aan as "seun" in sy plek.

Hy aanvaar ook verantwoordelikheid vir haar versorging, soos 'n seun vir sy moeder.

Hy laat haar nie onversorgd agter nie, maar vertrou haar toe aan sy mees vertroude vriend - "die dissipel vir wie Hy baie lief was."

Na sy opstanding en hemelvaart sou die swaard uit Maria se siel vervang word deur blydskap en verwondering.

Sy sou haar in haar Verlosser, wat ook haar Seun was, verbly.

Sy sou egter nooit kon vergeet dat Hy in besonder in sy sterwe aan haar as sy moeder gedink het nie.

***Dink aan jou moeder***

As volgelinge van Jesus is ons ook sy navolgers in hierdie voorbeeld.

Hoe dikwels gebeur dit dat selfs 'n ou man in sy sterwe na sy moeder roep.

Maar ons moet ook aan ons moeders dink, terwyl daar nog geleentheid is om iets vir hulle te doen.

Ons mag ons moeders nie aan hulle lot oorlaat wanneer hulle oud en hulpeloos geword het nie.

Dikwels het ons dit so druk met onsself en ons eie gesin dat 'n ou en hulpelose moeder of vader vergeet word.

# 41. Jou liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees

> "Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie" (1 Kor. 6:19).

***Die vraag-sonder-antwoord***

Moderne skrywers hou aan ons voor dat hulle die *waarheid* moet skryf. Daarmee bedoel hulle eintlik die *sondige werklikheid.*

Dit is die soort dinge wat in die diepgesonke en vervalle samelewing plaasvind, maar dan ook sonder om sogenaamd doekies om te draai, soos dit werklik plaasvind met vuil en lasterlike taal en al. Ook die lelikste en grofste dade word tot in besonderhede geteken. Hulle boodskap sou dan wees om die dinge so te beskrywe dat dit die samelewing *skok* en tot besinning moet bring, sê die letterkundiges. Ons word gestel voor allerlei lewensvrae wat die niksseggende leegheid van die lewe tuisbring. Hulle skryf egter so dat hulleself geen antwoord op die vrae gee nie. Hulle vroetel maar net rond in die modder-put en, indien die Naam van God gebruik word, is dit net as 'n vloekwoord. Hulle voer ons mee na die diepte van die nihilisme, die "vraag-sonder-antwoord."

Indien daar 'n God sou wees, het Hy alleen maar net "'n gemors" van die lewe gemaak en gee geen leiding of anker vir die vervalle of dekadente mensbestaan nie, is hulle uiteindelike boodskap.

***Die Bybel doen minder en tog ook meer***

In Romeine 1 gee Paulus ook aan ons iets van so 'n gesonke en vervalle samelewing.

Hy doen egter minder en tog ook meer as moderne skrywers.

Hy doen minder deur nie die sensuele gedagtes en dade en vuil woorde in besonderhede weer te gee nie.

Hy noem wel hulle gesonke lewe en dade by die naam.

Hy toon egter die oorsaak daarvan aan: omdat hulle God losgelaat het en daarin doen hy meer as moderne skrywers.

> "Daarom gee God hulle in die drange van hulle hart oor aan sedelike onreinheid sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer" (Rom. 1:24).
>
> "Daarom gee God hulle oor aan hulle skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar" (Rom. 1:26, 27).

Teen-natuurlike omgang tussen vrou-en-vrou en tussen man-en-man is en bly sonde.

Paulus sien dit selfs as tekens van die oordeel van God oor 'n samelewing wat Hom losgelaat het.

***Wys ook weg van verlossing aan***

Maar Paulus veroordeel die dinge nie alleen as sonde nie.

Hy toon ook die pad uit hierdie doodloopstraat wat die mense vir hulleself geskep het.

Die pad is: keer terug na God.

Die Here het self vir alle mense weer 'n uitsig gegee om uit die modderput te kom, deur die verlossing in Jesus Christus.

***Alles is my geoorloof***

Teen die agtergrond het die gemeente in Korinte ontstaan.

Die stad was ook bekend vir sy sedelose uitspattinge.

Dit lyk selfs asof die gemeente nog nie mooi kon besef dat hulle sedelike onreinheid moet ontvlug, omdat hulle in Christus gereinig is nie.

Hy haal dan 'n tipiese gesegde aan wat by die Korintiërs bekend sou wees, en wat hulle miskien self gebruik het:

> "Alles is my geoorloof" (1 Kor. 6:12).

Dit is 'n tipiese heidense opvatting.

In ons tyd sou ons dit "humanisties" noem.

Dit beteken dat die mens, sy insig, sin en wil, die deurslag gee.

In die "vryheid" van elke mens mag niemand anders inmeng en hy mag deur niks in die uitlewing van sy eie "vryheid" aan bande gelê word nie.

***Mens sy eie afgod***

Dit is ook maar heidens, al sier ons dit met die deftige naam "humanisme."

Dit beteken maar net dat die mens sy eie afgod geword het.

Paulus se antwoord op hierdie gesegde "dat alles my geoorloof is" is egter:

> "Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis nie! Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie?" (1 Kor. 6:15-19).

***Gees van God beheers ons liggame***

Hier gee Paulus vir elke kind van die Here 'n maatstaf waarvolgens hy sy hele lewe moet inrig.

Die Heilige Gees woon in ons liggame, daarom:

> "Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie" (Gal. 5:16).

En hoe word 'n mens beheers deur die Heilige Gees?

Die duiwel beheers ons deur ons sondige begeertes te prikkel en ons te verlei om daaraan toe te gee. Wanneer ek sou sê:

"Alles is my geoorloof . . ." Ek doen wat ek wil.

**Of:**

Ek is nou eenmaal verslaaf of gewoond aan sensuele danse en vrye omgang met meisies - en wat is per slot van sake daarmee verkeerd? Dit is maar net so natuurlik soos "eet en drink" . . .

Dan speel jy in die hand van die duiwel.

Hy praat jou voor soos hy vir Eva voorgepraat het.

***Die Heilige Gees eis gehoorsaamheid***

Nee, God het van Adam en Eva gehoorsaamheid aan sy woord geëis. En die Heilige Gees

doen dit ook so. Hy werk met en deur die Bybel. Dit beteken allereers dat jy jou losbandige lewe as sonde moet erken.

En die sonde-erkenning moet jou bring tot berou daaroor en jy moet dit voor Christus bely en vergewing vra.

En wanneer jy weet dat jou sonde vergewe is, ook die seksuele sondes, hoe erg dit ook al mog wees, neem die Heilige die leiding in jou lewe oor. Jy breek met die sonde en leef deur die krag van die Gees in gehoorsaamheid aan die Bybel.

Onder andere is die praktyke van ons sondige natuur:

> "Onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid" (Gal. 5:19).

Daarteenoor is die vrugte van die Gees:

> "liefde, vreugde, vrede, geduld . . . selfbeheersing" (Gal. 5:22, 23).

Niemand kan sê:

> "My liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees", indien hy of sy daarin volhard om in onsedelikheid, onreinheid en losbandigheid voort te lewe nie.

# 42. Paulus beantwoord vrae oor die huwelik

> "God het julle geroep om in vrede te lewe" (1 Kor. 7:15).

***Dit is goed om ongetroud te bly***

Paulus begin hierdie hoofstuk so:

> "Ek kom nou by die dinge waaroor julle aan my geskryf het."

Die gemeente in Korinte het, vanweë hulle heidense agtergrond, met allerlei vrae oor die huwelik te kampe gehad.

Daaroor het hulle aan Paulus geskryf en nou beantwoord hy dit.

Hy bly klaarblyklik egter nie alleen by die vrae nie, maar bespreek ook aanverwante sake.

Wanneer hy sê:

> "Dit is goed vir 'n man om sonder 'n vrou te lewe"

bedoel hy daarmee nie dat dit so moet wees nie, maar dat dit onder bepaalde omstandighede die beste vir 'n man is.

Vanweë sy eie werk, as rondreisende sendeling, was dit vir hom in elk geval beter om nie getroud te wees nie. So mag dit ook met ander mans onder ander omstandighede wees.

***Vermy onsedelikheid binne en buite die huwelik***

Hy voeg egter daarby:

> "maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man."

Die Here het die geslagsdrang immers in 'n mens ingeskape. Dit is derhalwe 'n natuurlike behoefte by man en vrou om met mekaar omgang te hê.

Later voeg Paulus hierby:

> "Maar as hulle nie in onthouding kan leef nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word" (v. 9).

'n Mens mag nie jou geslagsdrange buite die huwelik uitleef nie, maar binne die huwelik kan jy dit met vrymoedigheid en vreugde doen. Ook binne die huwelik moet jy egter eerbaar lewe - mekaar liefhê en respekteer. Rusie en metodes om geboorte te verhoed, is vir die Bybel ook "onsedelik" (Hebr.13:4). Daarom:

> "Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy" (5).

***Egskeiding oor geloofsverskille***

Teen die agtergrond dat baie vroue gelowig geword het, soos dit gewoonlik by die sending plaasvind en hulle mans heidene bly, bespreek hy nou die moontlikheid van egskeidings, onder sulke omstandighede. Voorop stel hy dieselfde beginsel wat Christus teenoor die Fariseërs stel:

> "Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Matt. 19:6).

Paulus stel dit so:

> "Die getroudes beveel ek - nee, nie ek nie maar die Here - dat 'n vrou nie van haar man mag skei nie" (10).

In so 'n "gemengde" huwelik, waar 'n gelowige met 'n ongelowige in dieselfde juk trek, kan 'n vrou (of man) genoodsaak word om te skei. Die ander party kan dit so moeilik maak dat dit onmoontlik word om verder saam te lewe.

Maar:

> "As sy tog skei, moet sy daarna ongetroud bly of haar met haar man versoen. Net so mag die man ook nie van sy vrou skei nie" (11)

Ons moet hierby goed in gedagte hou dat die mense getroud was, toe een van die twee gelowig geword het.

Die verskil in geloofsoortuiging het nie bestaan toe hulle mekaar leer ken en liefgekry het nie.

Dit mag selfs wees dat 'n heidense man sy vrou sou dwing om mee te doen aan heidense afgodsfeeste. Dit verbied die Here. Daarom mag sy hom daarin nie gehoorsaam nie. Dit kan uiteindelik so moeilik word dat sy nie by hom kan bly nie - ter wille van haar geloof.

***Bly na egskeiding ongetroud***

Indien 'n meisie of jong man teen hulle beterwete in, gedryf deur hartstogte, tog met 'n ongelowige in ons tyd sou trou, haal só 'n mens self die ellende die huwelik binne.

Daarom moet ons ons lewensmaat biddend soek en seker wees dat hy of sy by ons diepste lewensbeginsels aanpas.

Selfs al sou so 'n egskeiding noodgedwonge volg, mag so 'n gelowige vrou of man nie weer trou nie, sê Paulus.

Sy moet daarna ongetroud bly of met haar man versoen.

Is dit te veel gevra?

Nee, want vir die Here is die huwelik heilig en onverbreekbaar.

Ek sou sê dat ons in die Bybel net een egskeidingsgrond het:

Dit is "hoerery" (Matt. 19:9).

In so 'n geval, lyk dit vir my, asof die onskuldige party weer kan trou, volgens Matt. 19:9 gelees teen die agtergrond van Deut. 24:1, 2.

In ons hoofstuk gaan dit egter vir Paulus nie om "hoerery" nie, maar om "geloofsverskille."

Indien iemand op die grond wil skei, moet so 'n persoon ook die konsekwensie aanvaar om verder ongetroud te bly.

***Ouers en kinders binne die verbond***

Maar, net soos die Here Jesus, pleit Paulus dan om liewer nie te skei nie.

Of die persoon 'n gelowige man of vrou is, hulle moet liewer saamleef met hulle wettige vrou of man, al is die ander een 'n heiden.

Dit gaan immers ook om die verbond van God met ouers en kinders:

> "Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God" (14).

God sien so 'n gesin nog as 'n wettige "verbondsgesin", want Hy het die verbond met ouers en kinders gesluit.

Die Here wil nie hê dat die heilige huweliksband verbreek moet word nie.

Selfs in so 'n gesin behoort die kinders aan die Here.

Die gelowige party in die huwelik moet die kinders opvoed in die vrees van die Here.

***Vry om weer te trou***

Oor die ongelowige party in die huwelik het Paulus, en ook die kerk in ons tyd, niks te sê nie.

Indien hulle sou wou skei, kan hy daar niks aan doen nie.

> "As die ongelowige egter wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie" (15).

Dan sou, meen ek, so 'n man of vrou ook vry wees om weer te trou.

En tog:

> "God het julle geroep om in vrede te lewe. Want hoe weet jy, vrou, of jy jou man sal red? Of jy, man, hoe weet jy of jy jou vrou sal red?"

Samevattend kan ons oor die egskeiding sê:

Paulus gee hoegenaamd geen wettige "egskeidingsgrond" nie.

Hy kom uiteindelik tot die slotsom dat ons as gelowiges binne die huwelik, selfs met 'n ongelowige, ons roeping die beste kan uitleef.

Dit mag selfs lei tot die redding van die ander party in die huwelik.

# 43. "En die grootste hiervan is die liefde"!

> "En die grootste hiervan is die liefde: (1 Kor. 13:13).

***Christelike liefde en huweliksliefde***

1 Korinte 13 is die bekende lied oor die liefde.

Paulus sing hier nie van die "huweliksliefde" nie, maar van die Christelike liefde in die algemeen.

Maar ons kan dit tog ook toepas in die huwelik.

Indien 'n man sy vrou of kinders, wat die allernaaste aan hom is, nie liefhet nie, hoe sou hy enige ander mens kan liefhê?

Die Here eis van ons:

> "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself' (Matt. 22:39).

Dieselfde eis hou Paulus ook aan die getroude man voor:

> "Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame" (Ef. 5:28).

***Liefde 'n gawe van God***

Dit is en bly waar: alle Christelike liefde vloei ons uit Christus toe.

Dat mense mekaar haat, is nie vreemd nie. Dit is eie aan ons sondige natuur.

Maar dat ons mekaar onbaatsugtig liefhet, is 'n wonder.

Dit is 'n geskenk uit die hand van die Here en word in ons harte gewerk deur die wedergeboorte uit die Woord van God en die Heilige Gees (Gal. 5:22; 1 Petr. 1:22, 23).

Vir die ware Christelike liefde kom die dank geheel en al aan die Here toe.

***Pas 1 Korinte 13 toe in jou huwelik***

Hoe ouer 'n mens word en hoe langer jy met ander mense saamlewe, hoe duideliker word dit vir jou: die liefde is 'n onbegryplike wonder.

So is dit ook met die liefde binne die huwelik.

Jy word geskaaf en gevorm om al meer en meer geduldig en vriendelik te word teenoor vrou en kinders.

Daarteenoor ontgroei jy al meer afguns, grootpraterigheid en verwaandheid.

En binne die huwelik handel jy nie onwelvoeglik nie, soek nie jou eie belang nie, is nie liggeraak nie en hou nie boek van die kwaad nie.

Jy verbly jou nie daarin om vrou en kinders te veronreg nie.

Jy verlekker jou nie daarin om hulle op hul plek te sit nie, maar:

Jy "bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles"

Vanselfsprekend ken alle ware liefde ook vermaninge en tug, maar dit is 'n uiting van die liefde.

"Verdra" beteken nie dat jy sondes moet verdra nie, maar dat jy wel in liefde kan vermaan of teregwys, omdat jy die persoon liefhet en aan hom alles ten beste gun. Jy verdra hom of haar altyd, omdat jy liefhet.

***Die liefde vergaan nooit nie***

Ja, binne die huwelik vergaan die liefde nooit nie.

Dit bly 'n lopende fontein, solank ons maar uit die Bron lewe.

En waar op aarde is daar so 'n goeie teelaarde vir geloof en hoop" as juis binne die huwelik?

Die Here het dit geweet van die begin af.

Daarom het Hy ons man en vrou geskape, as 'n hulp wat by mekaar pas.

Juis daar kan ons saam bou aan die geloof.

Wanneer die een twyfelmoedig is, kan die ander een hom of haar onderskraag.

Geloofsbou is so 'n heerlike taak binne die huwelik.

En juis omdat ons mekaar liefhet, bou ons mekaar op en is ons bereid om ons deur ons geliefde te laat vorm tot eer van God.

Ook daarom het die Here sy verbond gesluit met ouers en kinders.

Juis omdat die gelowige ouer sy kind liefhet, en die skat van die geloof in Christus besit, gun hy dit sy kind ook van harte.

Dit is vir die Here die sekerste weg en middel om die geloof as 't ware voort te plant - binne die huis waar die liefde woon.

En die hoop?

Omdat ons ons harte en hande verenig, kyk ons met dubbele sekerheid die toekoms in.

Ons hoop is saam gerig op die heerlikheid wat wag, om met Christus te kan wees.

Wanneer 'n lewensmaat ons vooruitgaan in die dood, treur ons, maar nie soos hulle wat geen hoop het nie.

En die liefde bly, tot die einde toe.

En in die heerlikheid is dit nog veel ryker, al bestaan die huweliksband nie meer nie.

## 44. Die huwelik is 'n geheimenis

> "Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit." (Ef. 5:32).

***Twee word een***

Die geheimenis begin al in die Paradys. Daar lees ons alreeds:

> "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef.
> En hulle sal een vlees wees" (Gen. 2:24;Ef. 5:31).

Is dit nie 'n geheimenis dat 'n jong man sy vader en moeder verlaat nie?

Is dit nie 'n geheimenis dat hy sy vrou aankleef, 'n lewe lank nie?

En dat hulle twee een vlees word.

"Een vlees" sien selfs nie in die eerste plek op geslagsomgang nie.

Eintlik moet ons lees:

> "En hulle sal een mens word."

Die geestelike eenheid is die oorwegende element, net soos elke mens se gees oor sy liggaam regeer.

In die eenwording sien ons die Goddelike wyding wat aan die huwelik gegee word.

Hulle vorm as 't ware 'n mistieke eenheid, waarin elke nuwe opkomende gesin sy band vind.

Hierin is die geslagtelike eenheid 'n onderdeel, en nie die belangrikste deel nie.

***Twee in een geweef***

Die geheimenis bestaan daarin dat daar onsigbare bande, ook onbegryplik vir ons verstand, tussen twee mense tot stand kom.

Hulle word so inmekaar verweef dat hulle, al het hulle uiteenlopende karaktertrekke, tog uiteindelik as 'n eenheid lewe en optree.

In die huwelik word twee afsonderlike mense een harmonieuse saamlewe - "een mens".

Die feit is een van die belangrikste skeppingswonders.

Die lewe op sigself is alreeds 'n wonder, maar die ineenvoeging, sonder versmelting, is 'n klimaks van die skeppingsmag en skeppings-heerlikheid van God.

***Onbegryplik vir ongelowige***

Wanneer die Skrif oor 'n geheimenis of misterie praat, wil dit nie in die eerste plek sê dat die saak self onbegryplik is nie.

Die bedoeling is dat die natuurlike of ongelowige mens hierdie dinge nie verstaan nie.

Dit moet geestelik, in die lig van die Skrif, onderskei en ondersoek word.

> "Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie.
>
> Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word. Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel" (1 Kor.2:14, 15).

***Openbaring van geheimenis***

Die openbaring van die geheimenis het 'n lang ontwikkelingsgang gehad.

Die eerste mense het wel 'n duidelike en, tog maar weer, 'n byna "primitiewe" kennis van die geheimenis gehad.

En tog het die gelowiges in die Ou Testament veel duideliker begryp waarom dit gaan by die huwelik as die mees geleerde moderne ongelowige sielkundige.

Hulle het begryp dat die eenheid van die vlees, of mens, deur God so beskik is.

Hulle het ook verstaan dat hulleself en hulle huwelik die werk van God is.

Hulle het selfs in die eenheid van man en vrou in die huwelik iets gesien van die liefde van God tot hulle, sy skepsele.

***Verbondsgeheimenis***

En dan sluit God sy verbond met Abraham en sy nageslag.

Eindelik word dit dan duidelik dat hierdie verbondsverhouding sy gelykenis terugvind in die verhouding tussen man en vrou (Hos. 2:18, 19). In die Nuwe Testament word dit nog duideliker, want hier is ook die werklikheid nuut.

Christus kom na die aarde en word "een vlees" met sy volk.

Hy word "mens" soos ons in alle opsigte, behalwe dat Hy geen sondaar is nie.

Hy is die Bruidegom en sy gemeente is die bruid.

> "Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk" (Ef. 5:32).

Van hierdie twee-eenheid, Christus en sy gemeente, is elke Christelike huwelik 'n afbeelding.

## 45. "Mans julle moet julle vrouens liefhê"

> "Mans julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het" (Ef. 5:25).

***Soos Christus***

Op Golgota is Jesus van Nasaret gekruisig.

Daar het Hy sy lewe gegee vir sy bruid, sy kerk op aarde.

Dit was selfs meer as wat ons "lewe" sou noem, want Hy het sy bruid losgekoop uit die hel ...

Daartoe moes Hy die helse smarte en pyne dra, wat sy sou moes dra.

> "Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het."

Daarby kom geen man ooit nie.

Maar dit verwag die Here ook nie van ons nie.

Ons kan immers nie doen *wat* Hy gedoen het nie, maar ons moet doen *soos* Hy gedoen het.

Al sou ons duisend maal vir ons geliefde vrou sterwe, dan sou ons haar nimmer uit die hel kan loskoop nie.

Dit kon Christus alleen doen.

Maar elke man, wat sy vrou liefhet, kan homself oorgee vir sy vrou.

Hoeveel mans het al inderdaad in die loop van die geskiedenis hulle lewe afgelê vir die behoud van vrou en kind?

En tog is dit dikwels nie so maklik om elke dag jou lewe af te lê vir jou vrou nie.

Dit beteken dat jy jou "ek" ter wille van haar kruisig.

Jy vergeet jouself en dink aan haar eer as vrou, haar belange as mens, haar swakheid teenoor jou, die sterke, wat kan maak en breek as jy dit sou wil doen.

Jy ontsien haar en beskerm haar en dra haar desnoods in jou sterk arms.

***Hoof maar geen tiran nie***

Jy is deur God bo haar geplaas, nie as tirannieke heerser nie, maar as liefhebbende eggenoot.

Sy besit jou hart as man - háár man.

En jy gee as man die liefde van jou hart alleen aan haar.

Jy sien jou vrou met 'n geheiligde hart en verligte oë, asof deur die oë van Jesus.

Jy ken haar swakhede en help haar daaroor heen.

Wanneer sy struikel is jy byderhand om haar op te help met teerheid en begrip, want jy het haar lief.

Jy oorlaai haar smal skouers nie met oormatige eise en onbillike laste nie.

Jy weet waartoe sy in staat is en wat bo haar kragte na liggaam en gees uitgaan, en jy verwag nie meer as wat sy kan gee nie.

Sy sal gewis dikwels in jou oë faal en teen jou sondig.

En tog bly sy jou enigste geliefde, en jy vergewe met 'n blymoedige hart ...

Wanneer leed en verdriet haar deel is, huil sy op jou skouer en stort aan jou hart haar nood uit.

Jy is vir haar 'n toevlug by wie sy met vrymoedigheid alles kan uitkerm wat haar druk of haar seermaak.

***Jy leef en werk vir haar***

'n Man wat so liefhet dat hy homself vir sy vrou kan oorgee, kan nie moeilik en bitter en hard wees nie.

Praat van aanpassingsprobleme, waaroor in ons tyd gedurig gepraat en geskryf word . . .!

Dit is vir jou gering, want jy ken geduld en jy neem haar in ag.

Jy benader haar met teerheid en liefde en jy ontlok die rykste gawes aan haar, wat 'n vrou maar kan gee.

Jy werk vir haar en ter wille van haar.

Jy voed en koester haar, want sy is vir jou soos jou eie liggaam.

> "Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, want niemand het ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus dit met sy kerk doen omdat dit sy liggaam is . . ." (28, 29).

Waarlik hier was Paulus se pen gedoop in die ink van die Heilige Gees.

Hier is die Here Jesus self aan die woord; Hy wat Homself vir sy bruid oorgegee het.

Hy kan dit van elke man eis en Hy gee dit ook aan elkeen wat uit Hom lewe.

***Die Heilige Gees leef en werk in jou***

Met die ink van die Heilige Gees skryf Hy sy wet op ons harte:

> "Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe" (Hebr. 8:10).

Ook die wet:

> "Jy moet jou vrou liefhê soos jouself."

Jy het immers met God en met jouself tot klaarheid gekom:

> "Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees" (Hebr. 8:10).

Jy het jouself lief, omdat God jou liefhet.

Jy ken jouself en het selfrespek ontvang, omdat God jou liefhet.

Jy lei nie aan 'n minderwaardigheidskompleks en moet daarom jou vrou byt en opeet, om jouself teen haar te kan handhaaf nie.

Het jy jouself gevind in God - opgevang in sy liefde - dan het jy ook die vermoë om vrou en

kinders te respekteer en lief te hê soos jouself.

Dan eers vloei die besef, wat jy in haar en jou kinders ontvang het, jou hart binne.

***Die geheimenis vir jou***

Ook dit maak die huwelik 'n geheimenis wat die wêreldmens nie ken nie.

Jy kan veel van die sielkunde leer, maar by die diepte kom jy alleen deur die genade van Christus.

So alleen vind die geheimenis in jouself plaas, want jy sien jouself, jou vrou en jou kinders met 'n geheiligde hart en verligte oë.

My geluk en vreugde as man in die huwelik is om my vrou altyd opnuut te verras met die varsheid van my liefde en blydskap om haar te kan hê as die hulp wat by my pas.

## 46. "Vrouens, wees aan julle mans onderdanig"

> "Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is" (Ef. 5:22).

***Emansipasie***

Nee! Hoor ek uit duisend vroue-kele.

Ons is gelyke vennote met ons mans in die huwelik!

Ons is nie meer slavinne wat binne-in die huis opgesluit sit nie.

Ons is nie net daar om aan die mans kinders te gee en groot te sukkel nie.

Ons is vrygemaak van die bande en staan oog-in-oog teenoor ons mans.

Ons is selfs "beroepsvrouens" en kan alles doen wat die man doen.

Ons hoef vir geen man agteruit te staan nie.

***Geheimenis raak soek***

Ja, die vrou is gelyk aan die man en kan alles doen wat die man doen.

Maar kan sy egter nog doen wat 'n vrou moet kan doen?

Kan sy nog dit doen waarvoor sy geestelik en liggaamlik gemaak is?

Het die vrou met haar emansipasie nie ook baie van haar vroulikheid verloor nie?

Die "geheimenis", waarvan Paulus hier praat, ken sy ook veelal nie meer nie.

> "Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die Hoof van die Kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees" (Ef. 5:23, 24).

***Afvallig***

Wat gebeur wanneer die kerk "emansipeer"? Wat word van die kerk, indien "sy" sou sê:

Ek wil nie meer aan Christus, my Verlosser, onderdanig wees nie! Ek gaan teenoor Hom staan en eis van Hom dat ek sy gelyke is. Ek wil nie meer aan Hom gehoorsaam wees nie!

Dan word die kerk die "afvallige". Dan word sy "Babilon, die groot hoer" (Openb. 17-19).

***Die oog op Christus en sy gemeente***

Die man moet *soos* Christus homself vir sy vrou oorgee.

Dit is die kern van die uiting van die manlike liefde teenoor sy vrou.

En die vrou moet aan die man onderdanig wees, *soos* die gemeente aan Christus onderdanig is. Dit is die kern van haar liefde vir die man.

In die onderdanigheid kry die vrou se liefde haar gestalte.

Daarin sien ons die "geheimenis" van die vroulike liefde.

Dit is mos nie vir ons as Christene te veel gevra om onderdanig en gehoorsaam aan ons Bruidegom, Jesus Christus, te wees nie!

Hy het ons immers so liefgehad dat Hy Homself vir ons oorgegee het.

En wanneer my man my so liefhet dat hy homself vir my oorgee, is dit tog ook nie te veel gevra van my as vrou om aan hom gehoorsaam en onderdanig te wees nie.

Ek het êrens gelees van 'n vrou wat gesê het:

My man het my so lief dat ek bly en dankbaar is om die kans te kry om aan hom gehoorsaam te wees.

***Die gelukkige Christenvrou***

So moet jy jouself sien as Christenvrou:

My man is nie my baas nie, maar hy is as hoof oor my gestel deur die Here.

Ek is die koningin binne my koninkrykie in ons gesamentlike huis en gesin.

Vir my man is ek die hawe waarheen hy kan terugkom na 'n dag van arbeid en moeite en stryd om aan my hart uit te rus.

Ek eer hom en gee aan hom die mooiste skatte wat ek besit, en waarvoor hy alles oorhet.

En hy het my so lief dat dit alles vir my louter vreugde is om hom te gehoorsaam en te dien met die gawes na liggaam en gees, waarmee die Here my toegerus het.

Die geheimenis ken die geëmansipeerde vrou nie.

Die "unisex"-aanhangers begryp hiervan niks nie.

Die "beroepsvrou", wat alles kan doen wat die man doen, verloor dikwels haar eie roeping as vrou.

Nimmer kan ons die wette van die Here uitdaag, sonder om wesenlik skade te ly aan die diepste geheimenis wat die Here in ons harte as vrouens geweef het nie.

***Bewaar jou selfrespek as vrou***

Ons vrouens se grootste lewensvreugde lê juis in die geheimenis opgesluit.

Ons is so geskape - om 'n hulp vir ons mans te wees - 'n hulp wat by hulle pas.

Dit hou geen vernedering vir enige vrou in om aan haar man onderdanig te wees nie.

Dit bewaar haar juis in haai' selfrespek as vrou.

Die beginsel geld ook vir die vrou dat sy haar eie waarde voor God moet begryp.

Hy is ook haar God wat haar liefhet, sodat sy ook haarself mag liefhê.

Dit maak van haar 'n gebalanseerde mens wat nie aan 'n minderwaardigheidskompleks ly nie.

Sy is nie minderwaardig, omdat sy haar man as hoof erken en aanvaar nie, maar juis dan is sy 'n volwaardige Christin.

***Ontdek skatte in jou huwelik***

Dan het sy haar man so lief soos sy haarself het, en die Here eis niks meer as dit van enige mens nie.

So leef jy nie alleen jou roeping uit nie, maar ontvang jy die grootste vreugde denkbaar in jou huwelik.

Dan leer jy die geheimenis van die huwelik in Christus begryp en belewe.

En jy verwonder jou steeds weer opnuut oor die rykdomme aan geestelike en liggaamlike vreugdes, wat in jou huwelik ontsluit word.

Ek lees van 'n man en vrou wat mekaar so liefgehad en gerespekteer het. Die vrou is pas veertig en het bloedkanker:

Hulle is, sedert sy siek geword het, meer as ooit op mekaar ingestel. Die kontak wat altyd reeds in ruime mate tussen hulle aanwesig was, het in hierdie maande uitgegroei tot 'n byna volmaakte aanvoeling van elkeen se stille wens en elke stemmingsnuanse van die ander een.

Dit is die geheimenis van die huwelik op sy mooiste.

***In alles wat reg en billik is***

Die Here verwag nie van jou as vrou om soos 'n "jellievis" te wees nie.

Hy verwag nie dat jy moet toegee en buig voor al jou man se grille, al is hy ook al hoe onredelik nie.

Daarom sê ons huweliksformulier juis:

> "U moet u man liefhê en eer en aan hom gehoorsaam wees in alle sake wat reg en billik is . . ."

As Christen staan die vrou tog ook selfstandig teenoor haar man as sondaar.

Ook in die opsig is sy 'n hulp wat by hom pas.

Juis sy kan met liefde en vroulike takt hom oor baie swakhede en sondes heenhelp, indien sy as "mens van God" haar roeping uitleef.

Die vrou het juis in die opsig die besondere toerusting en gawes om haar eie man op die beste manier te help en hom teen homself, sy "eie ek" te beskerm.

Sien saam op na die Here en buig voor Hom:

> "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt" (Jak. 1:5).

Die man met 'n wyse vrou het 'n baie kosbare gawe van die Here ontvang.

# 47. Die "geheimenis" tussen ouers en kinders

> "Vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaninge soos die Here dit

wil" (Ef. 6:4).

"Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie" (Kol. 3:21).

### *Geheimenis van ouerliefde*

In beide hierdie uitsprake bind Paulus, soos die verhouding tussen man en vrou, so ook die verhouding tussen ouers en kinders vas aan die liefde van Christus.

'n Vader of moeder wat hulle kinders opstandig maak of vertoorn, is self 'n toornige of opvlieënde mens.

So 'n mens het nog nie werklik tot klaarheid met homself gekom oor wie en wat hy voor God is nie.

Hy voel minderwaardig en ken nog nie sy eie waarde voor God nie. Eers wanneer hy weet dat God hom liefhet en hoé lief Hy hom het, kan hy homself na waarde skat; homself om Christus ontwil waardeer en liefhê.

Eers wanneer ons onsself sien as voorwerpe van God se genade, kan ons ons kinders ook so sien en hulle liefhê soos onsself.

### *Sien jouself eers in regte lig voor God*

Dieselfde geld van die vader of moeder wat gedurig fout vind met hulle kinders.

Eers wanneer jy met jouself voor God tot klaarheid kom, sien jy jou kind gebalanseerd. Dan het jy hom lief soos jouself.

Dan dink jy eers aan eie foute voordat jy jou kind verneder en afkraak.

Deur gedurig foute by jou kind te sien en te benadruk, kweek jy by hom die gesindheid dat hy niks wat reg is kan doen nie.

Hy raak moedeloos en kweek 'n minderwaardigheidskompleks aan.

Dit dra vrugte dwarsdeur sy lewe heen.

Ontwrigte kinders is gewoonlik die onbetaalde rekening van ouers.

Ouers stel nie die regte voorbeeld in hulle verhouding teenoor mekaar nie.

Hulle leef ook nie elke dag soos kinders van God behoort te leef nie.

Hoe kan 'n ouer wat self driftig en opvlieënd van geaardheid is, van sy kind iets anders verwag?

As ons mekaar en ander mense gedurig wil byt en opeet, doen ons kinders dit mettertyd ook.

### *Stel jouself onder tug van die Here*

Eers wanneer ons onsself stel onder die tug en vermaning van die Here, is ons in staat om ons kinders te tug en te vermaan soos die Here dit wil hê.

Is 'n vader self driftig en onbeheersd wanneer hy sy kind vermaan of tug, maak dit die kind self opstandig.

Hy sal hom noodgedwonge onderwerp, solank hy bang is vir sy pa, maar die dag kom wanneer hy onder sy pa se greep uitkom en hom net so driftig verweer.

Skreeu jy op jou kinders, kan jy verwag dat hulle mettertyd terug sal skreeu.

Vloek en skel jy op hulle, doen hulle dit naderhand ook met jou en met ander mense en

eindelik met hul eie kinders.

"Die sondes van die vaders word besoek aan die kinders",

sê die tweede gebod, en dit is en bly altyd waar.

Die Here straf hulle nie doelbewus vir die sondes van die vaders nie, maar die sonde van die vader lê soos 'n las op hulle nageslag. Dit word selfs voortgeplant van geslag tot geslag.

***Kind sien homself as 'n groot mislukking***

Soek jy gedurig fout by jou kinders en hoor hulle weinig of geen lof of aanmoediging nie, maak jy hulle moedeloos.

Naderhand meen hulle dat hulle niks goed en reg kan doen nie.

Hulle is sommer net sleg in eie oë en een groot mislukking in die lewe.

Dit word so 'n groot deel van hulle persoonlikheid dat hulle lewenslank onder die ban van minderwaardigheid gebuk gaan.

Gelukkig kan die Here sulke mense, wat van ongebalanseerde ouers afstam, "regmaak" deur sy genade.

Dit is egter veel moeiliker om 'n persoonlikheidsgebrek of sondige geaardheid te oorwin wanneer jy eers daaraan vasgegroei het, as om dit in jou kindertyd af te leer.

Buig 'n boompie solank hy jonk is.

'n Groot boom, wat skeef gegroei het, kan nie meer gebuig word nie - dan breek dit eerder.

***Opstandig of moedeloos***

En wie sê so 'n opstandige of moedelose kind sal ooit regkom?

Die Here alleen weet hoeveel skade sulke kinders ly.

Ek het vir 13 jaar kontak gehad met gevangenes.

Ek het daar talle jongmanne aangetref wat in hulle eie oë nooit verkeerd is nie, al sit hul vir misdade in die tronk.

Baie ander se houding is dat hulle sommer net "sleg" is, omdat niemand tog verwag dat hulle goed kan doen nie.

Dit is sommige van die "opstandige" en "moedelose" eertydse kinders waarvan Paulus praat.

Gelukkig gryp die Here self soms in die lewe van sulke mense in.

Maar dan doen Hy dit gewoonlik hardhandig.

Hy verbrysel deur skande en skade om mense tot insig te bring, dieselfde mense wat eertyds deur hulle ouers met foutvindery en oormatige toorn en skeldwoorde geterg is.

Ek het gelees van 'n Christelike gesin in Rusland.

Die ouers het die gebruik om eers te bid, voordat hulle 'n kind tug.

Dit is die veiligste weg vir elke ouer, dan sal jy in elk geval nie in die hitte van jou toorn genadeloos straf nie.

Wat 'n "waagstuk" is dit - menslik beskou - dat God tere en ontvanklike kindertjies toevertrou aan sondige en onvolmaakte ouers. Geen mens durf so 'n verantwoordelikheid aanvaar in eie krag nie.

Gelukkig is die kinders met ouers wat hulle liefhet en met wysheid, in die vrees van die Here grootmaak, soos Hy wil hê.

## 48. Die vrou vind haar redding in moederskap

> "Maar sy sal haar redding vind in moederskap." (1 Tim. 2:15 — Nuwe Vertaling).
>
> "Maar sy sal gered word deur kinders te baar." (Ou Vertaling).

### *Waarom moet die vrou onderdanig wees*

Oor hierdie uitspraak van Paulus het daar by verklaarders, deur die eeue heen, groot verskil van mening bestaan.

Ek wil nie op al die moontlikhede ingaan nie.

Ek sluit maar aan by hulle wat dit uit die verband verklaar.

Paulus is besig om te skryf oor die gedrag van mans en vrouens binne die erediens.

Die leiding in die erediens, sê hy, berus by die man.

> " 'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer . . . Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna. Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het"(11-14).

Hier verwys Paulus na die skepping van man en vrou - Adam, die man, is eerste gemaak en daarna Eva, die vrou.

Daarom moet die vrou aan die man onderdanig wees.

Maar Eva het haar ook deur die slang laat verlei - en nie Adam nie.

Oor die sonde het Eva, en die vrou in die algemeen, 'n besondere straf ontvang:

> "Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers" (Gen. 3:16),

### *Moeite en smart verander deur die geloof*

Die ontvangs en geboorte van kinders word, as gevolg van die sonde, vir die vrou 'n moeitevolle en smartlike ervaring waaraan sy nie kan ontvlug nie.

Daarby het haar man 'n heerser en tiran geword as gevolg van die sonde.

En ondanks die man se harde meesterskap, kan sy nie sonder hom leef nie.

Haar begeerte gaan uit na die man. Sy kan nie anders nie, hoewel hy in hardheid oor haar heers.

Dit is die troostelose vooruitsig vir die vrou, omdat sy haar laat verlei en haar man ook verlei het.

En tog kom daar al gou 'n genadige verandering:

> "En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe" (Gen. 3:20).

Daaraan dink Paulus wanneer hy sê:

> "Maar sy sal gered word deur kinders te baar."

Adam en Eva het geleer om deur die geloof te sien. Alreeds in die vloek oor die slang of Satan sê die Here:

> "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt" (Gen. 3:15).

***Kindergeboorte word 'n seën***

Langs die weg van die kindergeboorte word die vrou die instrument van God om die mensdom te verlos.

Uit die nageslag van Eva word die Messias, of Christus, gebore.

Hy het gekom en die kop van die slang vermorsel.

So het die vrou, deur kinders te baar, redding gevind.

Sy het moeder geword - die moeder van almal wat lewe.

In die lig van die werklikheid wat die gemeente belewe, sien Paulus nou meer as Adam, wat sy vrou Eva genoem het.

Christus het immers klaar gekom en die redding is bewerk - wel merkwaardig: nog steeds deur 'n vrou as instrument: Maria die moeder van Jesus.

Paulus praat egter van die Christenvrou in die algemeen.

Geen vrou kan deur moederskap haarself red van die ewige verderf nie.

Hy skryf aan vrouens wat alreeds glo en dus gered is.

Hy wil egter aantoon dat soos Eva se oordeel deur die kindergeboorte tot seën of redding verander is, so is die kindergeboorte vir elke gelowige vrou.

Deur die genade van die Here is die besondere straf wat op die vrou gelê is, in die geboorte van kinders, juis in die opsig tot 'n seën gemaak.

En die kindergeboorte bly vir elke gelowige vrou 'n seën.

Deur die moederskap word haar lewe gevul met ongekende saligheid en heerlikheid.

Dit geld alreeds vir hierdie lewe.

Wat kan op aarde vir 'n vrou opweeg teen moederweelde?

Waar kan sy haar anders so in verbly as in die kinders wat uit haar gebore is?

***Moeder van 'n nuwe menslike geslag***

En dit is nog maar die begin - 'n swakke afbeelding van die heerlikheid wat vir haar as moeder wag in die ewigheid.

Die Christenvrou word in werklikheid moeder van die nuwe menslike geslag - die geslag wat die nuwe aarde onder die nuwe hemel eenmaal sal bevolk.

So is sy die moeder van die bruid van Christus, sy gemeente.

En straks sal die vrou sien tot watter oorweldigende heerlikheid sy haarself en haar lewe geoffer het, deur aan kinders geboorte te skenk.

In die ewige lig van God se onbegryplike genade, is die moeite van die swangerskap en die

smart van die kindergeboorte verander tot saligheid, redding en uiteindelik die ewige heerlikheid.

Sonder swangerskap en kindergeboorte sou nooit tot vervulling kon kom, wat ons in Openbaring 7 lees nie:

Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kan tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan.

Hulle het wit klere aangehad en daar was palmtakke in hulle hande. Hulle het hard uitgeroep:

> "Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!" (7:9, 10).

Dink daaraan, Christenvrou, dat jy geroep is om uit jou eie liggaam te help om die heerlike nuwe aarde te bevolk.

So sal ook jy jou redding in moederskap vind.

Vervul jou roeping as vrou deur moeder te word en kinders te hê en hulle vir die Here groot te maak.

Dit is jou saligheid of redding en nie om die man se plek te probeer inneem in kerk, staat en maatskappy nie.

## 49. Die huwelik en gebedsverhoring

> "... omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is - sodat julle gebede nie verhinder mag word nie"(l Petr. 3:7).

### *Mede-erfgename*

Vrouens moet aan hulle eie mans onderdanig wees, sê Petrus. Hulle roeping binne die huwelik, teenoor die mans, sien hy so:

> "Vrouens, julle moet aan julle eie mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die Woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie" (1 Petr. 3:1).

Daarteenoor sê hy van die mans:

> "Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder" (1 Petr. 3:7).

In hierdie uitspraak verkies ek die meer letterlike weergawe daarvan in ons ou Bybelvertaling, veral in die laaste gedeelte van die vers:

> "omdat julle mede-erfgename van die genade van die lewe is - sodat julle gebede nie verhinder mag word nie."

Petrus gebruik hier in die oorspronklike taal 'n uitdrukking wat ook gegeld het vir die toewysing van die erfenis van die stamme van Israel, toe hulle Kanaän as erfdeel ontvang het.

Elke stam se erfenis is deur die lot aangewys. Dit is dan deur God self beskik en aan hulle gegee asof uit sy hand.

So ontvang man en vrou mekaar as 'n erfenis uit die hand van God.

Hy beskik dit so deur elke vrou as 't ware met die hand na haar man te lei (Huweliksformulier).

Ons ontmoet en besit mekaar nie deur eie berekening of deur die toeval nie.

God gee ons aan mekaar.

***Erfgename van verbondsbelofte***

Vir Petrus is dit egter selfs nie die hoofsaak nie.

Ons eintlike erfenis is 'n gesamentlike besit, waarin ons mede-erfgename is.

Man en vrou erf gesamentlik die "genade van die lewe" of "die lewe as genadegawe".

Hier bedoel Petrus nie ons natuurlike lewe nie, maar die "ewige lewe" of ware lewe. Dit is die lewe wat ons as 'n genadegawe van God ontvang deur wedergeboorte en geloof.

Die Christelike huwelik is 'n normale huwelik voor God eers wanneer man en vrou albei gelowiges is.

Dan besit ons ons volle gesamentlike erfenis.

Dit is ons erfenis uit die verbond van God met ons voorgeslag.

Die stamme van Israel het ook hulle erfenis ontvang, omdat God dit aan Abraham, Isak en Jakob belowe het.

Daarom is dit so uiters noodsaaklik dat ons met 'n gelowige man of vrou in die huwelik tree.

Dan besit ons albei die erfenis van die genade van die ewige lewe.

Op die grondslag kan ons 'n gesin stig en bou, 'n verbondsgesin.

Ons erflating aan ons kinders is dan nie, in die eerste plek, aardse besittings nie, maar 'n geestelike erfenis - die genade van die lewe.

Hoe ryk is 'n gelowige man en vrou nie!

Ons ontvang mekaar as ons "deel" uit die hand van God.

Ons erf saam die genade van die ewige lewe.

En die Here gebruik ons om dit deur te gee aan ons nageslag.

***Die Here saam dien en aanbid***

Sulke rykdomme plaas ons egter in 'n posisie van groot verantwoordelikheid teenoor God en teenoor mekaar.

Vrouens moet aan hulle mans onderdanig wees en voorbeeldig lewe.

Mans moet verstandig met hulle vrouens saamlewe en aan hulle eer bewys.

Maar, bo alles moet ons die Here saam gelowig dien.

Dan eers is ons huwelik soos God dit wil hê.

En dien man en vrou God saam, dan neem die gesamentlike gebed 'n baie belangrike plek in die huis in.

'n Man en vrou bid saam!

Begin gerus maar so, jongman, as jy vir jou 'n lewensmaat soek. Ja, ook die jongmeisie moet

gelowig en biddend wag op die man wat God vir haar beskik het.

En voordat julle kan trou moet julle seker wees dat julle altyd saam sal kan bid.

Dan eers bou julle jul huis op 'n vaste fondament.

***Hoe is 'n ware gebed?***

Die huis waarin die gebed 'n sentrale plek inneem, is 'n gelukkige, 'n geseënde huis.

> "Daar gebied die Heer sy seën."

Om dit enigsins te begryp, is dit goed om te weet hoe 'n ware gebed daar moet uitsien.

Op die vraag hoe ons moet bid, gee die Kategismus 'n baie leersame antwoord:

> "Eerstelik dat ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, van harte moet aanroep ..."

Om God, die enige ware God, aan te roep, moet ons Hom reg ken. Ons ken Hom alleen reg as ons sy Woord reg ken.

Daarom besoek ons gereeld en getrou die eredienste in die kerk.

Daar neem die verkondiging van sy Woord die sentrale plek in.

En daaruit leer ons Hom ken.

Dit is egter hoegenaamd nie genoeg nie.

Ons besit almal 'n Bybel en moet dit ook gesamentlik, en persoonlik gebruik en ondersoek.

Deur getroue huisgodsdiens en Skrifondersoek leer ons Hom beter ken, en hierin mag ons nie met die minste tevrede wees nie.

Dit gaan vir ons en ons kinders om die "ewige" lewe, waarteenoor hierdie aardse lewe 'n druppel in die emmer is.

En wat ons vooruitsig op die ewigheid is, hang daarvan af hoe ons ons tyd op aarde ten beste bestee.

En die huisgesin is ook die aangewese plek om die Bybel rustig te ondersoek en te leer om die enige ware God reg te ken.

***Julleself reg ken en gelowig bid***

Ons Kategismus gaan voort:

"Ten tweede, dat ons ons nood en ellendigheid reg en grondig moet ken, sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit sal verootmoedig".

Ken 'n mens God, die Hoë en Verhewene en Heilige reg, dan ken jy ook jouself reg.

En dan is jy klein en in die gesin is julle saam klein voor Hom en selfs teenoor mekaar.

Ons is so diep afhanklik van sy genade alleen.

In die derde plek, sê ons Kategismus dat ons gelowig moet bid.

En dan is ons geloof daarop gegrond dat Christus vir ons die genade verdien het. Daarom verhoor die Here ons gebede.

***Leef so dat God julle gebede verhoor***

Kom ons knoop nou Petrus se vermaning hieraan vas.

> ". . . sodat julle gebede nie verhinder mag word nie" (Ou Vertaling).
>
> "Dan sal julle bid sonder dat iets julle hinder" (Nuwe Vertaling).

Vanselfsprekend is dit vir ons moeilik en hinder dit ons self om te bid, wanneer ons verhouding as man en vrou versteur is.

Maar ek meen tog dat die Ou Vertaling die oorspronklike gedagte beter weergee.

Die bedoeling is nie, in die eerste plek, dat dit vir ons moeilik sal wees om te bid nie, maar dat God so 'n gebed nie verhoor nie.

Ons gebede bereik nie sy genadetroon nie, omdat ons nie eensgesind en gelowig bid nie. Die toegang van ons gebed tot God word verhinder.

Indien jy so bid ken jy God nie reg nie en jou eie ellende ook nie.

Daarom kan die gebed nie sy doel tref nie - dit is geen ware gebed nie.

Ons moet onsself ondersoek en na mekaar kyk, soos die Here dit van ons verwag.

> "Mans, bewys eer aan julle vrouens as die swakker geslag."
>
> "Vrouens wees aan julle mans onderdanig."

Dit is die harmonie in die huwelik. So kan ons tot God nader en ons voor Hom opreg verneder en gerus vertrou dat ons gebede, om Christus ontwil, verhoor word.

En daarsonder kan ons nie "lewe" nie.

Ons is immers mede-erfgename van die genade van die lewe.

### *Wanneer twee saamstem in die gebed*

Is daar êrens op aarde nog 'n situasie waarin die belofte van Christus in Matt. 18:19 só ryk in vervulling kan gaan, as juis binne die huwelik:

> "Voorwaar Ek sê vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemel is."

Waar elders op aarde ken twee mense mekaar se gemeenskaplike doel en strewe so goed as juis in die huwelik?

Waar elders stem en voel twee mense so saam oor enige saak waarvoor hulle wil bid, as juis binne die huis as man en vrou?

Daarom is die verhoring van hulle gebede 'n deel van hulle erfdeel as mede-erfgename.

Waarlik, die Here is goed deur ons aan mekaar te gee. Ons leef saam en bid saam en ons gesamentlike gebede word verhoor, omdat daar harmonie tussen ons is.

Ons stem saam omdat ons een van sin en wil is.

# 50. Die "bruid" van die Antichris

> "Ek sal jou vertel wat die verborge betekenis is van die vrou en van die dier wat haar dra . . ." (Openb. 17:7).

### *Eerlose saamlewe*

Hier kan ons in werklikheid nie praat van 'n "bruid" nie.

Dit gaan immers nie om 'n ware huwelik nie, maar 'n sedelose verhouding.

Hier is ook nie sprake van werklike mense, wat in ontug saamleef nie, maar die vrou en die dier dui op iets wat hulle afbeeld.

Die Christelike huwelik is 'n afbeelding van en 'n heenwysing na die verhouding tussen Christus en sy bruid, sy kerk.

Hierdie sedelose verhouding is die teëbeeld van die Christelike huwelik en 'n voorstelling van die verhouding tussen die *Antichris,* die mens van die sonde (2 Tess. 2:3, 4) en die *afvallige* eertydse "kerk" van Christus (2 Tess. 2:3).

Ons praat nog van die Europese of Westerse nasies as die "Christelike nasies."

Al ons westerlinge is dit egter lankal nie meer nie.

Baie westerlinge het Christus lankal afgesweer en Hy is dikwels al vir geslagte 'n vergete Wese.

Hulle het afvallig geword (2 Tess. 2:3).

Hulle het wel gedurende die laaste paar eeue die wêreld verower.

Al die onderontwikkelde lande het hulle gekoloniseer.

Hulle het die skatte van die wêreld verower en ryk en verryk geword.

### *Oorheers die nasies*

In ons Ou Vertaling van die Bybel lees ons by Openb. 17:1 van haar:

> "wat op die baie waters sit".

Die "baie waters" of die "see" (Openb. 13:1) is 'n voorstelling van die nasies van die wêreld (Openb. 17:15).

Hierdie vrou het dus heerskappy oor die wêreld verkry.

In Openbaring 17:7 word die vrou gedra deur die dier met sewe koppe en tien horings.

Van hom lees ons elders:

> "En toe het ek 'n dier uit die see uit sien kom met tien horings en sewe koppe" (Openb. 13:1).

Verderaan in die hoofstuk lees ons dan hoe hy lyk en wat hy alles doen.

Hy is wreed en meedoënloos en goddeloos. In hom vind ons die trekke terug wat Paulus toeskryf aan die Antichris of mens van die sonde:

> "Die dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie. Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo hulle verhef. Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is"(2 Tess. 2:3, 4).

### *Verbind en haat mekaar*

Die "dier uit die see," die Antichris, en Babilon die onsedelike vrou, die afvallige Christendom, het derhalwe 'n verhouding aangeknoop.

Ons kan dit nie 'n "huwelik" noem nie, maar hulle lewe saam soos 'n man en vrou.

Hulle strewe na dieselfde ideaal: oorheersing van die mensdom.

Die vreemde woord wat in ons tyd so bekend geword het: "détante", beskryf hierdie verhouding moontlik op sy beste.

Hulle beoefen 'n "vreedsame naasbestaan", hoewel hulle tog innerlik mekaar verfoei ... en vrees.

Eindelik word die verbintenis beëindig:

> "Die tien horings wat jy gesien het, en die dier, hulle sal die sedelose vrou haat en haar kaal en verlate maak. Hulle sal haar vleis opeet en haar met vuur verbrand" (Openb.17:16).

So gaan die afvallige Christendom uiteindelik onder.

Wanneer dit sal gebeur weet die Here alleen, maar ons moet wel let op die "tekens van die tye".

In ons tyd sien ons benouende tekens wat dringend tot waaksaamheid besinning en bekering roep.

Sal ons miskien in ons tyd nog die loflied uit die hemel hoor:

> "Geval, geval het die grote Babilon," (Openb. 18:2).

Daarom:

> "Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie" (1 Kor. 10).

Sedeloosheid is altyd 'n gewisse teken van die afval van Christus af. Waar sedeloosheid, dit is hoerery, sodomie, lesbianisme en andere beoefen en goedgekeur word, is die kerk nie meer bruid van Christus nie, maar 'n sedelose vrou.

## 51. "Die bruilof van die Lam het aangebreek"

> ". . . die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereedgemaak" (Openb. 19:7).

### *Halleluja!*

In hierdie hoofstuk word 'n "Halleluja-koor" gesing.

Ons hoor die stemme van 'n groot menigte wat in die hemel hulle "halleluja!" laat weerklink oor die val van Babilon die sedelose vrou. En dan:

> "Ek het toe iets gehoor soos die geluid van 'n groot menigte, soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer. Hulle het uitgeroep: Halleluja! . . . Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereedgemaak."

### *Volkome heerlikheid vir die bruid*

Hier het ons die één bruilof, die bruilof wat elke ander bruilof oortref.

Dit is die bruilof waarna elke ware huwelik op aarde uitgeroep het.

Dit is die vervulling van dit waarvan ons in ons huwelik maar die "beginsel" van die vreugde ken.

Hier breek die dag van volkome vreugde en heerlikheid vir die bruid van die Lam aan.

Sy kerk, sy strydende en lydende bruid, bereik haar bestemming.

Sy gaan haar Bruidegom tegemoet:

> "God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek. Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges" (Openb. 18:8).

***Maak self haar bruidskleed***

Die bruid het gewerk aan haar bruidsgewaad.

Met vreugde en blydskap het sy die spinwiel laat draai en die weefstoel hanteer om haar bruidskleed klaar te kry vir hierdie dag.

Dit het soms bloed en trane gekos om vol te hou, want haar doodsvyande: die duiwel, die wêreld en haar eie bose begeertes het nie opgehou om haar aan te val nie.

God het egter genadiglik gegee dat sy kon uithou en aanhou tot die einde toe.

Sy het geluister na die stem van haar Bruidegom wat na haar hart gepraat het:

> "My skape luister na my stem; Ek ken hulle en hulle volg My" (Joh. 10:27).

Sy het geluister, sy stem gehoor en dit ernstig opgeneem.

Dit het haar hart geraak - sy liefdesverklaring en sy liefdesbewyse.

Hy het nie alleen in liefde gefluister, gewink en geroep nie.

Hy het Homself vir sy bruid oorgegee en haar gekoop, nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed.

En eenmaal sy bruid, het Hy haar nooit losgelaat nie:

> "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Joh. 10 :28).

***Geheim van Christus se Bruid***

Dit is die geheim van hierdie bruid se bestaan en voortbestaan.

Van begin tot einde is sy die eiendom van haar Bruidegom.

Hier leef en werk en ly sy met die oog op die heerlike vereniging wat in vooruitsig is.

Sy werk om sy koms te verhaas, want sy het Hom lief en wil by Hom wees.

Ywerig spin en weef sy aan die bruidsuitset.

En innig en dringend kom die versugting uit haar hart:

> "Kom Here Jesus! Kom tog gou!"

Die nag het al ver gevorder en die dag is naby. Kom ons sing saam met die hemelinge:

> "Geseënd (salig) is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is" (Openb. 18:9).

En intussen het ons as mans elkeen sy vrou, die bruid van ons jeug.

En ons as man en vrou het 'n roeping in ons huwelik.

Soos ons Bruidegom, die Lam van God, moet ons onsself oorgee vir die vrou wat die Here ons gegee het.

En soos die bruid, die gemeente of kerk, moet ons gehoorsaam wees aan die man wat God oor my gestel het.

So gaan ons hand aan hand die bruilof van die Lam tegemoet, as sy bruid wat haar vir Hom gereedgemaak het.